# BOER-SEUN

Memoires van 'n Anglo-Boereoorlogseun



CHRIS SCHOEMAN

# BOERSEUN

# Memoires van 'n Anglo-Boereoorlogseun

CHRIS SCHOEMAN

*Opgedra aan die Du Preez-familie*

# Inhoud


Inleiding

1 Die Du Preez-familie
2 Vroeë lewe op Wonderkop
3 Agtergrond tot die Anglo-Boereoorlog
4 Wonderkop en die Wittebergen
5 Oproep tot kommandodiens
6 Na die front en terug
7 Die ontberinge van oorlog
8 Vlug voor die Britte
9 Gevangene
10 Indië
11 Umballa en Solon
12 Vrede en repatriasie

13 Winburg-konsentrasiekamp
14 Heropbou van Wonderkop

Slot
Notas
Gekeurde bibliografie

# Inleiding

Gepubliseerde Boerdagboeke en -memoires oor die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) is volop. Die skrywers wissel van figure in gesagsposisies soos generaal Christiaan Rudolf de Wet (*Three Years' War*), generaal Jan Christiaan Smuts (*Memoirs of the Boer War*), generaal Ben Bouwer (*Memoirs of General Ben Bouwer*) en generaal Pieter Hendrik Kritzinger (*In die*

*skaduwee van die dood*), tot gewone burgers op kommando soos Deneys Reitz [1] (*Commando: A Boer Journal of the Boer War*), Roland William Schikkerling (*Commando Courageous: A Boer's Diary*) en Dietlof Siegfried van Warmelo (*Mijn commando en guerilla commando-leven*).

Dit is almal weergawes deur mense wat beskou kan word as volwasse mans ten tyde van die oorlog, selfs iemand soos Deneys Reitz, wat slegs sewentien jaar oud was toe die oorlog uitgebreek het. Maar sover vasgestel kon word uit geskrifte in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein is daar geen gepubliseerde persoonlike herinneringe van iemand wat so jonk as

nege of tien jaar gedurende die oorlog was nie. Die skrywer J.C. Steyn het wel ’n boek, *Veg en vlug*, gepubliseer wat herinneringe bevat van mense wat kinders was ten tyde van die oorlog – uittreksels uit artikels wat in die 1930’s in *Die Huisgenoot* verskyn het. Daar is ook fiksie oor die sogenaamde “penkoppe”, soos die Boerejeugdiges op kommando genoem is, en ’n algemene werk, *Penkoppe van die Tweede Vryheidsoorlog 1899–1902*, deur Pets Marais. *Boerseun* is dus uniek in die sin dat dit ’n persoonlike relaas is, geskryf etlike jare na die oorlog, deur ’n individu wat sy oorlogsondervindinge weergee as ’n agt-, nege- en tienjarige seun op ’n Oos-Vrystaatse plaas, asook

in die krygsgevangenekampe in Umballa en Solon (ook na verwys as Solan) in veraf Indië.

Charles du Preez is in November 1891 gebore en het agt jaar oud geword net na die uitbreek van die oorlog in Oktober 1899. Hy het sy negende verjaardag gevier op die familieplaas Suid-Wonderkop, en sy tiende terwyl hy saam met sy vader, Philip, in 'n berg op die plaas teen die Britse troepe geskuil het. Na hul gevangeneming is hulle as krygsgevangenes na Indië gestuur, ten spyte van Charles se jeugdige ouderdom. Hulle het aanvanklik 'n tyd lank in die krygsgevangenekamp in Umballa gebly, maar is later verskuif na die koeler klimaat van die kamp by Solon aan die

voet van die Himalaja-gebergte. Hoewel daar baie jong seuns in die kampe was, was die tienjarige Charles du Preez op daardie tydstip die jongste Boerseun in die kamp by Solon.

Dis selde dat twee lede van dieselfde gesin hul herinneringe opteken oor ’n sekere tydperk of gebeurtenis, maar Charles du Preez, die Boerseun van hierdie boek, sowel as sy moeder Charlotte het ’n relaas geskrywe oor hul belewing van die Anglo-Boereoorlog. Terwyl al twee vir ’n deel van die oorlog op Suid-Wonderkop in die Oos-Vrystaat gewoon het, het Charles die bykomende ondervinding gehad van skuil teen die Britse soldate in die berg saam met sy vader, asook van ’n tydperk

in Indië as een van die jongste krygsgevangenes. Sy moeder en jonger boetie en sussies is na die konsentrasiekamp op Winburg geneem, en die gesin is eers na die oorlog herenig.

Die Anglo-Boereoorlog was al ’n paar maande aan die gang toe Charlotte besluit het om hul lotgevalle gedurende die oorlog vir haar nageslag op te teken. Sy het begin om op ’n gereelde basis haar ondervindinge op die plaas en terwyl hulle vir die Britte gevlug het neer te pen. Haar man, Philip, moes ’n paar keer op kommando gaan voordat hy op Britse bevel tot die plaas ingeperk is. Ongelukkig het sy van die bladsye van haar memoires verloor, maar wat behoue

gebly het, is nietemin 'n waardevolle rekord van 'n Boeregesin se lewe gedurende die Anglo-Boereoorlog.

"Ek is seker my nageslag sal verheug wees om te weet wat my ondervindinge gedurende hierdie droewige tyd was," het sy in 'n kort inleiding tot haar herinneringe geskryf. "Daarom het ek besluit om iets daaroor te skryf, sodat hulle dit later jare mag lees. Dit sou goed wees indien elke moeder haar ondervindinge kon opteken ter nagedagtenis van hierdie bloedige en onregverdige oorlog. Dié oorlog tussen Engelse en Afrikaners, of Boere, soos die vyand ons helde genoem het."[2]

Kort voor Charlotte se dood in 1949 het dominee Henry Charles Hopkins, 'n

kleinseun van haar oudste broer en skrywer van die biografie van kommandant C.A. van Niekerk (*Maar een soos hy*), Suid-Wonderkop besoek. Charlotte het dit goedgedink om die twee manuskripte (haar en haar seun s'n) aan hom te skenk. In 1983 het die dominee weer die plaas besoek en die twee manuskripte aan Charles du Preez se familie terugbesorg. Charles se broerskind, Helgard du Preez, het die manuskripte, wat in Hollands-Afrikaans geskryf was, in Afrikaans vertaal vir gebruik deur die familie. Hy het ook bykomende tekste geskryf oor die familie-genealogie, aspekte van die vroeë geskiedenis van die omgewing en die boerdery op Suid-Wonderkop.

Gedurende die 1960's is 'n bandopname tydens 'n onderhoud met Charles oor sy Boereoorlog-ondervindinge deur sy dogter, Estelle Lombaard, gemaak. Hy was toe al in sy sewentigerjare, maar steeds baie helder van verstand, en hy het nog geboer op die plaas The Willows, twee kilometer oos van Suid-Wonderkop. Dié bandopname is goedgunstig vir transkripsie aan my beskikbaar gestel vir gebruik in hierdie boek. Daar is breedweg ooreenkomste tussen die geskrewe manuskrip en die bandopname, maar daar is baie feite wat in die bandopname vermeld word en nie in die manuskrip nie, of andersom. Die twee bronne is gevolglik gebruik om mekaar

aan te vul en die volledigste weergawe van Charles du Preez se herinneringe weer te gee, wat vervolgens in ’n ander lettertipe met ’n onewe regterkantlyn verskyn.

Ongelukkig is min bekend van Charles se vader se lewe op kommando. ’n Interessante brief van hom aan sy vrou, gestuur vanaf die krygsgevangenekamp in Solon, het behoue gebly en word in die Oorlogsmuseum in Bloemfontein bewaar.

’n Geskiedenis van die Du Preez-familie in Suid-Afrika is in 1962 onder die titel *Du Preez Gedenkboek* uitgegee. Met die verskyning daarvan is ’n familiereünie in die Paarl gehou, waartydens Charles van sy

oorlogservaringe vertel het. Familielede van Charles wat steeds op Wonderkop, in Ficksburg en Bloemfontein woon, veral sy broerskind Helgard du Preez, sy dogters Charlotte-Anne van Niekerk en Estelle Lombaard, en sy kleinseun Dupré Lombaard van Plettenbergbaai, was besonder behulpsaam om bykomende inligting oor Charles en sy vroeë lewe op Suid-Wonderkop te verskaf.

Om 'n meer volledige perspektief aan hierdie geskrewe en mondelingse herinneringe te verleen, is uittreksels uit dagboeke, briewe en boeke oor die Anglo-Boereoorlog met betrekking tot gebeure in die spesifieke Oos-Vrystaatse omgewing ook gebruik. Die briewe van Margaret Marquard,[3] vrou van dominee

J.J.T. Marquard van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op Winburg, wat sy aan haar man en familie gedurende die oorlog geskryf het, was byvoorbeeld baie nuttig om gebeure in die Wonderkopomgewing toe te lig.[4] Ewe waardevol was die memoires van dominee J.D. Kestell, wat die kommando's van generaal Christiaan de Wet deur die Oranje-Vrystaat vergesel het. Hy beskryf onder andere 'n treurige, eensame Kersfeesnag in hul kamp by Wonderkop gedurende die oorlog.[5] Generaal De Wet se weergawe van die Anglo-Boereoorlog, *Three Years' War*, is op sigself 'n waardevolle bron wat insig bied in die gebeure in die Oos-Vrystaat.

Dagboeke van krygsgevangenes dra ook baie by om 'n meer volledige prent te skilder van die lewe in die krygsgevangenekampe in Indië, veral dié van Jan Geldenhuys (in manuskripvorm in die Oorlogsmuseum in Bloemfontein) asook dié van Stephanus Francois Hugo (*Die Dagboek van Krygsgevangene Stephanus Francois Hugo*), dominee D.J. Viljoen (*Die Kampbeskrywings van ds. D.J. Viljoen*, ingesluit in die *Christiaan de Wet Annale, No. 9*), Gustav Preller (*Ons Parool: Dae uit die Dagboek van 'n Krygsgevangene*), H.L. "Manie" van Rooyen (*Ek was 'n krygsgevangene in Indië in 1902*) en J.A. du Toit se manuskrip in die Kaapse Argief, *Ter Gedachtenis Myner*

*Gevangeneschap te Umballa Indië: Aantekeningen in Myn Dagboek*.

Bronne van 'n meer algemene aard, maar ewe waardevol, was Coen Groenewald se *Bannelinge oor die oseaan: Boerekrygsgevangenes 1899–1902*, J.H. Breytenbach se omvattende reeks van ses volumes getiteld *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899–1902* en Owen Coetzer se *Fire in the Sky: The Destruction of the Orange Free State 1899–1902.*


Ek het die oorspronklike dokumente so akkuraat as moontlik aangehaal en vertaal, wat beteken het dat sommige neerhalende woorde wat in hierdie bronne gebruik is, herhaal is. Geen

aanstoot word hiermee bedoel nie.

Ek was bevoorreg om die plekke op Wonderkop wat in hierdie boek vermeld word in die geselskap van Helgard du Preez (wat tans op Groenvley woon) te besoek, en is baie dank aan hom verskuldig dat hy die betrokke plekke uitgewys het. Dank ook aan hom vir sy bystand met inligting en die verskaffing van familiefoto's en ander materiaal.

Laastens, 'n spesiale woord van dank aan Elria Wessels van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein en Mimi Seyffert van die afdeling Spesiale Versamelings by die Universiteit van Stellenbosch se biblioteek vir hul hulp gedurende die skrywe van hierdie boek.

OOS-VRYSTAAT *circa* 1902



# Die Du Preez-familie

Saam met duisende ander het die Des Pres-familie uit hul tuisland, Frankryk, gevlug gedurende die sewentiende-eeuse vervolging van die Hugenote deur die Rooms-Katolieke Kerk.

Hercules des Pres en sy vrou, Cécile D'Atis, het 'n tydelike tuiste gevind in die Vlaamse dorp Courtrai in België. Die meeste van hul sewe kinders is daar gebore, en twee is daar oorlede en

begrawe. Des Pres en sy gesin was deel van ’n groep van drie-en-twintig Hugenote wat met die skip *De Schelde* na Suid-Afrika vertrek het waar hulle ’n nuwe lewe wou begin. Van die groep het net elf die reis deurstaan. Wonderbaarlik het Des Pres en sy hele gesin oorleef, ten spyte daarvan dat hy ernstig siek geword het gedurende die reis.

Met hul aankoms in Suid-Afrika in 1688 is die plaas De Zoete Inval[1] in die Paarl-vallei aan Des Pres toegeken. Van sy en Cécile se vyf kinders, twee seuns en drie dogters, is die seun Philippe die direkte stamvader van die Du Preezs van die Oos-Vrystaat. Philippe het in 1696 met Elizabeth Prevost getrou. Hulle het elf kinders gehad, van wie die vierde

seun, Jacob, die direkte voorsaat is. Jacob het op 28 Mei 1741 met Susanna Maria Theron getrou. Hul vyfde en jongste kind, Pieter (gedoop op 29 Desember 1748), is op 21 Oktober 1770 met Johanna de Bruin getroud. Die egpaar het sewe seuns en drie dogters gehad, van wie die oudste Jacobus Lodewicus was (gedoop op 1 November 1772). (Charles se jonger broer, Lodie, is na hom vernoem.) Jacobus was Charles se oupagrootjie. Sy negende kind, Philippus Anthonie, gebore op 26 Desember 1814, was Charles se oupa. Hy is op 3 November 1838 met Salomina Magdalena Christoffelina Muller getroud, en hulle het sewe seuns en twee dogters gehad. Hul sesde kind,

ook Philippus Anthonie gedoop en bekend as Philip, is in 1844 gebore; hy was die vader van Charles. Grootvader Philippus Anthonie is in Mei 1900, gedurende die Anglo-Boereoorlog, op Suid-Wonderkop oorlede.

Philip is in 1868 getroud met sy eerste vrou, Elizabeth Susanna Wessels, bekend as Bettie. Sy was ’n gesette vrou en nie baie gesond nie, en is in Desember 1887 in die jong ouderdom van sewe-en-dertig oorlede. Hulle het twee kinders gehad: Johannes Wilhelmus Wessel, gebore in 1869 en onder die familie en vriende bekend as Vaal Jan, en Salomina, wat twee jaar later gebore is. Vaal Jan het gedurende die oorlog saam met sy vader op kommando gegaan

as lid van die Senekal-kommando.

Philip is op 16 Oktober 1888 getroud met sy tweede vrou, die een-en-twintigjarige Charlotte Aletta Ann. Hulle het ses kinders gehad: Charles, Ruby Edna, Nellie en Lodie, gebore voor die Anglo-Boereoorlog, en Lottie en Helgard, wat daarna gebore is.

Die oudste seun is op 4 November 1891 gebore. ’n Paar dae na sy geboorte het Philip en Charlotte besluit om hom Charles Kingsley te doop, na sy oupa aan moederskant, Charles Kingsley Hopkins, van Engeland. Philip het na Senekal gery om die naam te registreer, maar op pad besluit dit sou net gepas wees indien die oudste seun die familienaam dra. Sonder sy vrou se

medewete registreer hy toe die seun as Philip Charles, ’n kombinasie van die name van die kind se twee oupas. Charles was ’n lid van die sewende geslag Du Preezs in Suid-Afrika en die derde geslag wat in die Oranje-Vrystaat gewoon het.

Sy oudste suster, Ruby Edna, is op 26 September 1894 gebore. Kort voor Ruby se geboorte het Charlotte ’n boek gelees wat sy baie geniet het. Die hoofkarakter se naam was Ruby Edna, en daar en dan het Charlotte besluit dat indien die baba ’n dogter is, dit haar naam sal wees. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was Ruby Edna vyf jaar oud.

Nellie is op 25 Augustus 1896 gebore. Soos Charles en Ruby Edna sou

sy ook die beproewinge van die oorlog beleef. In later jare het Nellie haar as onderwyseres bekwaam en die jong kinders in die Wonderkop-omgewing onderrig.

Die jongste kind wat voor die oorlog gebore is, was Jacobus Lodewicus, of "Lodie" soos hy in die familie bekend gestaan het. Hy is op 2 Februarie 1899 gebore en het as baba al die ontberinge van die oorlog meegemaak, insluitende die konsentrasiekamp op Winburg.

Charlotte, "Lottie" genoem deur die familie, is op 18 Desember 1903 gebore. Die jongste kind, Heldegard Marthinus, "Helgard" genoem deur sy familie, is op 9 April 1906 in die huis op Suid-Wonderkop gebore. Toe hy ses

weke oud was, het hy ernstig siek geword en een van die arbeiders is te perd gestuur om die dokter op Senekal te gaan roep, ene dokter De Waal. Dié het die volgende dag met sy perdekar by die huis aangekom. Nadat hy die baba ondersoek het, was sy diagnose dubbele longontsteking. Hy het die ouers gewaarsku om die ergste te verwag, aangesien ’n kindjie van daardie ouderdom dit nie kon oorleef nie. Dit was so erg dat die dokter by sy vertrek gesê het: “Philip, ek skryf die kind se doodsertifikaat uit en sit dit op my lessenaar neer. Laat dit môre by die spreekkamer haal.”

Maar twee ou dames van die distrik, by name Neser en Van Schalkwyk, het

van die baba se siekte gehoor en na Suid-Wonderkop gegaan, waar ’n uitgeputte Charlotte by sy bedjie gewaak het. Hulle het ’n skaap laat slag, Helgard in die warm, nat skaapvel toegedraai en hom met boererate regdeur die nag gedokter. Toe Charlotte vroeg die oggend die kamer binnekom om te sien of hy nog leef, gee me. Neser die baba vir haar en sê: “Hier, Charlotte, hier’s jou kind. Hy sal nie meer doodgaan nie.”

’n Week later het dokter De Waal bekommerd geraak omdat die doodsertifikaat nog nie gehaal is nie en oorgery na Suid-Wonderkop om dit af te lewer. Toe Philip hom kom ontmoet, sê hy: “Jy weet jy mag nie ’n mens sonder ’n doodsertifikaat begrawe nie, jy kan in

die tronk beland."

Maar Philip antwoord: "Ja, ek weet, maar het jy geweet om 'n mens lewend te begrawe kan jou ook in die tronk laat beland!"

In later jare sou Helgard en Lodie, wat sewe jaar ouer as hy was, heerlik op die plaas saamspeel en allerhande kattekwaad beplan. Helgard het nog tot die rype ouderdom van tagtig geleef.

Charles se oupa aan moederskant, na wie hy gedeeltelik vernoem is, was Charles Kingsley Hopkins. Hy is gebore op 16 Maart 1823 as die seun van Henry Hopkins en Maria Helen Hibbert van Dulwich in Engeland. Charles het in 1842 van Dulwich na Suid-Afrika gekom. Hy het getrou met Johanna

(Hannie) Gertruida Margaretha Elizabeth Bosman, 'n Afrikanervrou van Heidelberg in die Wes-Kaap. Charlotte, gebore op 7 April 1867 en hul agtste kind, was Charles se moeder.

Aan huis het die Hopkins-gesin hoofsaaklik Engels gepraat. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het Charlotte egter botweg geweier om Engels te praat met die Britse soldate. Dit was 'n duidelike teken van die mate waarin sy haar met die Boeresaak vereenselwig het. Hoe ironies dat soldate van haar vader se land van herkoms haar gesin van hul plaas verdryf het, haar en drie kinders in 'n konsentrasiekamp gestop en haar man en oudste seun as krygsgevangenes weggevoer het.

# Vroeë lewe op Wonderkop

Die Du Preezs het sedert Hercules des Pres se aankoms in Suid-Afrika in die Kaapkolonie gewoon. Charles se oupa, Philippus Anthonie, was die eerste wat uit die Kolonie weggetrek en hom in ’n ander landstreek gevestig het. In 1864 het hy en sy vrou hul plaas in die Riversdal-distrik verlaat om ’n heenkome in die Oranje-Vrystaat te vind. Elf van hul twaalf kinders het saam met

hulle getrek. Salomina, hul oudste dogter, was reeds getroud met Hendrik Ryk du Preez en het in die Kaapkolonie agtergebly.

Die gesin het tydelik op die plaas Doornberg in die Winburg-distrik gewoon, toe die eiendom van ’n meneer Muller. Hulle het skaars aangeland of hul twee oudste seuns, Koos en die twintigjarige Philip (Charles se vader), is opgekommandeer om teen die Basotho te veg. Die sogenaamde Basotho-oorloë was ’n reeks oorloë tussen Moshoeshoe I, heerser van die Basotho-ryk, en die burgers van die Oranje-Vrystaat.

Die eerste daarvan was Senekal se Oorlog[1] van 1858, toe geskille oor grondeise tussen die Basotho en die

Vrystaatse burgers tot konflik gelei en die Vrystaat oorlog verklaar het. Die Vrystaatse magte het probeer om Moshoeshoe se vesting by Thaba Bosiu in te neem, maar sonder sukses, terwyl die Basotho Vrystaatse grondgebied geplunder het. ’n Vredesverdrag is onderteken, maar weinig probleme is opgelos. Hierop het die Seqiti-oorlog uitgebreek, wat twee konflikte behels het wat deur ’n kort wapenstilstand geskei is: die eerste van 1865 tot 1866 en die tweede van 1867 tot 1868. Die twee Du Preez-broers was op kommando gedurende die eerste konflik.

Die burgers het taamlike sukses behaal met hul eerste veldtog. Moshoeshoe was genoodsaak om in

1866 vrede te sluit en die Verdrag van Thaba Bosiu te onderteken, met die Basotho wat groot dele grond aan die Vrystaat moes afstaan. Maar konflik het opnuut in 1867 ontstaan. Gedurende hierdie oorlog het die Vrystaters die meeste van die Basotho-vestings bestorm, met slegs Thaba Bosiu wat onoorwonne gebly het.

Moshoeshoe het ’n oproep gedoen om Britse bystand en het uiteindelik anneksasie in 1868 aanvaar. Basotholand is onder Britse beskerming geplaas, waarmee die konflik beëindig is. Gedurende die Anglo-Boereoorlog, dertig jaar later, het baie van die Basotho hulle aan die kant van die Britte geskaar.

Vir die Du Preez-broers was die Seqiti-oorlog ’n baie moeilike tyd. Hulle moes op kommando bly vir so lank as elf maande op ’n slag, terwyl hulle eerder sou wou help om die gesin se boerdery te vestig. Wanneer hulle die geleentheid gehad het, het hulle koring en sorghum na hul mense op Doornberg gestuur. Die Basotho het die graan in ondergrondse mandjies en in hul hutte versteek, waar dit deur die burgers buitgemaak is. Toe die oorlog in 1866 tot ’n einde kom, kon Koos en Philip terugkeer plaas toe om ’n bestaan te maak.

Toe die Du Preez-gesin in 1864 in die Oranje-Vrystaat aangekom het, was daar volgens oorlewering vier boere in die Winburg-distrik wat elk 11 000 morg[2]

grond besit het. Eerstens was daar die Wessels-broers, Johannes Wilhelmus en Mattheus Hendricus, van wie eersgenoemde Philip se skoonvader sou word. Laasgenoemde het grond besit by Wonderkop, ’n uitstaande en bekende baken in die gebied. Die area bo-op Wonderkop beslaan nie minder nie as 350 morg.

Dan was daar Abraham “Krulbaard” Smit van Populiershoek, wie se eiendom na Senekal se kant gestrek het, “Ryk” Dial Jordaan by Elandskop en Jan Claasen van Tweefontein, wie se plaashuis teen Claasenskop geleë was. Verskeie lede van die familie is begrawe rondom ’n groot rots naby die huis; hul name, in die rots gegraveer, is vandag

steeds daar sigbaar.

Gedurende die drie tot vier dekades voor die Anglo-Boereoorlog het die gebied gewemel van wildsbokke, asook leeus en luiperds. Grotte in die Wonderkopberg was bekend as die ideale skuilplek vir luiperds. Die blesbokke wat Charles van tyd tot tyd op die berg aangetref het, was inderwaarheid nasate van die groot troppe wildsbokke wat in die gebied rondgeswerf het.

Daar was 'n paar blesbokke wat op die berg gewei het en ek het in die rondte verneem waar hulle oorspronklik vandaan kom. Daar is toe deur van die ou inwoners aan my vertel dat die somer

van 1860 baie droog was. Teen daardie tyd het daar reeds blankes in die gebied gewoon, maar hulle het wyd verspreid gewoon en plase was taamlik groot. In die laatsomer het die wild begin trek op soek na weiding en het in hul duisende by Wonderkop verbygetrek; blesbokke, springbokke, wildebeeste, hartebeest en sebras. Na die droogte het die wild weer begin trek en sommige van die blesbokke het op Wonderkop agtergebly.

As kind het ek baie na die bure se plaas gestap [die Von Maltitz-gesin] om saam met hul kinders te gaan speel. Eendag op pad na hul plaas toe het ek ’n ou swartman teëgekom met ’n bondel op sy rug, en omdat ons in dieselfde rigting geloop het, het ons begin gesels. Hy

vertel my toe dat hy eintlik in Transvaal woon en dat hy ’n paar keer elke jaar al die pad van Transvaal stap om sy familie in Basoetoland te gaan besoek. Naby die berg het ons by ’n groot oorhangende rots verbygeloop en hier het die ou man gaan stilstaan en gesê: “Kleinbaas, as ’n jong man het ek altyd hier bo-op hierdie rots kom slaap sodat die leeus my nie kon vreet nie.”

Gedurende die Anglo-Boereoorlog het die jong Deneys Reitz ook groot troppe wild in die omgewing gesien:

> We passed Kopje-Alleen, where my brothers had been ridden down with the ‘A.C.C.’ last year.

> It is a curious isolated hill visible for sixty miles around. As a boy I had sat on its summit watching the game-covered plains below, and now, as then, great herds of antelope and troops of wildebeest were grazing at its foot.[3]

Philip du Preez het ondervinding gehad van wamakery en nadat hy na Winburg teruggekeer het, is hy in diens geneem as grofsmid op die plaas Verblyding in die Brandfort-gebied. Die res van die gesin het verder noord getrek na die plaas van ’n ander meneer Muller op Mooirivier naby Potchefstroom in die Wes-Transvaal.

Dit was in hierdie tyd dat Philip sy eerste vrou, Bettie, die dogter van Johannes Wessels, ontmoet het. Johannes het duisende morg grond in die distrik besit, sowel as die plase Groenvley en Suid-Wonderkop in die Senekal/ Ficksburg-omgewing. Hy is egter oorlede toe Bettie slegs ses jaar oud was.

In daardie jare was die Wonderkop-gebied amptelik bekend as die Onder-Wittebergen,[4] genoem na die bergreeks wat na die oostekant strek. Toe Charlotte du Preez haar ervarings gedurende die Boereoorlog opgeteken het, het sy nog haar adres as *Wonderkop, Wyk Onder-Wittebergen* aangedui. Wonderkop, of meer spesifiek Suid-Wonderkop, is die

plaas waar Charles gebore is. Hier sou hy die eerste vier-en-dertig jaar van sy lewe deurbring, afgesien van die tydperk wat hy saam met sy gesin voor die Britte gevlug het en saam met sy vader in die krygsgevangenekampe in Indië deurgebring het.

Verskeie bywoners het by die Wesselse op die plaas gewoon en het later hul eie plase bekom en vooraanstaande inwoners van die gebied geword. Andries Radley, byvoorbeeld, het as ’n transportryer daar aangekom en as bywoner by die Wesselse op die plaas gewoon wat vandag Smoorfontein is. Hy het later een van die voorste boere op sy plaas Doornhoek naby Senekal geword.

Philip is in 1868 met Bettie getroud en hulle het vier jaar lank op Groenvley gewoon. In 1872 het hulle na Wonderkop verskuif. Op daardie stadium was dit bloot ’n onbewerkte stuk grond. Philip het ’n tydelike woonhuis opgerig, nuwe landerye geploeg en grensmure van klip gebou. Een so ’n muur het van die berg af tot by Tobieskop gestrek, ’n afstand van minstens een kilometer.

In daardie dae is die plase besit deur die Vrystaatse regering en die boere het slegs vruggebruik van die grond gehad. Philip was gretig om sy eie grond te besit en het sy skoonmoeder gevra watter grond se vruggebruik Bettie eendag sou erf. Volgens haar sou dit Suid-Wonderkop wees, die suidelike

deel van die plaas Wonderkop geleë ten noorde van die Wonderkopberg, waarna die plaas natuurlik vernoem is.

In 1875 het Philip dus die vruggebruik van sy skoonmoeder gekoop. Die grootte van die plaas was 1949 morg, maar in 1885 het hy 54 morg daarvan verkoop. Na sy skoonmoeder se dood het hulle ’n verdere 212 morg van die noordelike deel van Wonderkop geërf, wat hulle Tobieskop genoem het. Verskeie jare later het die Vrystaatse regering die grond wetlik aan die onderskeie eienaars oorgedra en hulle volle besitreg gegee.

Teen 1878 het Philip begin om fondamente te grawe vir ’n nuwe huis om die tydelike een te vervang. Op

daardie tydstip het ’n Ier eendag op die plaas aangekom en gevra of hy die huis kon bou, aangesien hy ondervinding daarvan in Ierland gehad het. Die huis sou gebou word van die bekende Vrystaatse sandsteen en die Ier het die plaas deurgesoek na die regte soort klip, totdat hy dit aan die voet van die berg gevind het. Hy het ’n ooreenkoms met Philip aangegaan dat hy £100 betaal sou word met die voltooiing van die huis, sowel as “one bottle of brandy once a month”.

Dit was in dié aantreklike ou sandsteenhuis dat Charles gebore is, grootgeword het en sommige van die beproewinge van die Anglo-Boereoorlog deurgemaak het. Om die

waarheid te sê, al Philip en Charlotte se kinders is in hierdie huis gebore. Die dik buitemure was van sandsteen gebou, terwyl die binnemure uit rou baksteen bestaan het. Die binnemure is daarna met modder gepleister.

Die huis het bestaan uit ’n lang eetkamer wat van die voordeur na die agterdeur gestrek het. Aan die een kant van die eetkamer was twee slaapkamers en aan die ander kant nog ’n slaapkamer en die kombuis, dus het alle binnedeure na die eetkamer gelei. Daar was klein stoepe by sowel die voordeur as die agterdeur, en die dak van die voorstoep was van geboë sinkplaat.

’n Klein sinkkamer is aan die buitekant teen die suidemuur gebou om

as badkamer te dien.[5] Die badkamer was toegerus met ’n kopergeiser om warm water te voorsien. Daar was geen water na die huis aangelê nie, en al die water moes met emmers uit die fontein geskep en na die huis aangedra word. Aan die noordekant van die huis was ’n trap na die solder, wat uit twee verdere vertrekke bestaan het.

Die huis bestaan vandag nog, met sekere veranderings. Na die Anglo-Boereoorlog, byvoorbeeld, moes die deur vuur beskadigde dak vervang word. Die huis wat Philip en Bettie oorspronklik bewoon het, is in 1878 in ’n stal omskep nadat die nuwe huis voltooi is. ’n Solder in die stal is gebruik om voer in te stoor en in later

jare as nesmaakplek vir die hoenders. Philip se Spaanse donkie, Alphonse, wat hy na die oorlog aangeskaf het om muile te teel, is in die stal aangehou.

Een van die eerste verbeteringe aan Wonderkop was die ou dam, wat vandag nog bestaan. Die oorspronklike dam is deur Philip gebou met ’n donkie en ’n damskrop. Nadat die oorspronklike wal meegegee het, het hy dit met osse en damskroppe herbou. ’n Groot vrugte-engroentetuin is onder die damwal aangelê. ’n Paar van die lemoen- en peerbome wat vandag nog daar te sien is, moet ’n raps oor die honderd jaar oud wees. In die bandopname noem Charles dat hy as klein seuntjie die lemoenpitte vir die bome geplant het net na die

runderpes van 1896, toe die boord aangelê is.

Philip se pa het vroeër in die Wakkerstroom-distrik in die Transvaal geboer. Weens die feit dat hy borg gestaan het vir iemand, het hy al sy eiendom verloor, en gevolglik het hy en sy vrou Salomina na Wonderkop verhuis. ’n Woonhuis is vir hulle gebou, wat vandag deel is van die plaas Gibraltar. Na Salomina se dood in 1886 het Philippus in ’n buitekamer op die plaaswerf op Suid-Wonderkop ingetrek.

Die ou man het hom besig gehou met hoenderboerdery en het ’n plaashulp gehad met die naam Kerools, ’n bruin seun uit die Kaapkolonie. Kerools het later die gesin se ontberinge meegemaak

toe hulle voor die Britse troepe gevlug het. Op tagtigjarige ouderdom het Philippus nog met sy perd die veld ingery, hoewel met Kerools se hulp, wat agterop die perd gesit het en al die plaashekke moes oopmaak. Philippus is rustig in sy buitekamer in Mei 1900 gedurende die oorlog oorlede.

Twee van Philip se broers, Pieter en Jan (alombekend as Rooi Jan), het hulle ook in die distrik gevestig. Pieter was die negende kind in die gesin en Rooi Jan die twaalfde, en hulle is getroud met die Leipold-susters Annie en Frieda.

Twee ander broers, Hildegaard en George, is ook met twee susters, Kota en Maria Wolvaart, getroud. Toe die oorlog uitbreek, was Philip se jongste suster,

Mimmie, reeds in Senekal gevestig. Charles het ’n paar maande by haar gewoon toe hy tydens die oorlog na die skool op die dorp gegaan het.

Na Bettie se dood is Philip in 1888 getroud met Charlotte Hopkins. Hy was toe vier-en-veertig jaar oud. Die bruilof was op Heidelberg, haar tuisdorp in die Kaapkolonie, en ’n taamlik uitgebreide berig deur die Heidelbergse korrespondent het in die *Cape Times* verskyn:

> The village was all astir last Tuesday, 16th instant, and crowds of people came in, not only to hear the Rev. Mr Hofmeyr discourse on the heathen at Zoutpansberg, but

> also to witness the wedding of Miss C. Hopkins to Mr P. Du Preez of Senekal, O.F.S. … Punctually at 2 p.m. the bride drove up to the church door and as she entered the organ struck up the wedding march. The bridegroom’s attire needs no description, for even on such occasions men do not vary from the orthodox custom. The bride’s does … the bride looked charming, as brides generally do …

Dan volg ’n noukeurige beskrywing van die trourok. Die berig vermeld selfs ’n lys van trougeskenke, insluitende ’n silwerarmband wat deur die bruid gedra is, ’n groot skryftafel, ’n groot

sitkamerspieël, ’n paar silwerkershouers, glasborde, ’n Bybel en gesangeboek met silwerbeslag, ’n silwerskinkbord en ’n kookboek. ’n Mens kan aanneem dat al hierdie artikels bekend was vir Charles en die ander kinders wat in die plaashuis op Wonderkop grootgeword het.

Die berig sluit af: “The happy couple have gone to spend their honeymoon at Port Beaufort.” Dié plekkie is geleë aan die kus, vyf-en-dertig kilometer suid van Heidelberg.

In daardie dae was daar geen fotograwe op of naby Heidelberg nie en die egpaar moes spesiaal met die perdekar na Johannesburg reis om hul troufoto’s te laat neem. Die troufoto in

hierdie boek is dus ’n paar maande na die troue in Johannesburg geneem by die James F. Goch Photographic Studio.

In 1896 het Philip besluit om Wonderkop en sy vruggebruik aan sy kinders oor te dra. Salomina, sy dogter by sy eerste vrou, was getroud met ’n bankbestuurder, meneer Puth. Philip het haar deel van die grond gehuur waar hy en Charlotte gewoon het. Die daaropvolgende jaar het Salomina besluit om haar gedeelte aan haar broer Vaal Jan te verkoop, maar hy het gesukkel om die geld te vind.

Philip het geweier om borg te staan as gevolg van wat met sy eie vader gebeur het, maar hy het aangebied om Vaal Jan se gedeelte van die grond by hom te

koop. Die koop ten bedrae van £1895 is op 12 Junie 1897 beklink. So het dit dus gebeur dat Philip die plaas twee keer gekoop het, eers van sy skoonmoeder en toe van sy seun.

# Agtergrond tot die Anglo-Boereoorlog

Die Eerste Anglo-Boereoorlog van 1880–1881 en die Tweede Anglo-Boereoorlog van 1899–1902 was die resultaat van 'n komplekse konflik tussen die Afrikaners en die Britse Ryk wat oor twee eeue gestrek het.

Brittanje het die Kaapkolonie amptelik in besit geneem na hul oorwinning oor die Hollanders by

Blaauwberg in 1806 gedurende die Napoleontiese Oorloë. In die daaropvolgende dekades was die Hollandse setlaars, wat die land sedert die tweede helfte van die sewentiende eeu bewoon het, ontevrede met aspekte van die Britse administrasie. Gevolglik het vele verkies om weg te trek van Britse beheer, in wat bekend geword het as die Groot Trek. Hierdie migrasie het aanvanklik met die ooskus langs na Natal geskied. Nadat Natal in 1843 deur Brittanje geannekseer is, het die Afrikanerboere noordwaarts na die binneland getrek.

Weg van Britse heerskappy het hulle hier twee onafhanklike Boererepublieke gevestig, naamlik die Zuid-Afrikaansche

Republiek (ZAR), ook genoem die Transvaal, en die Republiek van die Oranje-Vrystaat. Die Britse regering het die twee Boererepublieke in onderskeidelik 1852 en 1854 erken, maar die anneksasie van Transvaal in 1877 het in 1880 gelei tot die Eerste Anglo-Boereoorlog.

Die Transvaal het sy onafhanklikheid herwin na hewige Britse nederlae, waarvan die Slag van Majuba die glorierykste vir die Boere was. Baie van die Boere wat in hierdie oorlog geveg het, het twintig jaar later weer teen die Britte te staan gekom. Die Transvaal se onafhanklikheid is herstel, onderworpe aan sekere voorwaardes, maar die verhouding tussen Brittanje en die Boere

sou steeds ongemaklik bly.

Toe diamante in 1871 by Kimberley in die Noord-Kaap ontdek is, het dit ’n dolle diamantstormloop ontketen, met gevolglik ’n reuse-toestroming van buitelanders na die grens van die Oranje-Vrystaat. Goud is kort daarna, in 1886, in die Transvaal ontdek, wat nuwe golwe van buitelanders (wat as die Uitlanders bekend sou word) na die Witwatersrand laat stroom het op soek na rykdom. Die meerderheid van hierdie buitelanders was van Brittanje afkomstig, en uiteindelik het die getalle Uitlanders in die Transvaal dié van die Boere oorskry.

Dit was die era van Britse uitbreiding, waarin die mynmagnaat en

imperialis Cecil John Rhodes ’n leidende rol in suidelike Afrika gespeel het. Sy droom was ’n Afrika-ryk wat van die Kaap tot Kaïro sou strek. Rhodes se begeerte na uitbreiding en geskille oor politieke en ekonomiese regte vir die Uitlanders het in 1895 tot die berugte Jameson-inval gelei.

Die veldtog is gelei deur dokter Leander Starr Jameson, administrateur-generaal van die Chartered Company in Rhodesië. Die doel met die inval was om ’n opstand onder die Uitlanders in Johannesburg te bewerkstellig, maar die plan het misluk en die Transvaalse regeringstroepe het Jameson se kolonne omsingel en sy manne gevange geneem voordat hulle Johannesburg kon bereik.

In 1906 het generaal Smuts geskryf: "The Jameson Raid was the real declaration of war … And that is so in spite of the four years of truce that followed … [the] aggressors consolidated their alliance … the defenders on the other hand silently and grimly prepared for the inevitable."[1]

Uitgebreide onderhandelinge het tussen Paul Kruger, staatspresident van die ZAR, en Brittanje plaasgevind om 'n kompromis te bereik oor die Uitlanders se regte, maar Kruger het besef wat werklik op die spel was: Britse beheer oor die goudmynbedryf en Brittanje se dwingende begeerte om die Transvaal en Oranje-Vrystaat by 'n Britsbeheerde federasie in te sluit. Hy het geweet dat

die stemregbeleid wat die Britte geëis het onvermydelik tot die verlies van sy mense se onafhanklikheid sou lei. Die Uitlanders het reeds die aantal Afrikaners oorskry, en steeds het die toestroming van buitelanders voortgeduur.

Brittanje se onvermoë om verbeterde regte vir die Uitlanders te beding, het 'n verskoning en regverdiging vir oorlog geword. Daar is begin met 'n militêre opbou in die Kaapkolonie, met duisende troepe wat in die hawens van Kaapstad, Port Elizabeth en Durban aan wal gegaan het. Vername Britse koloniale leiers, insluitende die goewerneur van die Kaapkolonie, sir Alfred Milner, die premier van die Kaapkolonie, Cecil

John Rhodes, die Britse koloniale sekretaris Joseph Chamberlain en mynsindikaatlede soos Alfred Beit, Barney Barnato en Lionel Phillips, het die anneksasie van Transvaal en die Oranje-Vrystaat voorgestaan. Hulle was oortuig dat die twee republieke gou verslaan sou word en het gereed gemaak vir ’n kort oorlog wat teen Kersfees verby sou wees.[2]

In September 1899 het Chamberlain ’n ultimatum aan Kruger gestuur waarin volle gelykheid geëis word vir die Uitlanders wat in Transvaal gewoon het. Op sy beurt het Kruger, wat geen ander uitweg as oorlog voorsien het nie, sy eie ultimatum gestel: die Britte kry agt-en-veertig uur om hul troepe aan die

Transvaalse grens te onttrek. Indien nie, sou die Transvaal en Oranje-Vrystaat (waarmee die Transvaal ’n ooreenkoms van trou gehad het in geval van oorlog) die wapen opneem teen die Britte.

Kruger het intussen voortgegaan om die Transvaalse magte te herbewapen. Hy het 37 000 van die nuutste magasyn-mausergewere sowel as veertig tot vyftig miljoen rondtes ammunisie bestel. Die beste moderne artillerie is ook van Europa gekoop, en teen Oktober 1899 was die Transvaalse Staatsartillerie toegerus met sewentig kanonne, insluitende vier Creusot Long Tom-kanonne en vyf-en-twintig Maxim-Nordenfelt-kanonne. Gedurende September 1899 is die burgers van die

Oranje-Vrystaat en die Transvaal ingevolge die Kommandowet in kennis gestel om hulle gereed te hou om op die kortste moontlike kennisgewing op kommandodiens te gaan.

Philip du Preez was op daardie stadium vyf-en-vyftig jaar oud en dus nog verkiesbaar om op kommando te gaan. Hy is verskeie kere gedurende die oorlog opgeroep vir kommandodiens, soos ook sy twee broers, Rooi Jan en Pieter, en sy seun, Vaal Jan. Hoewel hulle almal in dieselfde gebied in die Oos-Vrystaat gewoon het, het hulle aan verskillende fronte diens gedoen. Philip en Vaal Jan was lede van die Senekal-kommando, wat betrokke was in verskillende fases van die oorlog in

Natal, die wesfront (rondom Kimberley) en die Oranje-Vrystaat. Die bekendste veldslae in dié gebiede was Magersfontein, Paardeberg, Colesberg, Colenso, Vaalkrans, Poplar Grove, Driefontein, Biddulphsberg, Wittebergen en die Brandwaterkom.

Chamberlain het uiteindelik Kruger se ultimatum verwerp en Transvaal het oorlog verklaar. Op daardie stadium het daar meer Afrikaners in die Kaapkolonie gewoon as in die Transvaal en Oranje-Vrystaat gesamentlik, maar ten spyte van kulturele en familiebande het die meerderheid Kapenaars nie hul ondersteuning aan die Boererepublieke gegee nie.

Om sake te vererger, het daar na

beraming soveel as twintig persent van die gewapende burgers wat aanvanklik saam met die Boeremagte geveg het, teen hulle gedraai en hulle aan Britse kant geskaar.

Die oorlog het drie onderskeibare fases deurloop. Gedurende die eerste fase het die Boere aanvalle in die Britse gebiede Natal en die Kaapkolonie geloods en die Britse garnisoene by Ladysmith, Mafikeng (voorheen Mafeking) en Kimberley beleër. Boerekommando's het ook die Oranjerivier oorgesteek om distrikte in die Karoo in te neem. Hulle het op 14 November 1899 Colesberg binnegeval – die front waar Philip die meeste van sy tyd op kommando deurgebring het. Die

Boere het vervolgens ’n reeks taktiese oorwinnings by Colenso, Magersfontein en Spioenkop behaal toe die Britte misluk het om die beleg gedurende hul sogenaamde Black Week te beëindig.

Die tweede fase is gekenmerk deur die instroming van groot getalle Britse troepe onder bevel van lord Roberts, en hierdie keer is ’n suksesvolle offensief geloods om die beleg te beëindig. Die Britte het vervolgens die Oranje-Vrystaat binnegeval en Bloemfontein op 13 Maart 1900 beset, gevolg deur die Transvaal, waar Pretoria op 5 Junie 1900 beset is.

In die finale fase van die oorlog, wat min of meer in Maart 1900 begin het met generaal Christiaan de Wet se aanval by

Sannaspos, het die Boere ’n uitgerekte guerrilla-oorlog teen die Britte gevoer wat nog ’n verdere twee jaar geduur het. Hul taktiek het die plundering van Britse troepekolonnes, spoorweë en voorraaddepots behels. Ten einde die Boere die nodige voorrade te ontneem, het lord Kitchener, wat Roberts in November as bevelvoerder opgevolg het, begin met die verskroeideaardebeleid waarvolgens plase verwoes en burgerlikes – hoofsaaklik vroue en kinders – na konsentrasiekampe verwyder is.

Aanvanklik het die gevange Boere nie veel van ’n probleem opgelewer nie, maar toe generaal Piet Cronjé by Paardeberg met 4 000 man oorgee en

kommandant-generaal Marthinus Prinsloo in die Brandwaterkom met ’n verdere 4 300 man, het die groot getalle gevangenes moeilik geword om te hanteer. Gevolglik is duisende Boerekrygsgevangenes, insluitende seuns van tien tot sestien jaar, na kampe in Indië en die eilande St. Helena, Ceylon (nou Sri Lanka) en Bermuda gestuur. Die tienjarige Charles du Preez en sy vader Philip is deur dieselfde lot getref. Hulle is na die kamp by Umballa in Indië gestuur en het eers teruggekeer na die vredesverdrag in Mei 1902 onderteken is.

Die Britse regering en dele van die Britse pers het verwag dat die oorlog binne ’n paar maande verby sou wees,

maar dit het voortgesleep en ongewild geword namate onthullings van toestande in die konsentrasiekampe rugbaar geword het. Tienduisende vroue en kinders het van siektes en wanvoeding in die kampe gesterf. Vier lede van die Du Preez-gesin, naamlik Charles se moeder, Charlotte, sy twee jonger susters Ruby Edna en Nellie en sy jonger broer Lodie, het ’n tydperk in die kamp by Winburg deurgebring. Hulle was gelukkig om dié ontbering te oorleef.

Die Boereleiers het uiteindelik tou opgegooi. Met die Vrede van Vereeniging wat op 31 Mei 1902 onderteken is, is die twee Boererepublieke tot deel van die Britse Ryk verklaar.

# Wonderkop en die Wittebergen

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die Oranje-Vrystaat 'n blanke bevolking van sowat 100 000 mense gehad. Die republiek het bestaan uit sowat vyftien distrikte, met Winburg[1] in die Oos-Vrystaat die oudste dorp ná Philippolis.[2] Die Winburgdistrik het bestaan uit vyf wyke: Winburg, Vetrivier, Zandrivier, Taaiboschspruit en Onder-

Wittebergen. Dorpe soos Senekal,[3] Ficksburg[4] en Ladybrand[5] het binne die Winburg-distrik geval. Die Voortrekkers het hul laers reeds in 1837 hier getrek, en eerder as om verder oor die Drakensberg of die Vaalrivier te trek, het baie mense hulle in die gebied gevestig.

Die dorp Winburg is uitgelê rondom ’n langwerpige deel bekend as die “Plein”, wat omring was deur winkels en kantore, die landdroskantoor, twee hotelle, die Standard Bank en die National Bank, die ou NG Kerk, die poskantoor en ’n paar woonhuise. Ses strate het van die Plein af uitwaarts geloop, met die spoorwegstasie na die noorde en die stadsaal, skool en limonadefabriek aan die oorkant van die

dorp. Gedurende die Anglo-Boereoorlog is die stadsaal en skool al twee omskep in hospitale, eersgenoemde vir die maagkoorsgevalle en laasgenoemde vir gewonde Britse soldate of Boere. Die boomryke Victoriastraat was waar die welgesteldes gewoon het en het gespog met ’n hele paar sierlike wonings. Die lokasie was sowat ’n kilometer en ’n half verder aan die einde van die straat geleë.

Teen 1900 het die dorp beskik oor telegrafiese kommunikasie met die buitewêreld, en elke week het die trein pos en koerante vanuit die Kaapkolonie, die Transvaal en Bloemfontein gebring. Vir ’n lang tyd was Smaldeel (nou Theunissen[6]) die naaste punt aan

Winburg op die spoorlyn tussen Bloemfontein en Johannesburg, maar die stuk spoorlyn van vyf-en-veertig kilometer na Winburg is in 1898 voltooi, ’n jaar voor die oorlog uitgebreek het. Baie mans van die Boerekommando’s van die distrik, insluitende Philip du Preez, het van die Winburg-stasie na die front vertrek. Daar was ook ’n poskoetsdiens tussen Winburg, Senekal en Ladybrand wat ’n paar keer per week gery het.

Die Du Preez-gesin, wat in die distrik geboer het, het die meeste van hul aankope op Senekal gedoen, maar van tyd tot tyd is Winburg besoek, die hoof-administratiewe sentrum in hul gebied. Senekal het binne die Onder-

Wittebergen-wyk geval. Afgesien van Charles se verblyf van 'n paar maande op Senekal om skool te gaan, het sy ouers die dorp ook soms gedurende die oorlog besoek wanneer Philip moes aanmeld vir kommandodiens of Charlotte inkope moes doen of familie besoek.

Van 1877 tot 1899 het die handel en landbou van Senekal taamlik gegroei. Die handel is gestimuleer deur die ontdekking van goud aan die Witwatersrand, en op sommige dae het tot sestig waens deur die dorp getrek op pad na die noorde. Daar was toe twee hotelle op Senekal, die Senekal Hotel en die South African Hotel, waar reisigers in gerief kon tuisgaan. Veral

laasgenoemde het ná die ontdekking van goud ’n gewilde oornagplek geword.

Die groei van die dorp was hoegenaamd nie skouspelagtig nie, maar eenvoudige eenvertrekhuise het begin plek maak vir gerieflike veelvertreksandsteenhuise. Volgens die 1890-sensus was daar nege-en-veertig huise vir blankes en sewe-en-dertig hutte vir swartes, met die blanke bevolking wat 263 persone getel het en die swart bevolking 253. Teen 1899 het die inwonerslys ’n taamlik kosmopolitiese gemeenskap van Afrikaners, Engelse, Jode, Hollanders en Duitsers weerspieël. Onder hulle was winkeliers, hoteleienaars, grofsmede, skrynwerkers, messelaars, transportryers, klerke en

selfs twee dokters (Reinard J. Reyneke en Gillis van der Wall). Teen 1900 het Senekal met sowat sewe-en-twintig geboue gespog, insluitende die kerk. Ten weste van die dorp vloei die Sandrivier.

Die wyk van die Onder-Wittebergen het 'n gebied van 42 700 morg beslaan, twee keer so groot as enige ander wyk in die Winburg-distrik. Die wisselende landskap van vlaktes, valleie en heuwels het dit baie geskik gemaak vir gemengde boerdery. Daar was meer as 300 plase oor die gebied versprei, en volgens die 1890-sensus was daar 291 boere, wat die meerderheid van die gebied se bevolking uitgemaak het.

Teen 1889 het die Onder-Wittebergen sowat vier persent van die Oranje-

Vrystaat se totale wolproduksie voorsien en was dit verreweg die grootste wolprodusent in die Winburg-distrik. Beesboerdery is aanvanklik bedryf om trekosse te voorsien, wat in daardie tyd onontbeerlik was vir vervoer. Met die ontdekking van goud en die toestroming van duisende gouddelwers het die aanvraag na slagosse egter skerp toegeneem. Die runderpes van 1896, wat duisende beeste laat vrek het en waarna Charles ook in sy herinneringe verwys, was 'n groot terugslag vir die streek.

Die klimaat en grond van die Oos-Vrystaat was ideaal vir graanproduksie, en deur die jare het Senekal en die Onder-Wittebergen welbekend geword vir hierdie soort boerdery.

Mielies is verbou sedert die vroeë dae van boerdery by Wonderkop, en is van vroeg-November tot laat-Januarie geplant. Al die werk op die lande is met osse gedoen en die mielies met die hand geoes en met bokwaens na die skuur by die huis aangery. Twee spanne osse is gestuur om die dorsmasjien en die stoomketel te haal, en die mielies is dan gedors, geweeg en in sakke gepak.

In daardie dae het die boere nie die oes gemeet volgens ton per morg soos in die moderne tyd nie, maar volgens die aantal sakke geoes per sak saad wat gesaai is.[7]

Wanneer ons verneem het by watter handelaar ons die beste prys sou kry, is die mielies met bokwaens na Senekal

vervoer. Om die graan by die handelaar in die dorp te kry was nie 'n maklike taak nie. In die môre het ons die twee waens gelaai en dan met ons reis begin van sowat vyftig kilometer na Senekal. Ons sou so ver ry as die uitspanplek by Dunoon, sowat vyf-en-twintig kilometer van ons plaas, waar die osse uitgespan is om te wei en water te drink. Ons het dan die nag daar oorgebly en onder die waens geslaap terwyl die osse aan die jukke vasgemaak was. Hiervandaan, tot agter die Rooikoppie, was die pad baie sanderig en het die waens met groot moeite gery. Ons sou dan vieruur die oggend die een wa met twee spanne osse inspan en dit deur die swaar sand sleep vir sowat vyf kilometer, die wa dan

uitspan en die osse teruglei om die ander wa te gaan haal. Die pad van die Rooikoppie af was weer hard en dan kon elke span osse sy eie wa trek. Ons het gewoonlik net na sonop in die dorp aangekom en die vrag by die handelaar afgelaai sodra die winkel oopgemaak het. Die waens is dan teruggeneem plaas toe, waar ons weer in die namiddag sou aankom. Die volgende oggend is die volgende vrag dorp toe geneem met 'n vars span osse, en so sou dit aangaan totdat al die graan vervoer is.

Hawer is op groot skaal verbou om voer te verskaf aan die baie perde en muile op die plaas. Die hawer is deur die plaasarbeiders met die hand gesny en hulle is per honderd bondels betaal.

Koring was een van die eerste gewasse wat op Wonderkop geplant is, reeds so vroeg as 1872 toe my vader en sy eerste vrou op die plaas gewoon het. Koring is toe met die hand geoes – met sekels gesny, in bondels gebind en miedens gepak. Dit is deur perde of muile uitgetrap en die koringkorrels is dan van die kaf geskei. In later jare na die oorlog is die koring met ’n dorsmasjien en stoomenjin geoes, en later is die koring gesny en vasgebind met ’n selfbinder.

Gedurende die Anglo-Boereoorlog is koring wat op die plaas geoes is in die grot versteek waar Charles en Philip vir die Britte weggekruip het. Daar kon

verbygaande Boere dit gebruik om meel te maak. Een van dié Boere was die bekende Deneys Reitz, wat sowat tien dae op die verlate Wonderkop vertoef het op sy tog om by generaal Smuts se kommando aan te sluit voor hul inval in die Kaapkolonie.

Die belangrikheid van die Oranje-Vrystaat se graanbedryf in die Boere se oorlogspoging is ten volle deur generaal Christiaan de Wet besef. "I was very anxious to prevent the 'granary' of the Orange Free State from falling into the hands of the English," skryf hy in *Three Years' War*. "With this object in view, I left behind me at Korannaberg General De Villiers, with Commandants De Villiers, of Ficksburg, Crowther, of

Ladybrand, Roux, of Wepener, and Potgieter, of Smithfield, and ordered the General to carry on operations in the south-eastern districts of the Free State."[8] In 'n voetnota in *Three Years' War* wei hy hieroor uit:

> This 'granary' lay in the Ladybrand, Ficksburg and Bethlehem districts, and not only supplied the Free State, but also the greater part of the Transvaal. If the districts of Wepener, Rouxville, Bloemfontein, and Thaba'Nchu be included, this 'granary' was the source of a very large yield of corn, and there had been an especially rich harvest that year. As the men were away on

commando, the Kaffirs reaped the corn under the supervision of the Boer women; and where Kaffirs were not obtainable the women did the work with their own hands, and were assisted by their little sons and daughters. The women had provided such a large supply, that had not the English burnt the corn by the thousand sacks, the war could have been continued. It was hard indeed for them to watch the soldiers flinging the corn on the ground before their horses' hoofs. Still harder it was to see that which had cost them so much labour thrown into the flames.

In spite of the fact that the

> English, in order to destroy our crops, had let their horses and draught oxen loose upon the land, there was still an abundant harvest – perhaps the best that we had ever seen. And so it happened that whilst the men were at the front, the housewives could feed the horses in the stable. But Lord Roberts, acting on the advice of unfaithful burghers, laid his hand upon the housewives' work, and burnt the grain that they had stored.[9]

My pa was 'n ou man en hy het toestemming gekry van sy kommandant om na die plaas terug te keer om na sy boerdery om te sien. Hy het spesiaal

toestemming gekry om die koring te gaan oes omdat die kommando's van kos voorsien moes word. Hy het die koring met sekels laat sny, deur die perde laat uittrap en dit los in die kamers van die buitegeboue gestoor omdat daar nie koringsakke beskikbaar was nie. Toe het die Engelse byna al die dorpe in die Vrystaat beset en ook by ons plaas aangekom. My pa het 'n permit ontvang om na sy plaas om te sien, maar hy is nie toegelaat om van die plaas af weg te gaan nie.

Ten tyde van die uitbreek van die oorlog was die skape wat op Wonderkop aangehou is hoofsaaklik bedoel om geslag te word. Wolproduksie het nie 'n

betekenisvolle rol gespeel tot ná die oorlog toe Charles die boerdery oorgeneem het nie. Hy het altyd baie in wolproduksie belang gestel en het later met merinoskape begin boer. Toe hy Wonderkop verlaat het om op sy eie plaas, The Willows, te gaan boer, het hy met sy eie stoet begin. Hy het dit mettertyd tot een van die bekendste stoeterye in die land opgebou.

Ongediertes soos rooikatte en jakkalse was ’n groot probleem in daardie dae en saans moes die skape in die kraal gejaag word om hulle te beskerm. In later jare het die boere oral jagverenigings gestig om hierdie ongediertes uit te roei, en Wonderkop het sy eie vereniging gehad.

Niemand is toegelaat om gif te gebruik nie, maar slagysters is wel toegelaat om die diere te vang.

Melkboerdery was ’n hoofaktiwiteit in die Wonderkopgebied. Terwyl baie boere met die bekende Afrikanerbeeste geboer het, het Philip ’n ander voorkeur gehad.

My pa het gehou van Friesbeeste; hy het nooit eintlik aan Afrikanerbeeste geglo nie. In die vroeë dae het hy ’n Friesbul gekoop, waarskynlik ten duurste, en ’n melkery begin wat in iets groots ontwikkel het. Hy het ’n bottervat met ’n handvatsel gekoop om botter te karring, met ’n spaan wat my moeder gebruik het

om die karringmelk te skei. Sy het die botter gekarring en elke dag se botter het dan in sout in die vat gelê. Hulle het waspapier laat maak om die botter later in toe te draai. 'n Vel waspapier is oor die eerste laag botter in die vat geplaas en die volgende dag se botter sou dan bo-op dit gegooi word, dan is 'n volgende laag waspapier bo-op die botter geplaas en so is dit opgevul totdat die vat vol was. Wanneer dit afgelewer is, het die handelaar die botter in blokke verdeel en dit in die waspapier toegedraai om in pakkies op te maak.

My pa het die botter met die perdekar na Winburg vervoer, waar hy dit aan die handelaars verkoop het. Soms sou hy self die kar ry, en ander kere het hy

Kerools met die kar dorp toe gestuur. Ek sou sê dit was so een keer per week dat óf my pa óf Kerools met die botter Winburg toe gery het. My pa het goed gedoen met die botterverkopery en het later ’n kontrak gekry om botter so ver as Kimberley te lewer. Hy het voortgegaan om só botter te maak en te verkoop tot die oorlog uitgebreek het.

Ek kan nie presies onthou of hy met die bottermakery voor of na die Runderpes begin het nie. Die Runderpes was in 1896 en baie beeste het gevrek. Die boere het al die dooie beeste begrawe. My pa het daarna slegs ’n paar beeste oorgehad. Hy moes toe weer beeste koop en van voor af begin. As ek reg onthou, het hy sowat driehonderd

beeste gehad toe die oorlog uitgebreek het.

Runderpes was nie in suidelike Afrika bekend voor 1896 nie, en dit het nie net beeste laat vrek nie, maar ook baie van die inheemse wild op sy pad deur die kontinent na die suide. In Februarie 1896 is berig dat groot getalle beeste en wild besig was om aan beide kante van die Zambesi-rivier te vrek aan ’n onbekende siekte. Van hier is dit vinnig deur transportosse suidwaarts versprei.

Ten spyte van streng voorsorgmaatreëls het die siekte Kimberley in Oktober 1896 bereik. ’n Finale poging is by die Oranjerivier aangewend om te voorkom dat dit verder

suid versprei toe ’n doringdraadheining van ongeveer 1 600 kilometer lank opgerig is langs die noordelike grens van die Kaapkolonie en sowat eenduisend tree suid van die Oranjerivier. Teen die einde van 1898 was die runderpes onder beheer, maar na beraming het meer as twee en ’n half miljoen beeste in Suid-Afrika alleen gevrek.

My pa het die dooie beeste in ’n groot sloot begrawe waar die lemoenboord nou is. Hy het die grond van weerskante van die sloot oor die dooie beeste gestoot totdat hulle heeltemal toegegooi was, toe die grond gelyk gemaak en die lemoenboord aangelê. Ek moes al die

pitte plant en ek kan onthou daar was sommer baie pitte.

Soos in hoofstuk 2 genoem, is die lemoenboord agter die noordelike wal van die ou dam (wat steeds bestaan) uitgelê; in later jare is dié grond hoofsaaklik gebruik om groente te kweek. Deur die jare het die meeste van die bome geleidelik gevrek, maar daar is nog ’n paar bittereinders oor. Heel merkwaardig groei daar nog steeds twee groot lemoenbome waarvan die pitte vir die boord verkry is net links van die oorspronklike plaashuis op Wonderkop. Hierdie twee reuse – sover dit lemoenbome aangaan – is meer as honderd jaar oud en staan minstens vier

meter hoog. ’n Kweperheining wat in dieselfde tyd as die lemoenboord aangeplant is, bestaan ook nog.

Boerdery in die Oos-Vrystaat was dus gemeng en die lewe veeleisend maar bevredigend. Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 het hierdie vreedsame landelike bestaan en die groei van Senekal en die Onder-Wittebergen tot ’n traumatiese stilstand gebring. Volgens wetgewing van die Oranje-Vrystaat was alle burgers tussen sestien en sestig jaar verplig om militêre diens te verrig, buiten diegene met ’n geldige rede om nie opgekommandeer te word nie.

Die organisasie van die Boeremagte was op daardie stadium gebaseer op hul

tradisionele kommandostelsel. Die Oranje-Vrystaat en die Transvaal was verdeel in distrikte, wat op hul beurt in wyke verdeel was. Vir elke wyk is ’n veldkornet en assistentveldkornet vir ’n tydperk van drie jaar deur die burgers in die wyk gekies. Hulle sou dan na die hoofdorp in die distrik gaan om by die ander veldkornetskappe aan te sluit om ’n kommando te vorm. Die burgers het dan ’n kommandant gekies om hul kommando te lei.

Vroeg in Oktober 1899 het die president van die Oranje-Vrystaat, Marthinus Theunis Steyn,[10] sy kommandante en veldkornette opdrag gegee om alle geskikte burgers vir die verwagte oorlog te kommandeer.

Gevolglik is Philip, sy broers Pieter en Rooi Jan, en sy seun Vaal Jan gekommandeer. Philip het periodiek diens gedoen aan die Colesberg-front; Pieter het deelgeneem aan die beroemde Slag van Magersfontein aan die Kimberley- (westelike) front; Rooi Jan het meestal diens gedoen langs die grens van Basoetoland en ook binne die land. Vaal Jan het in Natal geveg, maar na die ontsetting van Ladysmith deur die Britte het hy teruggekeer na die Oranje-Vrystaat en voortgegaan om daar te veg.

Die veldkornet van die Onder-Wittebergen was Stephanus Gerhardus Vilonel,[11] 'n prokureur en afslaer van Senekal (wat later teen sy eie mense gedraai het). As kommandant van die

gekombineerde Winburg-kommando het die burgers die bekende Marthinus Prinsloo gekies, wat later berug sou word weens sy oorgawe met 4 300 man in die Brandwaterkom in die Fouriesburg-omgewing.

Prinsloo het die Winburg-kommando van sowat 1 200 man stelling laat inneem by Platberg in Van Reenen's Pas, waar hy op 9 Oktober as hoofkommandant van die Oranje-Vrystaatse magte aangestel is. In sy plek as kommandant van die Winburg-kommando het die burgers Helgaard Theunissen verkies.

Op dié stadium het die Senekal-kommando as 'n onafhanklike kommando begin optree en is hulle beskou as 'n

integrerende deel van die Winburg-kommando. Hulle was deel van die magte wat daarna Natal binnegeval en langs die Bo-Tugela geveg het, maar die kommando het geleidelik in veldkornetskappe verdeel wat na die westelike front verplaas is. Die twee afdelings van kommandante Johannes Petrus Jacobus Jordaan en Johannes Willem Kok was die eerste wat na die westelike front vertrek het. Philip se broer Pieter was deel van die kommando's aan hierdie front wat deelgeneem het aan die beroemde Slag van Magersfontein.

Die Winburg-kommando het 'n groot terugslag beleef met die oorgawe van generaal Piet Cronjé by Paardeberg.

Kommandant Theunissen is naby Paardeberg gevange geneem saam met honderd manskappe, en 'n dag later het Jordaan en Kok en hul manskappe saam met generaal Cronjé oorgegee. Al wat toe van die Winburg-kommando oorgebly het, was die Senekal-kommando en 'n aantal Winburgers onder bevel van Vilonel.

Bloemfontein het op 13 Maart 1900 geval. Generaal De Wet het sy burgers verlof gegee om huis toe te gaan, met die opdrag om weer op 25 Maart by die Sandrivier te versamel sodat hulle kon hergroepeer. Dit was juis een van die geleenthede wat Philip gehad het om na Wonderkop terug te keer.

Nadat die burgers weer by die

Sandrivier byeengekom het, het hulle na Brandfort getrek, waar De Wet besluit het om die Britse garnisoen by die waterwerke by Sannaspos aan te val. Die manne van Senekal en Winburg het ’n aansienlike getal uitgemaak van De Wet se kommando wat hier ’n groot oorwinning oor die Britse troepe onder generaal Broadwood behaal het.

Op 4 April het De Wet, bygestaan deur generaals Andries Izak de Villiers van Ficksburg en C.C. Froneman van Winburg, ’n Britse kolonne by Mostertshoek verslaan.[12] Hierop het die beleg van Brabant’s Horse by Jammersberg plaasgevind,[13] maar De Wet moes uiteindelik die beleg staak en het die passe en berge noord en oos van

Thaba Nchu beset.[14]

Die vernaamste veldslag in die Senekal-omgewing is op 29 Mei 1900 by Biddulphsberg geveg. Ná die dood van generaal De Villiers weens sy ernstige verwonding by Biddulphsberg, is sy manskappe onder die bevel van generaal Paul Roux, ’n predikant van Senekal, geplaas.[15] Sy kommando’s het stelling ingeneem in die berge van Senekal tot Ficksburg, maar regoor die Oos-Vrystaat het die Britte die oorhand gehad met veel groter getalle, en die hele Vrystaatse mag moes na die Brandwaterkom terugtrek.

Terwyl De Wet daarin geslaag het om van die Britse magte te ontsnap deur Slabbertsnek, het generaal Prinsloo met

sowat 4 300 man oorgegee, insluitende die kommando’s van Winburg en Senekal. Pieter en Vaal Jan was deel van die mag wat oorgegee het.

Afgesien van ’n klein Britse mag wat op die dorp agtergelaat is, was die oorlog so te sê verby vir Senekal. Van tyd tot tyd het Boerekommando’s deur die distrik beweeg, maar teen 11 Maart 1902, toe De Wet op Senekal aangekom het om die laaste kommando’s te ontbind, was die saak reeds verlore.

# Oproep tot kommandodiens

Soos reeds genoem was die manlike burgers tussen sestien en sestig jaar van die twee Boererepublieke verplig tot kommandodiens, maar daar was verskeie tieners en mans ouer as sestig wat nie gehuiwer het om by die kommando's aan te sluit nie. Ten tyde van die uitbreek van die oorlog was Philip du Preez vyf-en-vyftig jaar oud, en hy en sy dertigjarige seun Vaal Jan is

opgekommandeer om in die Senekal-kommando diens te doen, wat deel was van die groter Winburg-kommando.

Teen die tyd dat die oorlog uitgebreek het, was my pa ’n veldkornet in ons omgewing, en hy het belasting ingesamel van die boere van Wonderkop tot so ver as Zuuringkrans.[1] Zuuringkrans was naby Paul Roux[2] op die pad tussen Harrismith en Winburg, en was die halfwegstasie vir die omruil van die koetsperde. Daar was ook ’n klein winkeltjie en ’n poskantoor.

Die burgers van die Winburg-distrik was deeglik bewus daarvan dat hulle te eniger tyd opgekommandeer kon word.

Charlotte du Preez skryf: “Dit was laat die aand van die 1ste Oktober 1899, en ek en my man was al in die bed toe daar aan die voordeur geklop word. Ons kyk na mekaar, dit is seker die kommandeerman, en so was dit ook. Dit was die dapper jong Jan von Maltitz. Hy kommandeer Philip om Dinsdag die 3de Oktober te Senekal aan te meld.

O! Wat ’n nag van sorge en verdriet bring ons nie deur nie. Die volgende dag word daar gebak, geslag en ingepak vir Philip en sy seun Jan. Onder al die werk is daar vele sugte en baie trane. Alles is in rep en roer. Ons weet nie wat om alles in te pak nie: seep, kerse, vuurhoutjies, medisyne, naalde, knope, gare, ja, enigiets waaraan ons kon dink.

Aangesien Philip en Jan albei strawwe rokers was, het ons ook nie die tabak vergeet nie.”

Op 3 Oktober het hulle die spaaider gereed gekry en twee muile ingespan, en Philip en Vaal Jan het elk twee perde in goeie kondisie saamgeneem. Hul komberse is op die spaaider gelaai en die res van hul besittings vir gebruik op kommando op die perde. Soos heelwat ander vroue wat moes afskeid neem van hul mans of seuns, het Charlotte en Vaal Jan se vrou, Hannie, ook saam met die twee mans na Senekal vertrek. Op Senekal was daar groot bedrywigheid. Elke burger is van ’n perd, saal en toom, ’n mauser en ’n bandelier gevul met patrone voorsien. Philip het sy jas,

kombers, beskuit en ’n paar ander besittings op sy pakperd gelaai, wat altyd byderhand was as hy dit nodig gekry het.

Daar was baie vroue, moeders en susters op die dorp vir die afskeid. Die skeiding van hul dierbares was traumaties. Dit was erg genoeg vir gewone soldate, soos dié in die Britse leër, om na die front te vertrek. Maar die Boere was nie soldate van beroep nie en elkeen het reguit van sy plaas of van sy huis op die dorp gekom. Ná baie trane en verdriet het Charlotte en Hannie met die spaaider na Wonderkop teruggekeer.

“Die volgende dag bring ek baie swaar deur,” vervolg Charlotte. “Hoe ongewoon was die gedagte dat hy wat ek

so lief had en my so getrou bygestaan het nou vir ’n onbepaalde tyd weg was. Miskien sou ek hom nooit weer sien nie. Ag! Ek kon net in die huis bly, want as ek buite kom, sien ek al sy handewerk en dan huil ek.”

Daar is ooreengekom dat Hannie by Charlotte op Wonderkop sou bly omdat sy te eensaam sou wees op Damplaats, Vaal Jan se plaas. Op daardie tydstip was sy en Vaal Jan skaars twee maande getroud. Gedurende die oorlog is Damplaats deur die Britse troepe verwoes. By tye het die Leipold-susters Annie en Frieda, die verloofdes van Philip se broers Pieter en Rooi Jan onderskeidelik, ook op Wonderkop oorgebly. En natuurlik het Philip se

wewenaarvader in ’n buitekamer op Wonderkop gewoon.

Die meeste van die Vrystaatse kommando’s is na die Natalse grens gestuur, maar sommige van die burgers uit die distrikte wat aan Basoetoland gegrens het, moes hierdie gebiede langs die Caledonrivier patrolleer. Sodoende het Pieter en Rooi Jan naby hul plase gebly. Omdat die Basotho op daardie stadium vreedsaam was, het die burgers gereeld verlof ontvang en kon hulle huis toe gaan om ’n oog oor hul boerdery te hou.

Sommer die aand na my pa se vertrek op kommando het ons ’n aangename verrassing gehad. Hannie het in my ma

se slaapkamer ingestorm en uitgeroep: “Ma, kom kyk wie’s hier!” Met Lodie op die arm het my ma op die stoep uitgestap en daar sien sy my pa op sy perd aankom, doodmoeg en vol stof. Hy vertel toe dat die generaal [generaal Marthinus Prinsloo, oorspronklik kommandant van die Winburg-kommando] sommige van die ouer mans huis toe gestuur het. Vaal Jan moes egter saam met die kommando’s Natal toe gaan.

Daar is besluit dat die mans wat op hul plase gebly het, moes toesien dat almal se oeste ingesamel word sodat die kommando’s van kos voorsien kon word. Hulle moes rondbeweeg en sorg dat die vroue wat alleen op hul plase was,

genoeg arbeiders het om die koring te oes. Op ons plaas was daar baie koringlande maar min arbeiders, en my pa en ek het baie werk gehad om te doen. My pa moes nie net sy eie oeste insamel nie, maar ook Vaal Jan s’n op Damplaats.

Ons het die koring gesny en in ronde miedens gepak soos ons daardie dae gemaak het, want daar was daardie tyd nie masjiene vir ons gewees om te gebruik nie. Vir die dorsery het ons dieselfde perde gebruik waarna ons elke dag moes gaan soek. My pa het ’n dorsvloer gemaak met pale rondom die vloer en rou beesrieme daarom gespan om die perde binne te hou. Dit was ’n grondvloer; die arbeiders het eers ’n

stuk grond skoongeskoffel en die swart vroue het dit met mis gesmeer dat dit mooi gelyk was. Ons het dan die koring daarop uitgepak, die perde gaan haal van die berg af en hulle ingejaag op die vloer. Ons het hulle al in die rondte gedryf om die koring uit die bondels te trap.

Dan jaag ons die perde weer uit as hulle die koring goed uitgetrap het. Ons het gaffels geneem en die koring omgekeer, dan jaag ons weer die perde op die dorsvloer tot hulle die koring nou weer goed uitgetrap het. As hulle klaar gedors het, dan los ons hulle en hulle hardloop weer die berg uit, met my pa wat gelei het.

Ons sou kyk in watter rigting die wind

waai, eers die strooi afhaal, en met skopgrawe die koring in die wind gooi dat die wind al die doppies wegwaai totdat die koring dan mooi skoon van die kaf geskei is. Ons het die koring in ’n wa aangery; ons het nie sakke gehad nie. Ons het die koring in ’n kamer in ons skuur gestoor waar die Boere dit kon kry wanneer hulle kos nodig gehad het vir die burgers wat moes veg … Daardie jaar [1899] was ’n goeie jaar en die koring het baie goed gelyk.

Van tyd tot tyd het die mense op die plase nuus van die front gekry. Die eerste wat hulle gehoor het, was dat die kommando’s in die Drakensberg was, in Van Reenen’s Pas stelling ingeneem het

en die grens na Natal oorgesteek het om verskeie dorpe te beset. Uit die Oos-Vrystaters se perspektief het dinge goed gelyk, want die Britte was ver weg en die Basotho was vreedsaam. Ietwat naïef het Charlotte genoem dat hulle gedink het die Britte sou moes oorgee. ’n Ruk voor Kersfees het die vroue koeke en soetgoed vir hul familie en vriende op kommando gebak, wat deur die regeringswaens na die naaste stasie geneem en na die Boerelaers gestuur is.

Intussen het Philip en Charles hard gewerk om die koring te oes. Op ’n dag in Desember 1899 het ’n jong getroude paar, meneer en mevrou Gradwell van Harrismith, met ’n ossewa op Wonderkop opgedaag. Meneer Gradwell

was nie ’n gesonde man nie en het ’n doktersertifikaat ter stawing gehad. Sy plan was om die mense op die plase te help om hul koring te vervoer en sodoende ’n bietjie koring vir homself te verdien. Omdat die Du Preezs hierdie soort hulp nodig gehad het, is die Gradwells verwelkom en het hulle op Wonderkop aangebly.

Selfs op Kersdag het Philip en Charles op die lande gewerk. Philip het te veel werk gehad om die dag af te neem en was bekommerd dat hy weer gekommandeer sou word voordat die oes ingebring was. Maar die res van die gesin het by hulle op die lande gaan kuier met koek en koffie, en selfs die gesin van meneer Corneels Erasmus wat

daar naby gewoon het, het gekom om die middag saam met hulle te geniet. Erasmus was die ouderling vir hul wyk, en hy het later na die sterfte van Philip se vader omgesien. Kersdag het egter op ’n kommerwekkende noot geëindig toe hulle berig ontvang het dat die Basotho beplan om aanvalle oor die grens te loods. Hulle het ’n angstige Kersaand op die plaas deurgebring.

Om dinge te vererger, is Philip kort daarna weer na sy kommando opgeroep. Charlotte skryf: “Op 30 Desember gaan Hannie, Bettie Gradwell en ek af tuin toe om pere en appels te pluk. Philip en Gradwell was juis weg om ’n dorsmasjien te gaan haal. Een van ons arbeiders kom sê ons in die tuin dat die

kommandeerman by die huis was. By die huis aangekom vertel Pa [Philip se vader] dat Philip op die 1ste Januarie 1900 te Senekal moet aanmeld. Ag! Hoe swaarmoedig voel ek toe, ek was my in my trane dag en nag."

Op dié stadium het Philip se broer Pieter 'n paar dae verlof gehad, maar Rooi Jan was saam met die Ficksburg-burgers aan die westelike front, waar hulle vroeg in Desember 'n roemryke oorwinning by Magersfontein behaal het.[3] Dit was gedurende Britttanje se Black Week, toe daar ook nederlae gely is by Colenso in Natal en Stormberg in die noordoostelike Kaapkolonie.

Op Sondag 31 Desember 1899 is daar weer ingepak vir Philip om na die front

te gaan, en hy het gaan afskeid neem van meneer Erasmus en sommige van die bure. Philip en Charlotte het op die Maandag, Nuwejaarsdag 1900, na Senekal vertrek waar Philip vir kommandodiens moes aanmeld.

Op die dorp moes Charlotte nog een en ander koop vir hom om saam te neem. Sy het dit nie toe geweet nie, maar sy sou daarna nog twee keer van hom moes afskeid neem. "Uiteindelik was dit tyd om afskeid te neem van mekaar. Voordat ons mekaar groet, neem ek die Bybel en lees Psalm 91, en ek huil so dat ek byna nie kan sien nie. Ons kniel toe saam en Philip doen 'n hartroerende gebed."

Terug by die spaaider vind sy die kommandeerman, Jan von Maltitz, en vra

hom om na Philip om te sien omdat hy al ’n “ou” man was. Jan, altyd gereed met ’n antwoord, sê pront: “Ja, oom Philip moet net vir my gehoorsaam wees.”

Von Maltitz is beskryf as dapper en verstandig, en hy sou een van die veldkornette van die Vrystaatse kommando’s word.

Met sy vader op kommandodiens was een van Charles se take om na die vee op die plaas om te sien.

Toe ek nog maar ’n seuntjie van so nege jaar was, kon ek al baie goed perdry. Ek wil hê dat my kleinseun ook goed moet leer perdry sodat hy eendag na my skape kan kom kyk. Toe my pa op kommando was, het ek elke môre saam met Agus,

ons plaaswerker, na ons vee gaan kyk en of die Engelse hulle nog nie gevat het nie. Ons moes ry tot bo-op Wonderkop om te sien of al ons perde nog daar was. My pa het met baie perde geboer en hulle het bo-op Wonderkop geloop.

Charlotte het nou die verantwoordelikheid gehad om die koring te oes. Sy het meneer Gradwell gevra om by hulle te bly totdat haar man teruggekeer het. Hy het ingestem, maar moes eers sy deel van die koring op Harrismith gaan verkoop. Die dorsmasjien was nou gereed, maar die arbeiders was traag om te werk en swaar reëns het dinge verder bemoeilik.

Die situasie vir vroue soos Charlotte

wat op die plase moes agterbly, was baie moeilik. Nie alleen was daar die alewige onsekerheid oor die lot van hul mans en seuns aan die front nie, maar hulle was ook genoodsaak om die mans se werk te doen. Boerevroue was gewoonlik baie afhanklik van hul mans, en Bybelse voorskrifte is dikwels gebruik as motivering vir hul afhanklikheid en onderdanigheid. Hierdie afhanklikheid het dit vir hulle des te meer traumaties gemaak wanneer hul mans vertrek het. Hierbenewens het dit meer verantwoordelikheid geplaas op die ouer kinders, soos Charles, wat moes regstaan om die daaglikse take te behartig.

In ’n brief gedateer 5 Januarie 1900

skryf Margaret Marquard van die pastorie op Winburg: "Christian Pienaar … this man with two sons and a son-in-law are with our burghers at or rather around Ladysmith, and now on Monday the last available boy, nineteen years old, had to leave, commandeered no one is quite sure wither. Those who with him have been commandeered this week are just about the last that could be scraped together – elderly greyheads, and young lads … well – the prayer meeting – there were of course mostly women folk, and one gets to see how very real the hardships are to them of being left to take care of things ['zorg']."[4]

Dit was gedurende hierdie tyd, in Januarie 1901, dat 'n baie siek jong

Boer, korporaal Antonie Ferreira van Humansdorp in die Oos-Kaap, te perd op Wonderkop aangekom het. Hy het van die Transvaal gekom en het by die penkoppe (jeuglede van die kommando's) in die Oranje-Vrystaat aangesluit. Hy is 'n paar dae lank deur Charlotte verpleeg, maar is oorlede en op die plaas begrawe. Jare later is sy lyk opgegrawe en in die heldeakker op Clocolan herbegrawe.

Die Du Preezs het gereeld van Vaal Jan op die Natalse front verneem. Hy was een van die mees toegewyde burgers. Ander in dieselfde kommando wat aan die Du Preez-gesin bekend was, was C. en J. Erasmus, T. Lutz, Andries van Schalkwyk en Dawie Fourie. Fourie

het noue bande met die gesin op Wonderkop ontwikkel nadat hy later gedurende die oorlog by hulle gewoon het.

Dit het Charlotte ’n paar dae geneem om uit te vind na watter front Philip gestuur is. “Ek het ’n telegram van hom ontvang wat hy uit Bloemfontein aan my gestuur het. Die telegram het gelees: ‘Alles wel, vertrek na Colesberg.’ Vir ’n geruime tyd hoor ek niks, en kry toe weer ’n brief van Philip uit Colesberg.

Hoe dierbaar was die briewe wat ek van my onmisbare man ontvang het. Dikwels het ek self na Senekal gegaan om die pos te kry, Kerools was my helper. Ek was self koetsier. Hoewel meneer Gradwell by my was, rus die

verantwoordelikheid nogtans op my skouers.

Ek verlang baie na Philip en besef hy sal nie verlof kry nie. Nogtans besluit ek om aan die V.C. [veldkornet] te skryf en te hoor of hy nie Philip ’n paar dae sou afgee om my by Donker Poort[5] te ontmoet nie. Die V.C. skryf terug dat hy Philip teen die einde van Februarie ’n paar dae sal afgee. Ek verwag toe elke dag om te hoor wanneer ek moet ry na Donker Poort.”

Sedert Philip na die Colesberg-front vertrek het, was daar heelwat skermutselinge met die Britse troepe in hierdie Noord-Kaapse gebied. Tussen 1 en 17 Januarie 1900 was daar gevegte by plekke soos Jasfontein, Plewman’s

Farm, Grassy Hill, Skietfontein, Agtertang, Slingerfontein, Bastersnek, Rensburg Station en Colesbergbrug. Gedurende Februarie was daar skermutselinge by Australian Hill (op die 9de), Bastersnek (op die 10de), McCracken's Hill (op die 12de) en Arundel (van die 23ste tot die 24ste).

Groot was Charlotte se vreugde toe sy eendag 'n telegram van Philip ontvang wat lees: *Ga niet van huis ik kom*.

Philip se vader was net so verheug en het vir Charlotte gesê dis 'n goeie ding sy seun is op pad, "anders is hier niemand om my te begrawe nie". Hoewel hy nog taamlik gesond was, het hy waarskynlik gevoel sy einde is naby. Hy is minder as 'n maand later, op 7

Maart, in die ouderdom van vyf-en-tagtig oorlede.

Op dieselfde dag as Philip se telegram kry hulle ook nuus van Vaal Jan dat sy kommando Natal verlaat omdat hulle na Koedoesrand moes gaan, waar die Boerelinies uitgedun was.[6] Teen dié tyd het baie van die Boere erge ontbering op kommando begin ly en het hul vroue na maniere gesoek om hul las te verlig.

Op 14 Februarie 1900 skryf Margaret Marquard van Winburg: "We are finding ourselves very busy (!) with a new Relief Venture of Mrs Steyn's[7] – the making of shirts and trousers for the men at the front by wives of needy ['behoeftig'] burghers here."[8]

Al die tyd het Charlotte en haar kinders gretig op Philip se terugkeer gewag. Eindelik, op 22 Februarie 1900, het die gesin op die stoep gesit toe Charles skielik opspring en uitroep: “Ma, daar kom Pappa!” Hulle het almal na die pad gehardloop om Philip, teen dié tyd al maer en verouderd, te groet. Hulle was teleurgesteld dat hy slegs twee weke verlof ontvang het, maar was nietemin uiters verheug om vir ’n kort rukkie sy teenwoordigheid op die plaas te geniet.

Op hierdie stadium het Rooi Jan ook verlof gehad – Pieter het toe in sy plek gaan veg. Philip se gesin het Rooi Jan en Frieda op hul plaas Quaggafontein gaan besoek en vir ’n paar dae daar oorgebly.

Die twee broers het planne beraam om weer na die front te gaan: Philip terug na Colesberg en Rooi Jan na Kimberley. Hulle het die nuus ontvang dat generaal Piet Cronjé op 27 Februarie met 4 000 man by Paardeberg oorgegee het.

In dié tyd het Philip se vader siek geword en 'n kis is van Senekal gestuur. Op die oggend van 7 Maart het Philippus gevra dat die ouderling, meneer Erasmus, na hom gebring moes word. Toe meneer Erasmus daar aankom, sê die ou man vir hom: "Broeder, ik ga u verlaten." Hierop het hy op sy bed in sy buitekamer gaan lê en om eenuur die middag gesterf.

Gelukkig was twee van sy seuns teenwoordig om hom te begrawe. Die

buitekamer waar hy gewoon het, is steeds deel van die buitegebou op Wonderkop, maar dis in later jare toegebou deur ’n nuwe aanbouing en word deesdae as stoorplek gebruik.

# Na die front en terug

Die tyd het weer vir Philip aangebreek om na die Colesberg-front te gaan. Sy verlof moes blykbaar verleng gewees het, want hy en Charlotte het eers op 12 Maart 1900 na Winburg vertrek, waar hulle 'n dag of twee oorgebly het. By Winburg-stasie het hulle verneem van die hewige geveg by Abrahamskraal.[1] Een van die mans wat hulle geken het, T. Lutz, is in die arm gewond, terwyl

Dawie Fourie, wat by hulle op die plaas gewerk het, deur die longe geskiet is en na ’n Britse hospitaal in Bloemfontein geneem is. Fourie sou later sy opwagting maak op Wonderkop nadat hy uit Bloemfontein ontsnap het. Andries van Schalkwyk, wat hulle geweet het in Vaal Jan se kommando was, is ernstig gewond en moes op die slagveld agtergelaat word. Vaal Jan, wat ook in die veldslag betrokke was, het gehardloop om hom te gaan help. Maar toe hy afbuk om die gewonde man op te tel, is daar ook op hom geskiet. Gelukkig het die koeël sy bandelier getref en het hy ongedeerd daarvan afgekom.

Philip en Charlotte het ook gehoor dat Bloemfontein op 13 Maart deur die

Britte ingeneem is. Philip en Rooi Jan het op daardie stadium nie geweet waar hul kommando's was nie, maar hulle het nogtans saam met 'n groep burgers vertrek wat ook op die stasie was.

"Nogeens neem ek afskeid van my man en keer huiswaarts," treur Charlotte. "So ver ek gaan, vertel ek aan almal dat Bloemfontein ingeneem is, maar niemand wil my glo nie."

Haar verdriet het egter weer in vreugde verander. "Die volgende aand terwyl ons aan tafel sit, hoor ons 'n geraas buite. Dit was omtrent twaalf Kaffers te perd, waaronder ook Philip se Kaffer wat met hom saamgegaan het [sy agterryer]. Ek vra waar hulle heen gaan. 'Ons weet nie, die base kom aan.' Ek vra

hulle of dit vrede is. ‘Nee,’ antwoord hulle, ‘die base kom sommer huis toe.’ Kort daarna kom Philip en Rooi Jan aangery. Later in die aand arriveer ook Pieter en ons seun Vaal Jan.”

Ná die val van Bloemfontein het die Boere teruggeval, en generaal De Wet het sy Vrystaatse burgers toegelaat om hul gesinne te besoek. Op 25 Maart moes hulle weer by die Sandrivierbrug byeenkom. Hiermee sou die guerrillafase van die oorlog begin. ’n Groot aantal burgers het by Sandrivier opgedaag, onder wie die Du Preezmans, maar baie het eenvoudig tuisgebly.

Met die mans wat op 21 Maart weer na die front vertrek het, het die vroue teruggekeer huis toe, “te midde van trane

en sugte, baie kommer en verdriet", soos Charlotte geskryf het.

Sowat 'n maand later het die vrouens verneem dat die Boere 1 900 man van die regiment Brabant's Horse by Jammersbergdrif naby Wepener vasgekeer het. Rooi Jan, Pieter en Vaal Jan was almal betrokke by die beleg. Brabant's Horse is aangevoer deur die brigadier-generaal van die Oos-Kaapse troepe, majoor-generaal sir Edward Yewd Brabant. In *Three Years' War* skryf generaal De Wet:

> To tell the truth, there was not a man amongst us who would have asked better than to make prisoners of the Cape Mounted Rifles and of

> Brabant's Horse. They were Afrikanders, and as Afrikanders although neither Free-Staters nor Transvaalers, they ought, in our opinion, to have been ashamed to fight against us.
>
> The English, we admitted, had a perfect right to hire such sweepings, and use them against us, but we utterly despised them for allowing themselves to be hired. We felt that their motive was not to obtain the franchise of the Uitlanders but – five shillings a day![2]

Die beleg het sestien dae in gure weer geduur. Sommige het later gereken die

beleg was ’n groot fout en dat De Wet sestien dae vermors het, dat hy eerder moes voortgegaan het om die kommunikasielyne van die naderende troepe van lord Roberts te vernietig. Teen daardie tyd was die Britte besig om op die Oos-Vrystaat toe te sak.

Ná die val van Bloemfontein het lord Roberts op 3 Mei noordwaarts vertrek vanaf Kareestasie met ’n mag van sowat 20 000 man. Terselfdertyd, veertig kilometer na die ooste, het nog ’n mag van 18 000 man onder bevel van generaal Ian Standish Monteith Hamilton en majoorgeneraal sir Henry Edward Colville parallel met Roberts se mag noordwaarts vertrek.

Die volgende dag het lord Roberts vir

generaal sir Henry Macleod Leslie Rundle, wat die 8th Infantry Division by Thaba Nchu aangevoer het, opdrag gegee om die Boere te verhoed om weer die suidoostelike Vrystaat te beset. Gevolglik het Rundle met 8 000 man noordooswaarts getrek saam met sowat 3 000 man van die Colonial Division onder Brabant. Hierdie strategie het gesinne soos die Du Preezs op Wonderkop en ander in die suidoostelike Vrystaat erg geaffekteer.

Margaret Marquard se briewe gedurende Mei 1900 gee ’n goeie idee van hoe dié gebeure die plaaslike bevolking oorval en getraumatiseer het:

> 4 May 1900 – Yesterday evening

came the news that the English had forced their way to Verkeerde Vlei,[3] and were marching unstopped to Winburg; the President had actually passed through here on Tuesday night to the commandos, now we have no notion where he is. This morning the news was better, – the Boers were resisting them at Verkeerde Vlei … there comes the news after dinner, Boers have had to retreat to Vet River, – heaps of them are fleeing! – ach dear me … 8 May 1900 – One gets an overwhelming idea of the myriads of these soldiers swarming around one, – tales of theft and annoyance are not

wanting, – we are unmolested, – God is good. A native who came today told me that the Boer commandos in great force were mustered at Zand River: the place is just swarming with troops. Zondagshuizen[4] are being broken into and searched, – my heart is sore for many of our people with the terrible loss this will mean to them. 15 May 1900 – Today and yesterday we have had visits from women from the country, … some, – especially a poorer one today – had horrible tales of the destruction and wholesale robbery on their homesteads: for wickedness they are hard to equal … The details

seem too trying to go over, – carts, horses, 'trek goed', wagons, forage, 'alles wat op een Zolder is', nothing spared …

30 May 1900 – The state of plunder under martial law goes on, – people are fearing to be seen in town with wagons or carts as these are forthwith commandeered … We hear they have been getting it difficult ['zwaar'] at Senekal which probably accounts for the persecution ['vervolg-geest'] – here … Mr Spratt of Senekal is said to have been taken through today as a prisoner.[5]

Charlotte het gereeld na Senekal gegaan om pos te gaan haal. Eendag nadat sy van die dorp teruggekeer het, het sy op haar bed gelê met ’n erge hoofpyn met Hannie wat by haar gesit het, toe die huishulp Mary ingehardloop kom met die nuus dat Philip op pad was. Charlotte het na buite gehardloop en daar was haar man. Hy was siek en is ’n paar dae verlof gegee om te herstel. Die burgers het teen dié tyd swaar gely op kommando terwyl hulle sonder ammunisie en voorrade voor die Britse troepe uitgevlug het.

Philip het ook instruksies gehad om ’n wavrag hout, meel en so meer na Senekal te stuur. Hannie, wat haar eerste kind verwag het, wou vir ’n ruk by

Philip se suster Mimmie op die dorp gaan woon, en Frieda wou haar twee maande oue baba laat doop. Gevolglik het hulle almal met die wa na Senekal gereis.

Dit was in dié tyd dat die jong Charles by sy tant Mimmie gewoon het om op Senekal te kon skoolgaan. Hoewel die skool nie gedurende die oorlog gesluit het nie, het dit ongetwyfeld daaronder gely. Slegs die kinders van die dorp en meisies kon met hul opleiding voortgaan. Groot getalle seuns het die skool verlaat om by die Boerekommando's aan te sluit, terwyl ander na hul familieplase teruggekeer het om hul vaders te vervang wat aan die front was. Uiteindelik het Charles slegs

’n maand of twee skool bygewoon gedurende die oorlog.

Hannie het op die dorp agtergebly toe Charlotte en Frieda teruggekeer het huis toe. Op pad word hulle verras toe hulle Rooi Jan en Vaal Jan teëkom. Laasgenoemde was op pad na Senekal. Aangesien Philip nog maar baie siek was, het Vaal Jan aanbeveel hy moes wag totdat die Britte naby was voordat hy weer na sy kommando terugkeer. ’n Paar dae later het hulle verneem dat die beleg van Brabant’s Horse beëindig is.

“Die vyand kom en niemand wil graag gevang word nie,” skryf Charlotte. “Philip pak weer in en gaan vort. Gradwell is op pad na Harrismith om sy koring te gaan verkoop en Bettie en ek is

alleen by die huis."

Pieter en Rooi Jan was nou weer terug, en hulle het die vroue op 13 Mei gaan besoek. Min het hulle geweet dat hulle hulle 'n lang tyd nie sou sien nie.

Dieselfde aand op Wonderkop word Charlotte gewek deur iemand wat roep: "Vrou, vrou!" Sy het uit die bed gespring en toe sy die deur oopmaak, staan Philip daar. Hy en Vaal Jan het so ver gegaan as Paardekraal, die plaas van meneer A. Wessels, maar hy het omgedraai omdat hy te oud was om by die voortvlugtende jonger manne by te hou. Al die ander jong mans het van Paardekraal af saam met die kommando gevlug.

Nou het 'n tydperk van groot onrus en kommer aangebreek. Berigte bereik

hulle gereeld van gevange burgers wat weggestuur word na krygsgevangenekampe op St. Helena en ander Britsbeheerde eilande. Selfs jong seuns word gevange geneem.

’n Paar dae voordat die Britse troepe hul gebied bereik het, het mense begin om in alle rigtings te vlug, sommige met hul hele gesin en vee. Die Du Preezs het besluit om tuis te bly en, soos Charlotte dit gestel het, “op God te vertrou”. Dit was in hierdie tyd dat ’n meneer H. Siebert, wat met ’n trop regeringskape getrek het en nou gedwing was om die Britte te ontduik, op Wonderkop aangekom het.

Die Britte het al die perde gevat wat hulle in die hande kon kry, en Philip het

gevolglik sy perde wat in beter kondisie was aan die burgers gegee. Hulle het die twee voshingste gehou waarvoor Charlotte so lief was. Op 19 Mei is Charlotte na Senekal vir die geboorte van Hannie se baba en sy het die spaaider met dié twee hingste geneem. Teen die tyd dat sy daar aangekom het, was Hannie se babadogter Anna net vier-en-twintig uur oud.

Charles het die skool verlaat en is saam met sy moeder terug plaas toe. Op pad het hulle by 'n Boerelaer verbygegaan, waar een van hul plaasarbeiders vir hulle gewag het met 'n brief wat Philip van Wonderkop af gestuur het. In sy brief sê Philip aan sy vrou om die generaal van die laer te

gaan sien, omdat hy die twee hingste wou koop.

Generaal De Villiers het haar £60 aangebied, veel minder as die £200 wat Charlotte gedink het die perde werd was. Maar sy het haarself getroos met die gedagte dat die Kakies hulle in elk geval verniet sou vat.[6]

Die volgende oggend het Charlotte die twee perde met 'n vrag voer na die laer gestuur. Sy het 'n ontvangsbewys vir die perde gekry en dit met een van die plaasarbeiders na die landdros op Senekal gestuur, maar voordat die arbeider kon terugkom, het die Britte Philip reeds weggeneem.

Die Britte het op 22 Mei 1900 vir die eerste keer op Wonderkop verskyn. 'n

Luitenant Gardiner en vyf-entwintig man het op die plaaswerf aangegalop gekom. “O! Dit was ’n oomblik van angs, ons is nou in hulle mag,” skryf Charlotte.

Die offisier het gevra of hulle enige vuurwapens in die huis het. Hulle het slegs ’n ou sanna gehad, en nog twee gewere wat selfs ouer was. Philip het toe reeds sy mauser en bandelier aan die burgers gegee. Luitenant Gardiner wou nie moeite doen om sulke ou gewere te konfiskeer nie, en Charlotte het dit gevolglik later verbrand. Die Du Preezs het ook later eers gehoor dat meneer Siebert, wat op Wonderkop gebly het om die Britte te ontduik, sy vuurwapens vir die Britte weggesteek het.

Hoewel hy as hoflik beskryf is, het

luitenant Gardiner Philip en meneer Siebert nogtans beveel om twee perde op te saal en saam met hulle na die Britse kamp te gaan. Die enigste beskikbare perde was Charles se perd Flink, ’n maer merrie en ’n gewonde wa-perd. Laasgenoemde twee is voor die spaaider ingespan en Philip en meneer Siebert het saam met die soldate vertrek.

Charlotte kon die hele nag nie slaap nie, omdat sy geen idee gehad het wat met haar man gaan gebeur nie. Die volgende dag het sy ’n boodskap van Philip gekry om te sê hulle moes na Winburg gaan, maar dat hy steeds probeer het om los te kom. Charlotte was terneergedruk en het die hele tyd

gehuil.

“Charles huil saam met my en is baie hartseer. Nellie is baie siek; sy het ‘diphtheria’. Dit alles maak dit nog swaarder vir my. Wat sal met ons gebeur as hy weggestuur word, die kinders is nog so klein?”

Gelukkig het Philip en meneer Siebert ná drie dae onverwags teruggekeer. Philip vertel toe dat die kamp waarheen hulle geneem is op die plaas van meneer F. von Maltitz is. Met hul aankoms het hulle uitgespan en die perde aan die spaaider vasgemaak. Hulle is streng bewaak en het niks te ete gekry nie; die arme perde het nie voer of water gekry nie.

Die aand is hulle na meneer Von

Maltitz se huis geneem, waar hulle geslaap het, maar hulle is regdeur die nag bewaak. Die volgende oggend het mevrou Von Maltitz hulle iets gegee om te eet, maar sy kon min doen omdat die Britte haar hele huis beset het.

Philip, meneer Siebert en meneer Von Maltitz is toe na Clocolan gestuur, waar hulle voor 'n paar offisiere verskyn het en die eed van neutraliteit moes aflê.[7] Hierop het elkeen 'n pas ontvang wat hulle geregtig gemaak het op "beskerming" van die Britse troepe, maar dit het later geblyk waardeloos te wees.

Nadat Vader teruggekom het, het die Engelse gekom en hom gevra hoekom hy

nie by die kommando's was nie. My pa het hulle toe die brief gewys wat die kommandant aan hom gegee het met die opdrag om na sy boerdery te gaan omsien. Die Engelse het hom toe vir 'n paar dae na Ladybrand weggeneem, en hom toe na ons plaas teruggestuur. Hulle het hom ook 'n brief gegee om na sy boerdery om te sien. "Maar jy moet op jou plaas bly," het hulle gesê, "jy mag nie van die plaas af weggaan nie." En so het my pa op die plaas gebly. Hy was soos hulle gevangene. Maar dit was nie net hy nie; daar was ook ander wat huis toe gegaan het na Ladybrand om hul koring te gaan oes.

Terug op Wonderkop het meneer Siebert

vir Philip en Charlotte van sy vuurwapens vertel; hy het die geweer op die solder van die smidswinkel versteek en sy rewolwer in die beddegoed van die spaarkamer. Philip het die geweer geneem en in die dam gegooi en Charlotte het die rewolwer iewers op die plaas gaan begrawe.

Teen dié tyd, 24 Mei 1900, het generaal Rundle se 8th Infantry Division met Springfontein, Dewetsdorp en Thaba Nchu langs na Koppieskraal gemarsjeer – agt-entwintig kilometer suidwes van Senekal en glad nie ver van Wonderkop nie. Die Boerekommando's onder generaal Andries de Villiers het geen weerstand gebied nie en het stadigaan noordwaarts teruggetrek.

# Die ontberinge van oorlog

Wonderkop was teen Mei 1900 so te sê omring deur Britse kampe. Daar was kampe op Clocolan na die suidweste, Hammonia[1] na die suidooste, Aprilskraal tien kilometer noord van Wonderkop en by Platkoppies (amptelik Plat Kopje). Rundle se hoofkwartier was op Senekal, terwyl Brabant se Colonial Division by Hammonia gestasioneer was.

Op 26 Mei het ’n skermutseling met die Boere plaasgevind naby Hammonia, maar daar was ’n baie groter geveg drie dae later by Biddulphsberg naby Senekal. Dit sou ook die grootste geveg in die Senekal-omgewing gedurende die oorlog wees.

In die Lindley-omgewing is die Britte onder luitenant-kolonel Basil Spragge deur generaal Piet de Wet (broer van Christiaan de Wet) bedreig en hulle het Rundle om bystand gevra. Rundle was nie bereid om vyftig kilometer na Lindley te marsjeer en sodoende sy eie posisie in gevaar te stel nie. Hy het sy besluit na Brabant op Hammonia getelegrafeer, maar bygevoeg dat hy bereid was om ’n magsvertoon te loods

om die aandag van die Boere by Lindley te trek. Hierdie telegram is deur die Boere onderskep, wat toe ten volle bewus was van Rundle se planne.

Onder aanvoering van generaal Andries de Villiers het die Boeremag aan die front teen Rundle bestaan uit die kommando's van Ladybrand, Senekal, Ficksburg, Wepener, Smithfield en Thaba Nchu, en die Vrystaatse Artillerie onder kaptein J.J. Smith.

Op 28 Mei het Rundle van Senekal vertrek met sowat 4 000 man. Hulle het in 'n oostelike rigting tot tussen Sandspruit en Gwarriekop getrek, waar hulle die nag ten weste van Gwarriekop deurgebring het. Die Boere was oortuig dat Rundle die noordelike roete om

Biddulphsberg na Bethlehem sou neem. Generaal De Villiers het dus sy hoofkwartier aan die noordekant van Biddulphsberg opgestel, met manne rondom die noordelike punt en af tot by die noordwestelike voet van die berg.

Onder bevel van Rundle het die Britse kolonne vroeg die oggend van 29 Mei stadig begin uitbeweeg. Hulle het onder hewige vuur gekom, en om die situasie te vererger, het die droë gras wat aan hulle dekking gebied het agter die voorste afdelings aan die brand geraak. Die soldate is tussen die kanonvuur van voor en die veldbrand van agter vasgekeer. Die Britte het swaar verliese gely: 38 dood en 123 gewond. Heelwat van die gewondes het later aan hul

wonde beswyk.

Aan Boerekant is generaal De Villiers swaar gewond, en ’n paar ander Boere het ligte wonde opgedoen. Die dag na die geveg is ’n skietstilstand bereik. Die gewonde De Villiers is na Senekal geneem, waar hy later oorlede is.

Rundle se hoofkwartier is na Senekal teruggeskuif en die gewondes is in die NG Moederkerk verpleeg. Aan die einde van Mei 1900 het die 8th Division uit Senekal vertrek en stelling ingeneem in die voetheuwels van die Wittebergen. Daar het hulle ses weke lank vertoef om die passe na die weste van die Brandwaterkom te bewaak. Dié divisie sou later betrokke wees by die oorgawe van generaal Prinsloo in die

Brandwaterkom in Julie 1900.

Die Britte het nou 'n sterk teenwoordigheid in die gebied gehad. Hulle het feitlik elke dag by Wonderkop opgedaag om na die bewoners se passe te kyk.

3 Junie 1900: Meneer Siebert het gereed gemaak om terug te gaan na Senekal waar hy gewoon het, maar hy wou eers die regeringskape dokter wat hy opgepas het. Terwyl hy en my pa daarmee besig was, kom 'n groot groep Kakies op die plaas aangery. Die eerste ding wat hulle my pa en meneer Siebert vra, was of hulle Britse passe het. Toe wil hulle weet waar die skape en beeste van die regering was en meneer Siebert moes dit

toe oorgee. Die luitenant in bevel het later gesê hy het gedink hulle sou die vee met geweld moes afneem. Hy het ook gedink die vee sou in die berg versteek wees en het ’n paar soldate gestuur om daarna te soek. Toe hulle terugkom, het hulle ’n klomp van Vaal Jan se hingste by hulle wat hulle in die berg gekry het. Toe neem hulle al die vee en perde weg.

Om dinge vir die Du Preez-gesin te vererger, het Nellie nog steeds aan witseerkeel gely, en van die ander kinders het ook aangesteek. Met Philip wat tot die plaas ingeperk was en Britse soldate wat ronddwaal, kon hulle nie eens by hul naaste bure uitkom nie; dit was ’n tyd van erge swaarkry. Gelukkig

het ’n groep Britse soldate eendag opgedaag om hawer te konfiskeer, en die offisier in bevel het Charlotte aangeraai om aan die dokter in hul kamp te skryf om hulp te vra.

Die offisier het die brief persoonlik afgelewer, en die dokter het die volgende dag opgedaag om die siek kinders te behandel. “Hy was baie vriendelik en ek gee hom vars oondkoek met botter en heuning om te eet, hy was baie dankbaar daarvoor,” skryf Charlotte.

Sommige van die Engelse was goed vir die Boerevroue op die plase. Gedurende die oorlog toe ons nog op die plaas gebly het, het die Engelse aan my ma

gesê hulle sal sout vir haar bestel as sy dit wil hê. Partykeer het hulle vir ons blikkieskos gegee. Ander was egter weer baie onbeskof, soos die hensoppers ook was.[2] Party van die Engelse soldate was baie vuil en morsig, en hul klere was geskeur. Maar ander het altyd netjies gelyk en het ons goed behandel. Daar was 'n offisier wat ons altyd goed behandel het en vir my suiker gegee het as hy op die plaas kom.

Die Engelse wou altyd pluimvee, botter, eiers en dies meer van my ma koop. Sy het nie veel van 'n keuse gehad nie omdat hulle dit in elk geval kon kommandeer as sy geweier het. Party van die offisiere het baie moeite gedoen vir die mense op die plase. Een het vir

ons ’n pas gegee sodat Agus, ons skaapwagter, kon perdry wanneer hy moes gaan soek na die vee. Na ’n ruk is perdry heeltemal verbied; nie een van ons of ’n plaasarbeider mog ’n perd of ’n perdekar gery het nie. Die Kakies was bekommerd dat ons boodskappe kon deurstuur na die Boere in die veld.

Maar meestal het mense swaargekry gedurende die oorlog en party mense het niks kos gehad nie. Tant Truitjie [Badenhorst] en haar ses kinders was baiekeer sonder kos, en ek kan onthou dat ’n boer hulle eenkeer daar anderkant die rantjie waar The Willows nou is geneem het en vir hulle ’n paar mieliekoppe gepluk het om te eet. Van die mense het geen klere gehad nie, dan

moes hulle velle looi. Tant Truitjie het ook die velle gelooi en dan klere gemaak vir haar kinders. Hulle het die velle met ’n soort bas gelooi; sy moes sekere wortels uitgrawe en het dit gebruik.

Daar was geen tyding van Vaal Jan of Hannie nie, wat nog steeds op Senekal gebly het. Hul huis by Damplaats was totaal deur die Britte geruïneer, en al hul vee is by Wonderkop versamel. Philip en Charlotte het een van die offisiere gevra om hul besittings te spaar, maar dit het niks gehelp nie. En Philip het ingeperk gebly tot Wonderkop.

My pa wou nie die plaas verlaat nie, hy

was selfs bang om in die tuin te loop, want hy was bekommerd dat die Kakies hom leed kon aandoen as hulle hom daar kry. Hulle het dikwels na die plaas toe gekom om te hoor of ons enige Boere daar rond gesien het of om te sien of ons dalk iets verkeerds doen. Maar hulle kon niks kry om teen ons te hou nie.

Een van die Britse "spioene", soos die mense van die omgewing hulle genoem het, was 'n man met die naam Everar, en hy was 'n gereelde besoeker. Charlotte het hom vertel dat Hannie siek was op Senekal en dat al haar en Jan se besittings deur die Britte verniel is. Hy het haar aangeraai om aan die offisier in bevel by Klipdrift te skryf en

toestemming te vra dat sy Hannie met die spaaider kon gaan haal. Dit het sy gedoen, en sy het ’n antwoord ontvang dat sy Hannie voor 7 Julie kon gaan haal.

“Die volgende dag vertrek ek,” skryf sy. “Dit was my eerste reis tussen die Engelse deur. Ek was baie onrustig dat hulle my rytuig sou afneem of my op die dorp sou hou. Ook was ek bang dat hulle dalk my dierbare man sou wegneem terwyl ek weg was, want sulke dinge doen hulle gedurig. Ongehinderd kom ek toe op die dorp aan. Hannie en Mimmie was oorstelp van vreugde om my te sien. Senekal het gekrioel van die Engelse en hulle was baas oor al die winkels. Winkeliers is belet om enigiets aan die

boeremense te verkoop. Die pragtige klein kerkie word gebruik as ’n hospitaal [dit was skaars meer as ’n maand ná die Slag van Biddulphsberg en daar was steeds gewonde en siek soldate om te verpleeg], op die kerkplein lê die beddegoed en oral word vuur gemaak. Al die boere se Nagmaalhuise was verniel en die huisraad uitgeneem, in party huise woon offisiere. Met die in- en uitgaan by die dorp moes ons ons passe toon.”

Op pad terug na Wonderkop het hulle Piet Platjes raakgeloop, wat gesê het dat ’n swart spioen aan hom vertel het dat die Boere by Tafelkop saamgetrek was.[3] Skielik het vier perderuiters uit die rigting van Tafelkop aangejaag gekom,

reguit na die pad toe, en die spaaider tot stilstand gedwing. Gelukkig was dit Boere, en een van hulle, 'n Van Rooyen, het die Du Preezs goed geken.

Hulle het Charlotte en Hannie meegedeel dat Vaal Jan by Gwarriekop was, minder as 'n uur se ry van Senekal, en dat dit goed gaan met hom. Die vrouens het Van Rooyen gevra om Vaal Jan die nuus te gee dat Hannie geboorte geskenk het aan 'n babadogtertjie en dat hulle op pad was na Wonderkop. 'n Ent verder het hulle twee Britse soldate teëgekom, maar hulle is met rus gelaat.

'n Hele ruk het Charlotte en Hannie nie van Frieda, Rooi Jan se vrou, gehoor nie, maar nuus het hulle uiteindelik bereik dat Rooi Jan oorgegee het. Hy

word in Ficksburg gevange gehou omdat die Britte ’n klompie Boere naby sy plaas gewaar het.

’n Tydperk van groot kommer oor hul veiligheid volg:

Wanneer ’n perderuiter aangekom het, het ons net geweet dit was een van die Engelse. Party van die mense in ons omgewing was aan die kant van die Engelse en ons het nooit geweet wanneer ons aan die vyand verraai sou word nie. Sommige van ons bure het selfs hul dogters na die Engelse kampe gestuur om kos aan hulle te verkoop. Hulle is ook meer verlof gegee as ons om rond te reis.

Eendag het ’n groot Engelse patrollie

op die plaas aangekom om hawer te konfiskeer. Maar my pa vertel hulle dat hy rottegif oor die hawer gegooi het om die rotte weg te hou, en hulle het toe die hawer gelos. ’n Paar dae later het ’n jong man met die naam Payne na die plaas gekom saam met ’n ander soldaat om botter te koop. Hulle het die twee strooimiedens gesien en hul bevelvoerders vertel dat daar twee hawermiedens op die plaas was. So die volgende dag kom vyf-en-twintig soldate met vyf waens daar aan om die hawer op te laai en na hul kamp by Hammonia te neem. Hulle het gou agtergekom dis koringstrooi, maar hulle moes iets nuttigs terugneem, toe besluit hulle om ’n vrag vuurmaakhout saam te neem. Toe

begin hulle bome afkap en drade knip om die stompe op die wa te kry. Terwyl hulle nog daarmee besig was, kom hul offisiere daar aan. Die offisiere was woedend oor die fout met die koringstrooi, maar toe hulle ons passe sien, dat ons eiendom beskerm moes word, het hulle hul manne aangesê om geen meer skade aan te rig nie.

"Dié troepe was baie smerig en het luise gehad op hulle koppe. Selfs ons meide [swart huishulpe] is deur hulle gemolesteer," skryf Charlotte.

Afgesien van hul probleme met die Britse soldate, het produkte duur geword, en dit was ook uiters moeilik om êrens heen te gaan om voorrade in

die hande te kry, aangesien hul bewegings beperk was.

Die mense het ook gesukkel om koring na die meul [die ou watermeul by Hammonia] te neem om gemaal te word. Sommige vroue het die meel met ’n koffiemeul gemaal, ander het sommer ’n klip gebruik. Sommige mense is net toegelaat om een sak koring na die meul te stuur om gemaal te word. Maar ten minste het die meulenaar, ’n meneer Ingram, sy bes gedoen om die koring vir ons te maal.

Op ’n dag het ’n sekere luitenant McIntosh opgedaag om drie-en-twintig osse te kommandeer. Hy was gefassineer

deur die berg en het gesê hy sou graag wou prospekteer vir minerale. Die volgende dag het hy saam met 'n kaptein Wilson daar aangekom. Laasgenoemde het hulle vertel dat hy deur die Britse regering gestuur is om sulke moontlikhede te ondersoek. Hy het Philip gevra om 'n opsie te teken dat hy gewillig was om die plaas teen £1 per morg te verkoop. Philip het geweier, en die twee mans is daar weg met die belofte om weer te kom.

Dieselfde dag het die meulenaar, meneer Ingram, Wonderkop besoek. Toe hulle hom vertel wat gebeur het, het hy die twee kansvatters aan die Britse kampowerhede gerapporteer. 'n Paar dae later het meneer Ingram met 'n

“provost marshall” teruggekeer, wat ’n verklaring van Philip afgeneem het. Die Du Preezs het nooit weer die twee offisiere gesien of van hulle gehoor nie.

Later het die Engelse ons passe gegee om voor sesuur in die aand te reis, maar ons moes binne hulle lyne bly. Steeds is die mans nie toegelaat om hul plase te verlaat nie. Wanneer ons iewers wou gaan, moes ons die afstand stap, want hulle was bang as ons met die spaaider ry, sou die Engelse ons muile vat. Dié wat dorp toe wou gaan, moes kos met hulle saamvat om op die markplein te verkoop teen pryse wat deur die Engelse vasgestel is. Maar ons het nooit dorp toe gegaan of naby die Britse kampe gekom

nie, want ons wou nie hulle bevele gehoorsaam nie.

Maande lank het die Du Preezs nie van meneer Gradwell gehoor nie, maar een Saterdagoggend kom hy saam met sy broer op die plaas aan. Hulle moes hul nuwe gewere op Bethlehem ingee en het ’n pas ontvang om na Senekal te gaan, waar hulle gehoop het om verblyfpermitte te verkry. Meneer Gradwell het een van Philip se perde by hom gehad. Omdat die dier in ’n goeie kondisie was, was hy bekommerd dat die Britte hom op pad na Senekal sou konfiskeer. Dus het Philip die perd vir een van sy maer perde omgeruil.

Op 30 Julie het die Du Preezs berig

ontvang dat generaal Prinsloo en kommandant Paul de Villiers met 4 300 burgers in die Brandwaterkom naby Fouriesburg oorgegee het. Pieter en Vaal Jan was ook onder die gevangenes. Die familie het gehoop hulle sou huis toe gestuur word, maar toe hoor hulle dat slegs die ou burgers en jong seuns op Winburg vrygelaat is. Pieter, Vaal Jan en die res is as krygsgevangenes na Ceylon gestuur. Hulle het op die *Dilwara* na die eiland vertrek, waar hulle in die kamp by Diyatalawa aangehou is.

"Op 'n dag kry ons tyding dat die Engelse Senekal verlaat het en na Ficksburg vlug," skryf Charlotte. "Baie Boere kry opdrag om van hul plase te vlug. Rooi Jan moes ook sy plaas verlaat

en na Basoetoland gaan, maar Philip kry geen kennis dat hy moes vlug nie. Ons was dankbaar om van die Engelse soldate ontslae te wees en die Boere kom nou aan … Ons was baie opgeruimd, want oral hoor ons net van Boere. Ficksburg word nou ook deur die Boere ingeneem en die Engelse vlug oor die grens na Basoetoland. Van Pieter en Vaal Jan hoor ons niks. Ons kan nou weer gereeld na Quaggafontein ry sonder pas. Rooi Jan was ook in Basoetoland met sy vee in opdrag van generaal Campbell.

Met die Engelse se haastige vlug vanaf Senekal het hulle allerlei goed weggesmyt: kiste vol blikke met gedroogde groente, klinkers en

ammunisie en nog baie meer. Een vrou het amper 'n vrag groente opgetel en aan ons almal uitgedeel. So voer die Engelse ons en die burgers wanneer hulle vlug, met kos en ammunisie."

By die Britse kamp op Hammonia het die troepe honderde sakke meel agtergelaat, en die Boerevroue het nou genoeg meel gehad om in hul huise te gebruik. Die perde wat die troepe agtergelaat het, was ook meer as welkom, want op daardie stadium het die Boere 'n ernstige tekort aan perde gehad. Daar was selfs gerugte van vrede, maar dit het later geblyk ver van die waarheid te wees. Byna elke dag het Boere op kommando in die Wonderkopgebied aangekom, maar die

Britte was nêrens te sien nie. Hulle het in alle rigtings getrek en ’n aantal het na Basoetoland gevlug.

Met die Britse troepe weg, het die Boerevroue allerhande soorte karre begin bou: wiele op weggooi-asse met ’n kas bo-op en dies meer. Dis net een voorbeeld van hoe die Boerevroue geleer het om innoverend te wees gedurende die moeilike oorlogstyd.

Daar was steeds geen nuus van Pieter en Vaal Jan nie, aangesien die posdiens feitlik nie meer bestaan het nie, maar Frieda, Annie en Emily het die gesin op Wonderkop kom besoek. Bettie Gradwell was steeds op die plaas, maar sy het geen idee gehad waar haar man was nie. Hy het nooit van Senekal

teruggekeer nie, en al wat sy geweet het, was dat die Britse owerhede hom weggestuur het.

“Dis tog so swaar, alles het verander, ons wat hier naby mekaar woon, weet van mekaar niks,” betreur Charlotte hul lot. “Nog minder hoor ons van ons familie en vriende in die Kolonie.”

Teen dié tyd het heelwat burgers weer by die Boerekommando’s aangesluit. Philip het egter steeds op die plaas gebly en nooit weggegaan van die huis nie. Maar hy het probleme gehad met ongedissiplineerde plaasarbeiders wat al meer deur die Britte bewapen is, wat die gesin se moeilikhede vererger het.

Die Engelse het begin om al die mans op

die plase gevange te neem, of hulle nou oud of siek was, het nie saak gemaak nie. Ou meneer Jacob Erasmus is siek uit sy bed geneem en deur die Kakies weggestuur. Alles het skaars geword en meel het baie duur geword. Ons kon nie vleis kry nie en die Engelse het vee by die duisende doodgemaak. Later het die Engelse begin om die koring te verbrand wat ons in die kamers in die buitegebou gestoor het. Toe begin hulle die plaashuise afbrand en ook die koringlande, sodat die Boere dit nie vir kos kon gebruik nie. Maar dit was nie al wat hulle gedoen het nie. Dit het die Engelse nie lank geneem om agter te kom dat die Boere geen planne gehad het om oor te gee nie, en dat die vroue die

burgers van kos voorsien het nie. Die Boere het nou in klein groepies rondbeweeg en gereeld treine opgeblaas of die Engelse laers aangeval om ammunisie en klere te kry. Na ’n ruk het die Engelse begin om die vroue te vang en na die konsentrasiekampe te stuur.

Eendag het ’n mevrou Fourie en haar swaer verby Wonderkop getrek. Sy het die Du Preezs vertel dat sy haar man verloor het, dat haar huis afgebrand is en dat die Britse troepe al hul besittings gevat het. Mevrou Fourie het ook verkeerdelik berig dat die Britte generaal De Wet om vrede gevra het. Hulle het maar net gehoop dis waar.

In ’n brief uit Winburg gedateer 17

Oktober 1900 het Margaret Marquard elf gesinne genoem (by name Fourie, Le Roux, Muller, Potgieter, De Bruyn, Cronjé en Erasmus) wat by Doornberg naby Wonderkop gewoon het en wat deur die Britse owerhede na die dorp gebring is:

> The homes of these people had been burnt down during the week, excepting the dwellings of [families] nos. 3 and 5, whose husbands have been prisoners of war since February … These people are now without any cattle, not to speak of the other losses by leaving goods, etc. uncared-for behind.

The Fourie people were brought to town in one party, on open wagons, without having been granted the opportunity of getting food prepared for the journey. On the road, a little tinned beef was given, and once a plate of flour to the women to make something for the younger children: as they were setting about it the alarm was given that the Boers were near, the party must go on, so go on they did: the consequence was that when they got to some bad pools of water there was no restraining the children: they would drink, hungry and thirsty as they were. Of these twenty children, nearly every one took

> very ill with dysentery after reaching town: the only child of Piet Fourie, about 2 years old, died on Wednesday the 3rd. Oct.[4]

Gedurende die laaste helfte van Desember 1900, ná generaal Christiaan de Wet se eerste mislukte poging om die Kaapkolonie binne te val, het sy kommando's deur die Oos-Vrystaat noordwaarts getrek in die rigting van Senekal. Op Kersdag het hulle by Wonderkop uitgespan. Die vorige dag het hulle 'n geveg met die Britte by Leeuw Kop gehad.

Só skryf dominee J.D. Kestell,[5] wat saam met De Wet gedien het: "On Saturday, 15th December, towards nightfall we held a service, as the

Transvaal Government had fixed that day as a day of prayer and humiliation." Hy gaan voort:

> The day after was both Sunday and Dingaan's Day. We celebrated the day at Korannaberg,[6] and commemorated the vow made by our forefathers.
>
> Almost a week passed now without our having any trouble from our pursuers. We passed the farm of Mr Frans Schimper, greatly enjoyed the delicious oranges which we found everywhere, and remained during wet weather, on the 18th and 19th December, on the farm Mexico, belonging to Mr Jacobus

Van der Watt. After this, General P. Fourie proceeded with a portion of the commando in the direction of Clocolan where we had heard that the English were; the rest of us went with General de Wet to Trommel, as there was another force of English to the left of Leeuw Kop.

On Saturday we were at Rietfonteijn [*sic*], the farm of Mr Stephanus Jacobsz, and on Sunday we held service on the ridge to the south-west. Then we went back from the ridge to Rietfontein. Meanwhile the enemy were again approaching from Leeuwfontein as well as from Clocolan. General de

Wet gave orders that the burghers should take up positions on the hills westward between Rietfontein and Mouton's Nek.

The following day, 24th December, the English, who were advancing, were driven back from Leeuw Kop, but by the unfaithfulness of a Field-Cornet, who deserted his post without the knowledge of the other men, the English coming from the direction of Clocolan got the chance of approaching unobserved.

These creeping up a ditch were thus able to fire on our men from behind. The result might have been disastrous. Our burghers, thus fired

at, found themselves also attacked in front, and could now do nothing but escape from between the two fires. A son of Commandant Truter was killed there. The burgher Coenrad Labuschagne was taken prisoner.

Fortunately all the others escaped and rallied in the evening at Doornhoek. The following morning was Christmas. 'Glory to God in the highest, and on earth peace.' Thus in the stilly night the angels sang twenty centuries before, and we – after all those centuries, we had not peace on earth, but the sword. Alas! that after these centuries of the preaching of

the good news of peace one mortal should still be seeking to take away the life of another, that one Christian people – yes, Christian people; for after Christ, not after Buddha or Confucius, are we named – should strive to destroy the other. In spite of the gospel it was not peace but the sword …

There stood Doorn Kop[7] behind us, and Wonder Kop to the right. Alongside their saddles and under the shade of some willows lay the tired burghers. How little of Christmas rejoicing there was in all this.

It was difficult to believe that we had ever enjoyed Christmas

festivities. Were not the recollections which surged up in us – recollections of Christmas cheer and Christmas peace – only beautiful illusions rising from a past which never really existed, as we knew it then? The day before, with its roar of cannon, seemed to turn the angels' hymn to irony.

We buried young Hendrik Truter in the burial-place of Mrs. Goosen, on the farm Driekoppen.[8] And there in a quiet grave, over which the poplar leaves restlessly moved sighing in the wind, we laid him to rest, where the wicked ceased from troubling and the weary were at rest. In the afternoon I held a

service under the great shady willows of the farm, taking as text the prophetic words of John: 'The kingdom of the world has become the kingdom of our Lord and of His Christ, and He will reign for ever and ever.' I felt greatly cheered, and it became plain to me that if peace eventually came it would come through long centuries of unrest and of strife. What of that, if only it came at last? But we poor shortsighted creatures, we would measure the course of the kingdom of God by seconds!

After the service General de Wet said that we were that afternoon to proceed a little farther. Soon we

were marching again, and at nine o'clock in the evening we camped to the south-west of Senekal, at the foot of Tafel Kop.

Here at Tafel Kop, after the chief officers had held a council of war, the commandos separated. We of Harrismith, together with burghers of other districts, were now again under the command of General Philip Botha. The rest were to go under Generals Fourie and Froneman.[9]

Die uitvoering van lord Kitchener se verskroeideaardebeleid en die strategie van blokhuislinies en dryfjagte het die lewe toenemend moeilik gemaak vir die

burgers in die veld en die mense op die plase. Plaashuise en oeste is verbrand, diere is by die duisende doodgemaak, en al meer Boere van alle ouderdomme is na die konsentrasiekampe en die krygsgevangenekampe weggestuur.

Die verskriklike verwoesting wat die Britte teen die middel van 1901 agtergelaat het, is deur dominee Kestell beskryf toe hy saam met De Wet se kommando's deur die gebied beweeg het:

> I must still mention that the worst that had yet befallen us took place towards the middle of July. Other troops arrived, this time from Platrand Station, Transvaal,

following the track of the columns that had already traversed the country. They destroyed over again what had already been destroyed. Large flocks of sheep were collected everywhere and stabbed to death at different centres, in heaps of thousands upon thousands. In the town of Vrede there was a great slaughter, and in order to make it impossible for our people to live there the dead sheep were carried into the houses and left to rot.

Not only in the districts of Vrede and Harrismith did this occur, but everywhere throughout the [Free] State. When I was in the

neighbourhood of Senekal it took place there also. I have myself seen places where the skeletons of the sheep lay, and could hardly imagine anything sadder than to see them lying dead in heaps. The destroyers also frequently drove large herds of young horses or such as were unfit for service into kraals, or crowded them into ditches, and shot them there by tens, fifties or hundreds, and the air was charged with pestilential odours. The troops completely destroyed the houses. Where the stables and wagon-houses were not burnt down, the dwelling-houses were devoted to the flames; and where these were

not burnt down, they were so utterly mined as to become wholly uninhabitable. The floors were broken up, the panes of glass smashed with the sashes and all, the doors broken to pieces, the doorposts and the window-sills torn out. And if it was not too terrible to permit of its being so described, one might say that the work of these men was sometimes childish – as, for instance, when on one occasion they hanged the cats in a barn, and on another shot a horse inside a house, and then covered it up with a table.

To escape from the troops the women sometimes took refuge in

> mountainous parts of the country in caves and grottos. Often they escaped; but on other occasions the soldiers discovered them in these places of refuge.[10]

Vir laasgenoemde sou daar net een bestemming wees – die konsentrasiekampe.

# Vlug voor die Britte

Die situasie het vir die meeste Boere ondraaglik geword. Die vrees om deur die Britte gevange geneem te word, het swaar op hul gemoed gerus. Soos wat die lewe al moeiliker vir die Du Preez-gesin geword het, het hulle geen ander uitweg gesien as om van die plaas af weg te vlug om uit die hande van die Britse troepe te bly nie.

Toe eendag het my pa vir my ma gesê: "Een van die dae gaan hulle kom en ons ook hier vang. Ek dink ons moet maar begin om die waens reg te maak en dan begin rondvlug saam met die ander Boere. Voordat ons begin vlug het, het my ma al haar breekware gevat en in 'n sinkbad gesit, wat hulle toe in die plaasdam laat afsak het. Sy het ook van die goed in ons kombuis begrawe, wat nadat die oorlog verby was weer opgegrawe is. Na die oorlog het hulle die breekware weer uit die dam gehaal en dit was nog in een stuk. My ma het dit deeglik gewas en teruggesit op die kombuisrakke, maar na 'n paar dae het die meeste daarvan begin verbrokkel.

En so het ons begin rondvlug van die

Engelse. Ons arbeiders was baie getrou. Hulle was Basoeto's. Hulle het saam met ons getrek en die waens gedryf en beeste aangejaag. Ek het ook maar op my perd saamgery en gehelp beeste aanjaag. Ek was toe nog net 'n seuntjie, nie eens tien jaar oud nie.

"In September 1901 het Philip sy wa ingespan en van ons besittings daarop gelaai en ons het begin vlug," skryf Charlotte. "Ons het op die wa gery en die spaaider met vier muile asook al ons vee het saamgetrek. Agus en 'n paar ander getroue werkers het saamgegaan. Charles op sy ponie Flink het gehelp beeste aanjaag."

Pa en Ma het op die spaaider gery wat deur twee perde getrek is. Die jonger kinders, Ruby Edna, Nellie en Lodie, het op die wa gery. Lodie was maar so ’n jaar of twee oud. My pa het ’n tent gemaak vir die wa en hy het al die nodige goed wat ons gehad het en die kos in die wa gesit, en so het ons maar rondgevlug. My skoonsuster, Vaal Jan se vrou, was ook saam met ons. Sy het ’n dogtertjie gehad, dit was haar enigste kind.

Dominee Kestell kon net sowel van die Du Preez-gesin gepraat het toe hy geskryf het: “I saw a little maiden take the ‘riem’ and lead the team of oxen before the wagon. And then the poor

little children! They moaned and cried at the bitter cold of the winter nights … poor mites in thin linen or cotton garments. Boys of ten and twelve had to drive on the cattle, and the parents had perforce to speak harshly to them, in order to help them in their bitter task."[1]

Dan was daar ook 'n meneer Erasmus saam met ons, 'n ou man en 'n groot vriend van my pa. Hulle het ook dogters en hul eie wa gehad en het ook altyd saam met ons gevlug. Hulle het agter Wonderkop gebly op 'n plot van my pa, en na die oorlog het my pa hulle 'n plek gegee om te woon. Daar was natuurlik baie ander mense wat van die Engelse gevlug het. Dit was later 'n groot laer.

As ek reg onthou, was daar seker so dertig tot veertig waens met vrouens en ouerige mans saam met ons.

Die lewe was moeilik en soms was kos skaars. Terwyl ons getrek het, het ons meestal pap sonder sout in die aande geëet.

Dit was ongeveer dié tyd dat Deneys Reitz en twee Duitse vrywilligers op pad was om by die kommando's van generaal Smuts in die Kaapkolonie aan te sluit. Hulle het tien dae in die plaashuis op Suid-Wonderkop deurgebring, wat toe verlate was.

Terwyl hulle saam met 'n groep van nege Vrystaatse Boere onder bevel van veldkornet Botha gery het, het Reitz en

sy twee makkers die Bloemfontein–Johannesburg-spoorlyn een nag oorgesteek en ongemerk verby die Britse blokhuise geglip. Reitz skryf: "By sunrise we were well into the foothills beyond the railway, and now for two days we rode east into increasingly mountainous country, until we reached a lonely farm lying high up amid the crags near Wonder Kop." Hy gaan voort:

> At this place Botha and his men had their lair. From here they made periodic raids down to the plains, and they must have given a good account of themselves, judging by what they told us, and by their horses, weapons, and equipment,

all of which were of British origin. Small private bands like this were common enough in the Free State nowadays, remnants of larger forces that had dwindled away under the misfortunes of war … We had reached a very snug haven. The owners of the farm were gone, but there was plenty of good clean straw in the barns to lie on and in a cave in the cliff overhanging the homestead [the so-called 'klipgat'] was a store of wheat, a welcome change from our eternal diet of maize, while in the valleys below half-savage pigs were to be had for the shooting.

Moreover, there was a huge

copper cistern, and as water and fuel were plentiful, we could prepare a hot bath as often as we liked, a rare luxury in this freezing weather.

For ten days the two Germans and I revelled in the unaccustomed joy of good food, cleanliness, and comfortable sleeping quarters, but then I became restless once more. I succeeded in converting Field-Cornet Botha and his followers to my scheme of raiding into the Cape Colony. They were at first disinclined to move so far away from their beloved mountains, but eventually I swung them round, and about the end of June (we were

> vague as to dates and time) we started down the mountains and headed due west, intending to re-cross the railway-line to the plains beyond, and then make a wide detour round Bloemfontein to strike the Orange River somewhere near Fauresmith.[2]

Terwyl die gesinne van die Britte weggevlug het, het die Boere in die veld alles moontlik gedoen om kos in die hande te kry. Hulle moes onder andere die oorblyfsels van die koring wat deur die Engelse troepe verbrand is, insamel.

Die kommandant het van die Boere gestuur om die koring te kom red wat die

Engelse so in die veld aan die brand gesteek het. Hulle moes met die plase langs rondry en kyk waar dit was. Die koring het baie stadig gebrand - dit het meer gesmeul as gebrand – en hulle het die koring geblus sodat die Boere darem nog kos gehad het om te eet. Dit was ’n reuk wat in die lug gehang het, soos gebrande koffie. Oral waar ons gegaan het, waar ons ook al naby ’n plaas gekom het, het ’n mens die reuk van gebrande koring gekry. Die mense het met ons bevriend geraak wat saam met ons gevlug het. As ons weer by die huis teruggekom het, het hulle maar hul tuiste by my ma gemaak en daar saam met ons geëet en daar geslaap. Hulle was eintlik spioene en hulle het altyd vir ons kom sê

as daar Engelse soldate aankom. Wanneer die Engelse gekom het, dan span ons maar weer die osse en perde in en ons jaag die beeste aan, en vlug maar weer so rond. Ons kon nie al die perde vang nie. Hulle het maar so bo-op die berg bly rondloop terwyl ons weg was.

"Een so 'n vlugtog het ons vanaf Wonderkop getrek na Witkoppe naby Paul Roux [voorheen Rexford]," skryf Charlotte. "Daarvandaan in die rigting van Senekal en toe na Marquard en Clocolan en weer terug na Wonderkop. Met ons terugkeer op Wonderkop was die huis en al die geboue afgebrand.

Philip het van die gebrande sinkplate op die dak gesit en ons het weer vir 'n

paar weke by ons huis gebly. In hierdie tyd het ons ’n bom uitgegrawe wat nie ontplof het nie. Dit was ’n bom wat die Engelse op ons geskiet het met ons vertrek vanaf die plaas.”

Toe ons eenkeer terugkom op die plaas, was die plaashuis en al die buitegeboue afgebrand. Die koring wat ons in die kamer gestoor het, was verbrand; die houtskoolkoring het oral daar gelê. Daar is van daardie koringkorrels wat tot houtskool verbrand het en nooit vergaan het nie, hier in Bloemfontein in die museum [Oorlogsmuseum van die Boererepublieke] wat my ma hiernatoe gestuur het. Daar lê vandag op die werf ook nog van daardie pitte. Pa het maar in

een van die buitehuise ’n dak opgesit en ons het weer ’n rukkie daar gewoon totdat die Engelse soldate weer gekom het, en toe het ons opgepak en maar weer op vlug gegaan.

Hulle het min of meer langs dieselfde roete getrek as voorheen, en die eerste paar dae was sonder insidente. Maar toe het die Britse troepe uit verskillende rigtings begin toesak en hul situasie het benard geraak.

Ons trek het meestal uit vroue en kinders en ’n paar ouer mans bestaan, maar daar was ’n paar mans saam met ons wat verkenningswerk gedoen het en die vroue en kinders beskerm het. Partykeer

is die gras in die veld aan die brand gesteek sodat die Engelse nie kon sien in watter rigting ons trek nie. Uiteindelik het die vroue en kinders op die spaaiders en karre geklim om vinniger te kon padgee van die soldate, en ons het die waens en vee agtergelaat. Ons het ook baie van ons kos op die waens gelos. Ons het getrek totdat ons naby Rexford gekom het en toe verder na Senekal. In die aand het ons op die plaas van ’n meneer Stefanus Ferreira aangekom, naby Britsberg tussen Senekal en Ventersburg, en hier het ons weer tot stilstand gekom.

Ons was baie honger, maar my pa het ’n skaap in die veld gekry en dit geslag, en dit is sonder sout op ’n ou bedraam

gebraai. Die geboue op die plaas was almal afgebrand en daar was slegs een klein kamertjie wat nog ’n dak opgehad het. Ons het almal daar vir die nag oorgebly in die koue.

“Buite het dit kapok en dit was bitter koud,” skryf Charlotte. “Ons was te veel mense in die kamertjie om te kon lê. Almal het regop gesit vir die nag.”

Die volgende oggend het ’n meisie vir Charlotte ’n bietjie growwe koringmeel gegee om pap te kook, asook ’n treksel koringkoffie. Sy het ’n koffiepot by haar gehad, maar moes ’n pot leen om die pap in te kook. “Daardie pap sonder sout en die koringkoffie was ’n heerlike ete, net omdat ons so honger was. Dit was die

koudste nag van my lewe, selfs ons komberse het op die waens agtergebly. Voor dit lig begin word het, het die vrouens gesange begin sing."

In die oggend het twee van die verkenners, 'n meneer Hauman en 'n meneer Smit, ons kom vertel dat die Engelse ons waens en vee nie gekry het nie. Na 'n ruk het die waens weer by ons op die plaas aangekom. Die twee verkenners neem ons toe na 'n ander plaas sowat 'n myl verder, die plaas van 'n meneer Petrus Ferreira. Die huis was nie afgebrand nie en het leeg gestaan, so ons en twee ander gesinne het daar ingetrek.

Ná die vorige nag se min slaap het die drie gesinne vas geslaap. Die volgende oggend het hulle nog geslaap toe 'n verkenner aangery kom en hulle waarsku dat die Engelse uit die rigting van Winburg in aantog was.

Een môre vroeg toe dit nog donker was, toe kom daar een van die burgers by ons en hy sê: "Julle slaap nog en die res van die laer is al weg. Die Engelse is hier, sommer hier naby by Sandrivier se drif. Julle beter oppak en klaarmaak om te vlug." Ons het opgestaan en my pa het gou die waens en spaaider ingespan. Ek het my perd opgesaal en die beeste loop bymekaarmaak.

Net voordat ons begin wegjaag, sê my

pa vir my ma:

“Wag, die Engelse is daar by die Sandrivier en ons is hier agter ’n rantjie. Die ander mense is almal al daar oor die bult; ek glo nie die Engelse kan ons hier sien nie. Ek dink ons moet net hier doodstil staan. Ek dink die Engelse sal omdraai. Hulle kom van Winburg af; hulle sal ons nie sien nie.”

Maar toe ek sien die laaste mense gaan daar oor die bult, het ek maar weggespring met my perd, ’n ou vosponie met die naam Flink, en ek het agter die ander waens aangejaag. Toe ek uitkom op die rant dat die Engelse my sien, het hulle op my begin skiet. Maar wat, ek het weggejaag en die koeëls het hier om my gegons. Uiteindelik is ek ook

oor die bult saam met die ander mense van die laer.

Toe my pa die plaaswerkers vra waar ek is, sê hulle ek het weggejaag. Toe sê my pa vir my ma: "Bly nou maar doodstil hier staan, ek sal maar ry en Charles gaan soek." My pa het toe met die spaaider agter my aangejaag om my te kry, maar hy het my nie gekry eers voor die volgende dag nie.

Intussen het ou meneer Erasmus vir my ma gesê hulle moet ook maar agter die ander waens aangaan, en dit was net soos my pa gesê het. Net toe hulle bo-op die rant uitkom, het die Engelse troepe hulle gesien. Maar dit was ook nie regtig Engelse nie; dit was ses gewapende swartes wat saam met die Engelse geveg

het [volgens Charlotte was hierdie "gewapende swartes" onder bevel van 'n meneer Bergh, 'n Boereverraaier[3]]. Hulle het die waens voorgekeer en laat omdraai, en het my ma, skoonsuster en meneer Erasmus gevange geneem. Hulle is toe almal na Winburg na die konsentrasiekamp geneem.

Die plaaswerker wat ons wa gedryf het, het vir my ma gesê: "Miesies, as jy 'n boodskap vir die oubaas wil stuur, kan jy dit vir my gee, want ek gaan weghardloop wanneer ons by die Sandrivier kom." Ek onthou hom goed, sy naam was Israel. Een van die gewapende swartes saam met die Engelse het hom met 'n sambok geslaan omdat hy vir hom kwaad was dat hy die

Boere se wa gedryf het. Later het Agus ons vertel dat nadat hulle gevang is, hulle my ma vertel het dat hulle van plan was om te ontsnap. Sy het vir hulle ’n brief gegee en ’n rol gare en ’n naald om vir ons te neem. Waar die waens deur die rivier moes gaan, het hulle seker gemaak die wiele sak in die sand vas en hulle gebruik toe die kans om weg te hardloop.

My pa het my eers die volgende dag gekry waar ek saam met die ander waens was. Agus en die plaaswerker wat ons vee aangejaag het, het ook by ons uitgekom en toe saam met ons gevlug. My pa het uiteindelik gesê dat ons in die grot op Wonderkop moet gaan bly. Daar was ook ’n meneer Siebert saam met

ons. So na ’n paar dae se rondvlug en rondtrekkery het my pa en ek teruggekom op Wonderkop. Die drywer van ons ossewa, Agus en een van ons ander werkers wat ook saam met ons gevlug het, was alreeds terug op Wonderkop. Hulle het vir ons ’n brief van my ma gegee wat sê dat hulle deur die Engelse gevang is en op pad was na Winburg. Hulle het ook vir my pa die rol gare, die naald en ’n paar knope gegee wat my ma gestuur het.

My pa en ek het toe in ’n grot in die berg op Wonderkop gaan bly. Die grot was bekend as die klipgat.

Dié grot, waar Charles en Philip verskeie maande vir die Britte

weggekruip het, is sowat 200 meter bokant die vlak van die pad geleë, na die linkerkant en naby die bopunt van ’n kloof wat van noord na suid teen die berg op strek. Dit is nogal groot – ongeveer ses-en-dertig meter lank en twaalf meter breed. Om die waarheid te sê, Charles het later jare kon onthou hoe hulle op ’n keer soveel as duisend skaap in die grot bymekaargemaak het toe die weer sleg was. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog is die grot gebruik as ’n skuiling vir skape en beeste. Die ou klipmuur wat langs die voorkant van die grot loop, is steeds daar, hoewel dit deur die jare plek-plek ingeval het. Die grot front wes en kyk oor die kloof uit. In daardie dae was die hange van die berg

en die kloof nie so dig bebos as vandag nie, en daar was 'n oop uitsig oor die kloof van die grot af, maar vandag is dit versper deur bome en bosse. Die bekende Afrikaanse digter A.D. Keet het die klipgat in 1937 besoek. Hy en sy vrou se name en die datum is in die sandsteen agter teen die grotwand gegraveer.[4]

Daar was meestal witstinkhout, olien, gwarriebos en kruisbessies, sowel as dekgras en rooigras op die dig beboste berg. Kleinwild soos vaalribbokke en duikers het ook in die gebied geskuil. Vandag volg die grondpad wat verby die berg loop dieselfde roete as die oorspronklike pad.

My pa het ons spaaider in die bos op die plaas versteek. Ek was nog klein en miskien ’n las op my pa se skouers. Hy neem my toe na mevrou Alie von Maltitz op Rooipoort om daar te gaan woon.[5] Voorheen was ek daar op skool. Daar was vrouens wat in die omgewing gebly het, ook my grootouma. Haar man is deur die Engelse gevang en sy en haar kinders het daar agtergebly.

Van die ander vroue wat ook alleen op hul plase gebly het, was tant Truitjie Badenhorst op Moria,[6] asook tant Alie se skoondogter, mevrou kommandant Von Maltitz. Tant Truitjie het haar ses kinders by haar gehad. As die Kakies by haar op die plaas kom, het sy die groter seuns laat plat op die grond sit en dolos[7]

speel, dan dink die Kakies hulle is nog klein en neem hulle nie weg nie. Sy het deur die oorlog op die plaas gebly met haar ses kinders. Haar man is deur die Engelse gevang en na Ceylon gestuur, en hy het teruggekom eers lank na die oorlog verby was.

My pa het gesê dis beter dat ek by tant Alie von Maltitz bly. Ek het toe by haar en haar twee seuns, Emil en Ludwig, en twee van hul niggies gewoon. In daardie dae was hulle ons bure. Die plaas was toe baie groot, want ons het nog Tobieskop ook besit. My pa het maar altyd vir ons kos gebring: 'n skaap om te slag as hy dit kon kry, of 'n bietjie koring om te maal vir meel.

Die Engelse het dikwels op Rooipoort

gekom. Daar het ek toe gebly totdat hulle weer eendag daar aangekom het, en ek en Emil het gehoor die een Kakie sê vir die ander dat die seuns groot genoeg was om die Boere se perde vir hulle op te pas. Hulle het daaraan gedink om ons saam te neem. Emil, die oudste, was toe dertien jaar oud, en hoewel hy ouer as ek was, was ek en hy baie groot maats. Toe my pa ons weer kom besoek, vertel tant Alie vir hom wat die Engelse van ons gesê het. Daardie dag het hy vir ons ’n slagskaap en ’n bietjie meel gebring. Toe sê my pa dan moet sy ons na die grot toe stuur vroeg die volgende oggend, terwyl dit nog donker is. Baie vroeg die môre, voor dit lig was, was ons in die klipgat in die berg by my pa sonder dat

iemand ons gesien het.

Dus het tant Alie se seun, Emil von Maltitz, ook daar by ons in die grot gebly. Tant Alie wou nie hê sy jonger broer, Ludwig, moes van haar af weggaan nie. Hier het ek en Emil ’n baie aangename tyd deurgebring saam met Kerools. Die water het gedreun in die klofie langs die klipgat. Ons het elke dag gaan stort onder die waterval, dan lê ons op die warm klipplate en droogbak in die son.

Daar was ’n ander man met die naam Siebert wat ook in die berg saam met my pa gebly het. Hy het ’n kar en twee perde besit en die kar is ook daar weggesteek. Hy was een van die Boere wat saam met ons deur die Vrystaat gevlug het. Daar

was baie mense wat so rondgevlug het. Nou en dan het hulle oorlog gevoer teen die Engelse, en die Boere het party van hulle gevange geneem. Hulle het nie meer klere gehad om te dra nie en so het hulle dan die Engelse soldate se klere gevat en vir hulle hul eie ou klere gegee. In daardie dae is mense wat gevang is dat hulle Engelse offisiere se klere dra, geskiet (tereggestel), maar mense wat net gewone Engelse troepe se klere gedra het, is ten minste nie geskiet nie, maar nogtans voor die hof gesleep.[8]

Terwyl ons in die berg op Wonderkop gebly het, het ek verjaar. Op 4 November 1901 het ek tien jaar oud geword. My pa en meneer Siebert het gewoonlik baie heuning

bymekaargemaak. Dan eet ons pap en heuning, en af en toe vars brood wat tant Alie vir ons gestuur het wanneer my pa haar op Rooipoort besoek het. Ons het ons kos in ’n holte reg agter in die grot gaargemaak, sodat die Engelse nie ons vuur van onder uit die kloof kon sien nie.

Hierdie uitgeholde deel, hul klein “kombuisie”, is vandag steeds agter in die grot te sien.

# Gevangene

Dit was Januarie 1902 en my pa wou heuning uit ’n heuningnes gaan haal, en moes ’n leer gaan haal. Vroeg die oggend het hy vir Emil en Kerools gestuur om bo-op die berg te klim en te kyk of hulle nie Engelse sien aankom nie. Hy het gesê as hulle enige Engelse sien aankom, moes hulle hardloop en vir hom kom sê, want die heuningnes was in

die oopte en hy was bang die Engelse kon hom dalk sien as hy die heuning uithaal. My pa se spaaider en meneer Siebert se perdekar was in die bosse aan die voet van die berg versteek.

My pa het ’n leer gaan haal naby die spaaider terwyl Agus en ek besig was om pap te kook. Meneer Siebert het by ons gesit. Daar was baie heuningneste in die berg en die heuningkoeke was groot, en ons het ’n klomp heuning bymekaargemaak. Ons het bottels vol heuning uitgehaal en in die kis in die spaaider gebêre. Van waar ons gesit en kook het, kon ons die kar en die spaaider sien.

Intussen het daar Engelse met die voet van die berg langs gekom wat hulle

[Emil en Kerools] nie gesien het nie. Die Engelse het van hul perde afgeklim en het daar in die gras gerus. Twee van hulle het na die spaaider en die perdekar oorgestap, twee bottels heuning uit die kis in die kar gehaal en weggestap, elk met 'n bottel heuning onder die arm. Van waar ons in die grot was, sou ons hulle kon sien. Agus was net besig om die pap te roer toe hy opkyk en sê: "Baas, kyk, daar is Engelse by die kar, hulle vat die heuning!" Maar ou meneer Siebert sê vir hom dis nie Engelse nie, dis Boere. Ek onthou nog so goed hoe Agus gesê het: "Baas, dis Engelse, dis nie Boere nie!" Ons hardloop toe hoër op na 'n plek waar ons beter kon sien, maar waar ons toe meer in die oopte staan.

Meneer Siebert skree toe vir my pa: “Flip, kyk daar, die Boere haal ons goed uit die kar uit!” Sy woorde het nog teen die kranse geëggo toe gons die koeëls hier om ons soos hulle skiet. Nie van daardie twee nie [by die perdekar], maar die ander. Ons het nie die ander gesien nie, want hulle was aan die duskant van die kloof, maar hulle kon ons sien. Ons het glad nie van hulle geweet nie. Toe het hulle natuurlik geweet van ons en hulle het toe al in die kloof opgekom. Die volgende oomblik sien ons hulle in die oopte, reg voor ons, sowat dertig Engelse.

Meneer Siebert het agter ’n muur gaan lê en op die Engelse begin skiet [die lae klipmuurtjie waarvandaan hy geskiet het,

is vandag nog daar, onder ’n kleiner oorhang, net links van die grot wanneer ’n mens uitkyk oor die kloof]. Hy het later hoër die berg uitgeklim. Ek het daar by die vuur gaan sit by die pappot en Agus het sy komberse gaan wegsteek. Toe kom hy terug en vra vir my: “Is die Engelse dan nie hier nie?” Ek sê toe nee en hy sê vir my: “Ek gaan nou wegkruip, want ek wil nie hê die Engelse moet my vang nie. As die oubaas kom, sê vir hom ek het iewers gaan wegkruip.”

Ek sit toe alleen by die pot totdat my pa daar aankom. Hy vra toe vir my waar is Agus en ek sê toe hy het gaan wegkruip. Hy sê toe: “Nou kom, my kind,” en ons vat toe elkeen ’n kombers saam met ons, want ons het geweet die

Engelse sou op die ou end by die grot uitkom. Ons is daar in die kloof op en het toe naby die stroom gaan wegkruip. Ek het net gewonder waar Agus hom bevind toe kom sy pyp in die waterstroompie verby, ons wis toe hy is hoër op in die klofie.

Maar ons was net daar in die kloof op toe hoor ons die Engelse skree “Hurrah!” daar van die grot af en ons sien die rook trek soos hulle ons goed aan die brand gesteek het.

Dit was nie lank nie toe hoor ons hulle kom in die kloof op agter ons aan. Ons het in die kloof opgeklim en toe kon ons nie hoër nie. Hulle het ons spore gesien en dit al die pad in die kloof op gevolg tot hulle naby ons was. Ek dink

iemand moes hulle van ons vertel het, want hulle het geweet waar ons was.

Toe die Engelsman sy kop voor ons uitsteek, toe sit ons plat op die grond voor hom. Toe sê hy: “Give me your gun, give me your gun!” Omdat my pa nie Engels kon praat nie, sê hy vir hom in Afrikaans: “Moenie skiet nie!”

Hy vra my pa: “Where is your rifle?” My pa sê toe: “Nee, ek het nie ’n geweer nie.” Toe vra hy: “Who was shooting there?”

My pa sê dit was meneer Siebert wat geskiet het. Toe vra hy waar is hy, maar my pa sê hy weet nie. Maar hulle was baie en het rondgeloop en meneer Siebert gevang waar hy agter die klipmuur weggekruip het. Hulle het hom

op ’n perd gesit en hulle is dadelik met hom weg. Ons het hom nie weer gesien voor ná die oorlog nie. Daar was ’n Boer saam met die Engelse wat hulle gelei het en hulle vertel het waar ons was. Hierdie Boer het ook die berg goed geken en het die Engelse na die grot gelei en na waar ons weggekruip het [dit het later geblyk ’n meneer Van Rooyen van die Senekal-distrik te wees].

Die Engelse het my pa gevra waar is die perde van die kar. My pa sê die perde wei hier naby in die kloof. Die Engelse het toe die perde aan die bopunt van die kloof bymekaargejaag. Hy het vir hulle gewys watter is die karperde en hulle het twee perde voor meneer Siebert se kar gespan om ons weg te

neem na Plat Kopje. Die Engelsman wat op meneer Siebert se perd gery het, het toe by ons op die kar geklim.[1]

My pa was baie bekommerd oor Emil wat toe nog steeds nie teruggekom het van die berg af nie. Hy vertel toe die Engelse dat hy nog 'n ander seun by hom gehad het, Emil von Maltitz, en dat hy hom teen die berg uitgestuur het. Hy vra toe dat ons op Moria moet aanry, waar tant Truitjie Badenhorst gewoon het, sodat hy Emil se ma kon laat weet dat ons saam was en dat hulle na hom moes gaan soek. Groot was my pa se verligting toe ons daar aankom en daar sit Emil saam met tant Truitjie se kinders en dolos speel. Voor my pa kon dink, sê hy: "Ja, daar is die seun." As my pa

eerder niks gesê het nie, het die Engelse dalk Emil gelos, maar toe neem hulle hom ook saam. Dis jammer dat my pa nie liewer net vir tant Truitjie ‘n boodskap vir Emil se ma gegee het nie, dan sou hy kon agtergebly het …

Van Moria is hulle met ons na die kamp by Plat Kopje. Ons het daardie middag by die Engelse kamp aangekom. Daar kry ons toe ’n meneer Flip Koekemoer wat ons goed geken het van voor die oorlog, maar wat met die Engelse saamgewerk het. Meneer Koekemoer kom gesels toe met ons en sê dat hy Ma dikwels sien (sy vrou woon op Winburg en besoek Ma dikwels), dit gaan nog goed met haar. Voor die oorlog het ons families oor en weer by mekaar

gekuier. Hy gee my pa toe die raad om die kamp se offisier in bevel te gaan spreek en te vra dat hy (meneer Koekemoer) my na my ma wegbring op Winburg. Die offisier het egter geweier.

Die volgende oggend het ons vertrek. Behalwe die Engelse kommando het daar ook ’n klomp waens saamgetrek. Emil en ek het op die wa gesit, maar my arme pa moes langsaan loop. Hy was aan ’n kleurlingman vasgeboei sodat hy nie kon ontsnap nie en moes die hele pad stap. Ons het wes getrek op die ou pad na Winburg, agter Wonderkop verby, waar die Engelse probeer het om van my pa se wilde perde te vang. Die meeste perde het berguit gevlug, maar ’n paar perde het hulle op die volgende plaas in

die kraal gekry en ’n paar jonges gevang.

Ons het toe verder getrek deur die nek op pad na Marquard.[2] Marquard en Clocolan was in daardie tyd nog nie as dorpe geproklameer nie. Net na ons deur die nek was, het hulle uitgespan om te rus op meneer Dolf van Niekerk se plaas.[3] Hier het ’n groepie Boere ’n hinderlaag gestel en die Engelse aangeval, en een van die Engelse is doodgeskiet. Ná die oorlog het ons verneem dat meneer Hauman, wat altyd saam met ons gevlug het om die laer op te pas, in die geveg deur die arm geskiet is.[4] Jare later het hy my besoek, en ek moes hom gaan wys waar die geveg plaasgevind het.

Die Engelse het toe weer ingespan, en

as gevolg van die hinderlaag het hulle besluit om om te draai en ons het verder getrek tot by Uintjieshoek. Teen hierdie tyd het ons halfpad getrek en ons het hier vir die nag uitgespan. Die volgende oggend het hulle daar omgedraai en begin oos trek met 'n ompad terug Ficksburg toe, waar ons twee dae later aangekom het. Op Ficksburg is ons steeds as prisoniers aangehou. Hier moes ons 'n week lank in 'n tent bly. Die tent was aan die suidekant van Ficksburg, langs 'n sloot.

Elke môre het hulle my pa na die magistraatshof laat marsjeer om hom onder kruisverhoor te neem. Hulle wou van hom weet waar die Boere hulle bevind en het elke dag aan hom die

voorstel gemaak om by hulle aan te sluit. Hulle het gesê hulle sal hom betaal as hy by hulle aansluit en hy hulle sou wys waar die Boere wegkruip, maar hy het geweier. Hulle wou hê hy moes ook ’n hensopper word, maar hy wou nie – dit was heeltemal verkeerd om die Engelse kant te kies en teen jou eie mense te veg.

As gevolg hiervan moes ons ’n hele week op Ficksburg bly. My pa het gesê: “Hoekom skiet julle my nie net nie? Maar neem asseblief vir Charles en stuur hom na sy ma in die konsentrasiekamp op Winburg.” Maar die Engelse het geweier.

My ma aan die ander kant het ook probeer [om my op Winburg te kry] en het die offisier in bevel van die kamp

gevra of sy die hoofoffisier op Winburg kon gaan sien. Sy was toe by Klipfontein en het hom gesmeek om my van Bloemfontein af na haar terug te stuur.

Nuus van Charles en Philip se gevangeneming het Charlotte in die konsentrasiekamp op Winburg bereik. Toe sy hoor hulle gaan as krygsgevangenes weggestuur word, "gaan sien [ek] toe Genl. [amptelik kommandant] Vilonel, die Boereverraaier, om hom te vra of hy nie kon help om Charles na my te bring nie. Hy weier en sy woorde aan my was: 'Dis heeltemal onnodig, want sulke optelkinders word na Bloemfontein gestuur en in die skool gesit.' Charles is

toe saam met sy pa weggestuur."

Na 'n week is my pa, Emil en ek op 'n kar gelaai wat deur twee osse getrek is, 'n skotskar, en hulle het twee Tommies saam met ons gestuur.[5] Ons het deur die Caledonrivier gegaan na Basoetoland, en het al langs die grens getrek, want hulle was bang vir die Vrystaatse kant, want daar was oral Boere. Hulle was bang die Boere sal hulle aanval en ons weer loslaat. Toe ons by Ladybrand kom, het hulle weer deur die rivier getrek. Daardie aand is die drie van ons op Ladybrand in die tronk opgesluit waar ons moes slaap. Ek onthou ons het maar net daar gesit, ons het elkeen maar net 'n kombers gehad.

Die volgende môre het hulle ons uit die tronk gehaal en ons weer op die skotskar gesit. Ons het weer oor Platberg getrek op pad na Bloemfontein. Ons moes egter met ’n draai ry, omdat daar Boere vorentoe in die pad was. Ons het voortgery tot by Kommissiepoort[6] en daar het ons uitgespan sodat die osse ’n bietjie kon rus en water drink; dit was op die plaas van ’n meneer Muller. Toe het daar twee ou boere aangekom en die een was meneer Muller. Hy was verlangs familie van my pa. Hy het vir die Engelse wag gevra of hy maar met my pa mag praat, en hy het toe ’n bietjie met ons gesels. Dit blyk toe dat hy ’n kleinneef van my pa was. Hy en my pa het lekker gesels,

en toe moes ons naderhand weer inspan.

Ná die oorlog het ek meneer Muller se seun, Christiaan, raakgeloop. Christiaan vertel my toe hierdie interessante storie uit die oorlog.

[Christiaan] is gewond in ’n geveg naby Lindley en is deur die Engelse gevange geneem. Hulle hou hom toe daar om aan te sterk, sodat hulle hom kon wegstuur sodra hy gesond is. Aanstons het hy met ’n kierie begin aansukkel en vra toe verlof om in die dorp te mag rondloop. Na ’n paar keer se rondloop het hy die dorp uitgestap die veld in. Nie ver nie of hy gewaar ’n Kakie te perd aankom; hy gaan lê toe agter ’n miershoop en wag hom in. Net toe die Kakie naby kom, steek hy die kierie se

punt oor die miershoop en skree: “Hensop!” Die Kakie skrik en gooi sy geweer weg en steek sy hande in die lug. Hy gryp toe die geweer en neem die Kakie se perd by hom af en laat vat na die Boerekommando. Hy het ook die oorlog deurgegaan sonder om weer gevang te word.

Van Kommissiepoort het ons na Thaba Nchu getrek. Ons het die aand daar buite op ’n kliprantjie geslaap.

’n Baie goeie beskrywing van die Thaba Nchu-nedersetting is opgeteken deur kaptein Stratford St Leger van die Mounted Infantry, ’n lid van generaal French se 1st Cavalry Brigade. Terwyl

hy middel-Maart 1900 deur die gebied getrek het, het hy geskryf:

> Overshadowing the small straggling village is Thabanchu Mountain, which, with its projecting corner-piece, is a conspicuous landmark for miles round. Thabanchu Mountain, I am told, means the Black Mountain, but the most striking portion of it is the huge block of white granite standing out like a sentinel at its eastern extremity … Thabanchu, from its associations, is a village of more than passing interest. It nestles on the edge of a small plateau with mountains rising abruptly on the

> north and the impressive Thabanchu Mountain towering above it on the east … The village, for the most part, consists of the native location and the missions chapels … By far the quaintest sight I remember seeing, however, was in one of the Thabanchu stores, the brilliancy of the interior of which, hung with many bright-coloured blankets, handkerchiefs, and chintzes, was in pleasing but violent contrast to the hideous corrugated-iron exterior. Several Barolong ladies were spending their monthly allowance in dress …[7]

Die volgende môre is ons van Thaba

Nchu af weer op die kar en ons is geneem na die Waterwerke naby Bloemfontein. In daardie dae het die treine geloop tot by die Waterwerke, want dit was die eindpunt van die treinspoor. Dit is daar naby Sannaspos. Daar het ons die middag op die trein geklim om na Bloemfontein te gaan.

In Bloemfontein het ons in 'n kamp gebly. Ek kan nie meer onthou waar dit was nie, maar as ek nou moet dink, sou ek sê dit was waar die skougronde nou is, aan daardie kant van Bloemfontein. Toe ons by die kamp in Bloemfontein aankom, het my pa weer tevergeefs probeer om my na Winburg te laat stuur. Ons het in tente gebly. Daar was baie mense, en baie Boere het steeds in die

kamp bly aankom. Hulle het maar gedurig nog mense ingebring, baie kinders ook.

Die eerste Vrydag na ons aankoms het hulle gesê ons moet op die plein bymekaarkom met ons goed en het hulle die name afgelees van die mense wat hulle wou wegstuur [na die krygsgevangenekampe]. Toe het hulle my pa se naam en my naam afgelees, en hulle het ons op die trein op oop steenkooltrokke gesit. Die hele trein was vol Boereprisoniers. In elke trok was ses wagte. Ons moes almal plat op die trok se vloer sit. As jy durf opstaan, kom die order onmiddellik: “Sit down!” Emil het op Bloemfontein agtergebly.

Die bekende Afrikaanse skrywer en historikus Gustav Preller,[8] wat deur die Engelse in die Ermelo-distrik gevange geneem is en per trein van Standerton na Durban gestuur is, het ’n soortgelyke reis vroeg in Februarie 1902 beskryf, maar in meer besonderhede. Sy reis was min of meer op dieselfde tyd as dié van Charles en Philip na Durban. “Die volgende aand laat kom ons in Durban aan,” skryf hy in *Ons Parool*:

> Die bestaan wat ons gedurende die vorige sestig uur in die steenkoolwaens deurgemaak het, was in meer as een opsig eenvoudig afskuwelik. Daar was geen latrine of ander voorsiening

vir die gewone menslike behoeftes nie, en terwyl die lede van die eskorte by iedere halte of stasie afgestap het, werd van ons niemand toegelaat om die "troks" te verlaat nie. Almal was genoodsaak om die twee luikgaatjies op die boom van die wa, wat nie meer as 'n duim in deursnee was nie, te laat diens doen vir iedere behoefte. 'n Mens kan jou nouliks 'n voorstelling maak van die gruwelik onsanitêre gevolge wat dit in die steenkoolwa met vyftig man afgegee het.

By twee stasies onderweg het hulle 'n aantal brode in die "trok" ingegooi, met 'n paar blikkies soutvlees. Die mandjie met brode

> word van buite af oor die leerboom in die wa omgekeer, sodat wat nie deur die seuns opgevang word nie, oor die morsige wabuik rol. Onbedaardelik kon die aanwesige "publiek" op die stasie dan daaroor staan en lag en giegel asof dit die grootste aardigheid was.[9]

Twee Boere het in die nag van die trein afgespring en weggekom. Elkeen van ons het 'n billycan en 'n beker gekry vir die reis. Tot in Durban was ons rantsoen harde beskuit en sterk swart tee, dit was nogal lekker. Dit was gemaak in 'n paraffienblik.

En so het ons in hierdie oop kooltrokke na Durban gereis, verby

Kroonstad, totdat ons in Durban aangekom het. Ek kan onthou toe ons die middag op Durban-stasie aankom, was daar Engelssprekende mense wat na ons gestaan en kyk het. Hulle het my vreeslik bejammer en aan my lekkers gegee.

Terwyl Charles en Philip met die ander Boeregevangenes in Durban was, het hulle gehoor dat hulle na Indië weggestuur gaan word. Charles het nog nooit tevore die oseaan gesien nie, en hoewel sy pa al die see gesien het, het hy nog nooit daarop gevaar nie. Die twee was ongetwyfeld ongerus oor hul reis na ’n vreemde land, maar Charles meld nêrens dat hy tydens die vaart na Indië bang was nie. As ’n tienjarige seun

was hy heel moontlik opgewonde oor die hele avontuur.

By die hawe het hulle ons in bote gelaai, wat destyds gebruik was om steenkool uit te neem na die skepe, om ons na die skip te vervoer [die SS Aurania van die Cunard Steam Ship Company[10]]. Die boot is vol Boere gelaai en bo toegemaak, dan word ons met ’n klein bootjie na die skip gesleep. Dit was ’n nagmerrie-ondervinding – daar het geen lug ingekom nie en dit was stikdonker binne. Daar was ook nie ruimte om binne regop te staan nie. Van die ongeveer honderd Boere in ons boot het net my pa en een ander man nie siek geword nie. Die reis het waarskynlik nie

meer as ’n uur geduur nie, maar as ek nou daaraan terugdink, het dit soos vier-en-twintig uur gevoel. Toe die deksel oopgaan, het my pa my gegryp en die trap opgehardloop om lug te kry.

Sewe van ons is toe in ’n mandjie gestop en met ’n hyskraan hoog opgetrek en op die skip se dek neergelaat. Tussen twee rye soldate moes ons deurstap tot waar die trap in die skip se ruim afgaan. Dit was ’n skip wat die Engelse soldate van Engeland na Durban gebring het om in Suid-Afrika te kom veg. Hulle is ook met dieselfde skip terug. Donker die aand het hulle ons toegelaat om ons bagasie te gaan haal. Die bagasie is eers uitgeskud en deur die soldate geplunder; sommige Boere het nie eers ’n ekstra

broek of hemp oorgehou om skoon aan te trek nie.

So daar was ons, aan boord van die skip. Vir ’n week het ons skip in die hawe voor anker gelê en wag vir die volgende groep prisoniers. Vir dié week het daar soldate by ons op die skip gebly om ons op te pas, natuurlik in hul eie kompartemente. Ek het meer as een soldaat sy kamaste sien losmaak om die luise met ’n mes af te krap. Daar is toe waterbaddens van seil gemaak en op die dek geplaas om in te swem en klere te was.

Ná ons aan boord was in die hawe vir ’n week, het die volgende groep mense aangekom. Emil von Maltitz het saam met hulle gekom. Maar toe hy op die

skip kom, was hy al klaar siek, en toe hy van die skip afklim in Indië was hy nog steeds siek. Hy is in die kamp by Umballa dood kort nadat ons daar aangekom het en hy is daar begrawe.

Toe die ander mense aangekom het, was daar baie kinders onder hulle. Ek het gehoor dat daar 1 300 prisoniers[11] aan boord van die skip was en sowat 80 persent van hulle was kinders tussen die ouderdomme van twaalf en sestien. Die res van die mense was meestal ou mans wat soos ons saam met die vroue deur die land gevlug het en ook gevange geneem is.

Die Transvaalse burger J.A. du Toit, 'n posmeester van Klerksdorp, het ook op

die *Aurania* na Indië geseil, maar het op 'n vroeër vaart vertrek wat op 21 September 1901 in Durban begin het. Volgens sy weergawe het hulle per trein via Pietermaritzburg van die Tin Town-krygsgevangenekamp in Ladysmith na Durban gereis. In die Durbanse hawe "(worden) wij als haringen zamengepakt op tugs en naar schip vervoerd".[12] Daar was 992 burgers aan boord, van wie baie siek was of siek geword het.

Gedurende Du Toit se vaart is verskeie Boere aan boord oorlede: twee dae na hul vertrek het 'n burger met die naam Lourens Johannes Barnard van die Philippolisdistrik aan longontsteking gesterf. Sy vrou en kinders was toe in die berugte Bethulie-konsentrasiekamp.

Op 26 September 1901 is J.S. van der Walt van Bloemfontein oorlede, gevolg deur J.A. Grobbelaar van Marsfontein, Bethulie, die volgende dag. J.A. Venter van Kleinfontein, Bethulie, is op 1 Oktober oorlede, en A.M. Cronjé van Waterval, Rustenburg, twee dae later. Die meeste van hulle het aan longontsteking gesterf, en almal is ter see begrawe.[13]

Die SS *Aurania* word in een bron beskryf as "a badly rolling ship" wat nooit "very popular" was nie.[14] Dit sou dinge selfs meer onaangenaam gemaak het vir die Boere, van wie sommige bevrees was om per skip na hul verafgeleë bestemmings te vaar. Party

van hulle het nog nooit eens die see gesien nie, laat staan nog daarop gevaar.

So is ons toe vort nadat die tweede klomp mense aangekom het. Omdat ek so klein was, was die matrose vir my baie goed; hulle het my altyd lekker kos gegee. Die Engelse soldate was ook vir my goed; waar hulle my ook al gesien het, het hulle vir my lekkergoed gegee en nog ’n paar sjielings ook. Hulle was baie jammer vir my, want ek was nou een van die kleinstes. Soos ek gesê het, was daar baie kinders van twaalf jaar en ouer.

Van Durban het ons na Indië geseil. Sover ek kan onthou, was ons vir twee weke op see. Ek is nie heeltemal seker

nie, maar ek dink so.

Gustav Preller, wat ook bestem was vir Indië, maar aan boord van die SS *Tagus*, het sy vertrek vanuit die Durbanse hawe op 11 Februarie 1902 taamlik poëties beskryf:

> [N]et 'n maand na ons gevangeneming, word die ankers gelig en ons stewen langsaam uit die buitehawe in bestendig oostelike rigting, voorgeloods deur 'n sleepboot.
>
> Tussen geankerde transportskepe en rondswalkende skuite in die voorhawe deur, by drywende skeepsboie en die breekwaterpunte

verby, digby norse oorlogsbodems langs, wat nog verder buite voor anker lê, na die oop see toe, anderkant, wat wyd en wyer vooruitvlak tot waar dit blou wegstreep in die onmeetlike verte.

Diékant toe is net lug en water en die onbekende bestemming. Agter kleursketter kus en stad en skepery in deurskynend-warme voorsomering.

Bokant die reëlmatige polsslag van die skeepsmasjinerie hees 'n vreemde getoeter van stoomfluitjies oor die seewater, snaaks en onbekend soos die stemme van voorwêreldse reusereptiele op 'n verdwene oersee … soos

> winterpopuliere boor uit die hawe ’n masbos van seilskepe op … dosyne vragskepe, wat uit alle wêrelde van alle nasies voorrade aanvoer vir die Engelse leërs, teen die bietjie Boere … weldra is daar niks meer as ’n vae rand nie, en eindelik nog net ’n grys lyn. Nou is alles weg.[15]

Dat die Boere weinig benul gehad het waarheen hulle op pad was, is duidelik uit wat Preller geskryf het ná ’n dag se reis: “Die koers was suidoos. Dit het die meeste die aand met behulp van die sterre vir hulself vasgestel. Die bestemming moes dus wel Brits-Indië wees; en Mantel,[16] die meester van

Ermelo, het verseker dat dit in Indië so verskriklik warm kon word en dat die pes daar endemies is, wat hy verduidelik het met: altyddeur heers."[17]

Vier dae ná hul vertrek het die SS *Aurania* met Charles en Philip aan boord verby Réunion en Madagaskar geseil, en die volgende dag Mauritius bereik. Voordat hulle by Mauritius aangekom het, het hulle verby Bourbon Island gevaar, wat volgens dominee Daniel Jozua Viljoen[18] gelyk het na " 'n pragtige land … hoë berge met gras en bos begroeid, en pragtige plantasies was duidelik te sien". Daarna het hulle by Port Louis in Mauritius aangekom. Dominee Viljoen beskryf die eiland as " 'n pragtige land, maar baie warm en

ongesond”.[19]

Verdere insig in die gevangenes se reis word verskaf deur die dagboek van nog ’n Boeregevangene, Jan Geldenhuys, wat aan boord van die *Aurania* saam met Charles en Philip was. Volgens Geldenhuys het hulle die dag ná hul vertrek “vele kleyn vischjes die uit de water spring rond vlieg gelyk aan vogeltjes” gesien.[20] Dit was natuurlik die bekende “vlieënde visse” wat baie Boere tydens hul oorsese reise gefassineer het.

Maar die reis het ook sy tye van droefheid gehad. “Twee onzer burgers stierf op het schip, het was my zeer hart roerend om te zien hoe dat zy in de zee geworpen word, tot roof voor de

vischen," het Geldenhuys geskryf.[21] Hy meld ook dat godsdienstige byeenkomste gereeld aan boord gehou is.

Volgens Geldenhuys se geskrif het hulle twee weke nadat hulle van Durban vertrek het, land gesien – die kus rondom Bombaai. Ver uit in die see het hulle verby klein bote geseil en die *Aurania* het sowat 'n halfkilometer van die kus anker gegooi. Daardie aand is 'n kennisgewing aangebring dat die skip onder kwarantyn was. Hulle het toe aan boord gebly van Woensdagmiddag, 2 April 1902 tot twee-uur op Vrydag. Toe hulle aan wal gaan, het hulle op 'n trein geklim vir die reis na die krygsgevangenekamp by Umballa.[22]

# 10

# Indië

Charles en sy vader was maar net twee van 'n groot getal krygsgevangenes wat na Indië gestuur is. Teen die einde van die oorlog was daar ongeveer 20 000 Boerekrygsgevangenes en -bannelinge oor die aardbol versprei.

Eerstens was daar die krygsgevangenes: uitsluitlik burgers wat gevange geneem is terwyl hulle geveg het. Tweedens was daar die

“undesirables”, naamlik mans en vroue van die Kaapkolonie wat met die Boererepublieke gesimpatiseer het. Laastens was daar die geïnterneerdes: burgers en hul gesinne wat oor die grens na Lourenço Marques (nou Maputo) gevlug het en uiteindelik in Portugal aangehou is.

Krygsgevangenes is in Suid-Afrika in kampe in Groenpunt en Simonstad aangehou, en sommige in tronke in die Kaapkolonie en Natal. Oorsee is hulle aangehou op die Bermuda-eilande, St. Helena, Ceylon en in Indië. Boerekrygsgevangenes is vanaf April 1901 na Indië gestuur toe die fasiliteite op St. Helena, Ceylon en die Bermuda-eilande ontoereikend geword het. Teen

die einde van die oorlog was daar 9 125 gevangenes, insluitende buitelandse vrywilligers, in sowat dertien kampe van Abbottabad (nou bekend as Wes-Pakistan) tot Trichinopoly in die suide van Indië. Verreweg die meeste krygsgevangenes was dus in Indië, met sowat 6 000 op St. Helena, 5 126 op Ceylon, meer as 3 000 op die Bermuda-eilande en 1 733 in Suid-Afrika.

Die eerste Boerekrygsgevangenes het in April 1901 in Bombaai (nou Moembaai), Indië, aangekom. Die Boere het in Indië uiterste klimaatstoestande beleef – die hitte was waarskynlik die ergste – maar die gevangenes is ten minste regverdig behandel en was oor die algemeen in goeie gesondheid.

Toestande was spartaans, maar nie uitsonderlik moeilik nie. Die lot van die Boerevroue en -kinders in die konsentrasiekampe in Suid-Afrika was sekerlik erger as dié van die krygsgevangenes.

Op die Bermuda-eilande en St. Helena het hul kwartiere hoofsaaklik uit tente of pondokke bestaan. In Indië en op Ceylon het die meeste in groot skure van sinkplaat, bamboes en riet gewoon. Die bannelinge het hulle besig gehou met godsdienstige, kulturele en opvoedkundige aktiwiteite, sport en handeldryf, en feitlik almal was betrokke by die vervaardiging van kuriositeite. Handel onder die gevangenes het ingesluit besighede soos kafees en

bakkerye, lekkergoedwinkels, kleremakers, skoenmakers, fotograwe, seëlversamelaars en algemene handelaars.

Daar is spesiale aandag gegee aan onderwys, en skole is gestig waar bebaarde ou mans en jong seuns die skoolbanke gedeel het. In die kampe by Umballa en Solon in Indië was Charles een van hierdie leerlinge. Vakke het ingesluit boekhou, wiskunde en tale, met medegevangenes wat as onderwysers diens gedoen het. So byvoorbeeld het die burger Jan Geldenhuys as ’n onderwyser in die Umballa-kamp opgetree. Sportbyeenkomste is gereeld gereël en krieket, voetbal, tennis, ringgooi (quoits), gimnastiek en boks

was gewilde nommers.

Een van die gevangenes in Indië, Dietlof van Warmelo, het in sy memoires geskryf:

> The long, galvanized-iron bungalows in which we live here have zinc roofs to guard against the heat of the tropical sun, but at any rate the wind can blow through the openings on either side. The burghers are kept alive and in pretty good health by an extremely temperate manner of life. Once a week they are taken by a strong guard for a walk an hour beyond the fort. They never get out on parole. As far as we are concerned, they

might even take cannon along with them to guard us, if only they would take us out oftener.

Here, too, the moral tone of the burghers is kept up by religious services, and by the great devotion of the Rev. Mr Viljoen, clergyman of Reitz, in the Orange Free State, who is a fellow-prisoner of ours. The gaiety is kept up by sports and by the companionship of many children. The sorrow is enhanced by the presence of many gray-headed old men and by sad and heartbreaking tidings. 'Guard, is there any news this morning?' We are grieving with the grief of the exile, but we are waiting patiently,

> and hoping still that a dove will bring us a branch with our colours – Orange, green, red, white and blue: peace and independence.[1]

Verskeie burgers het probeer ontsnap, maar weinig van die pogings was suksesvol.[2] Een gevangene, J.L. de Villiers, het daarin geslaag om uit die kamp by Trichinopoly te ontsnap deur hom as 'n Indiër te vermom. Hy het sy weg gevind na die Franse kolonie Pondicherry en het via Frankryk en Nederland na Suid-Afrika teruggekeer.

'n Hele aantal Boere is in die kampe oorlede. In die begraafplaas in Diyatalawa op Ceylon is 131 begrawe, op St. Helena 146 en in Indië meer as

140, sowel as ’n aansienlike aantal op die Bermuda-eilande.

Charles gee geen besonderhede van hul reis van Durban na Bombaai of enige beskrywing van Bombaai nie, maar dis opgeteken, soos vroeër genoem, dat die SS *Aurania* op 2 April 1902 in Bombaai aangekom het. Die skeepvaartnuus van die *London Times* van Vrydag, 4 April berig: “Dateline Bombay, April 2. The *Aurania* arrived here from Durban with 803 prisoners, 5 British officers and 599 men. 4 cases of measles.”[3]

Dominee Viljoen, wat ’n jaar vroeër in Bombaai aangekom het, het die stad beskryf as baie warm, en met ’n groot aantal Indiese toeskouers toe sy skip in

die hawe vasmeer. Daar was baie gebare van vriendskap, en nêrens is ’n woord van haat of minagting gehoor nie. Hul groep is nie toegelaat om die skip te verlaat nie, en hulle het gevolglik nie veel van Bombaai gesien nie. Die dominee het aangeteken dat Bombaai presies 4 764 myl (7 670 kilometer) van Kaapstad af was.[4]

Nog ’n Boeregevangene, Stephanus Hugo,[5] het sy indrukke van Bombaai as volg beskryf:

> Omtrent een uur van ’t land af kwamen wij bootjes en schepen tegen. Nog voort varende begon ’t water geheel een vuil, rooi, modderachtig kleur te krijgen. Een

> paar stoombootjes kwamen bij ’t schip en daarna ging de zon onder. Het was een prachtig uitzicht van ’t schip over de baai. De schepen, de overgroote macht van bootjes, de stoombootjes en de fortificaties maken een prachtig gezicht.[6]

In Bombaai het elke gevangene ’n brief ontvang met ’n nommer wat aandui na watter kamp hy moes gaan. Hulle is almal met helms toegerus om hulle teen die intense hitte te beskerm.

Du Toit het in sy dagboek geskryf van “groote reusachtige gebouwen van de baai gezien”, ’n stad met een miljoen inwoners en ’n baai wat gewemel het van klein bootjies en boothuise. Die

water had “een nare geelachtig vale ziekerige kleur”.[7] Daar was baie besoedeling en alles is eenvoudig net in die oseaan gegooi.

Op pad na Indië het ons verneem dat ons name opgegee was vir twee kampe – ek moes na een kamp toe gaan en my pa na ’n ander kamp. Toe ons in Bombaai aankom, het my pa gepleit dat ons na dieselfde kamp kon gaan. Meneer Pieter Schabort, wat ons groep as leier gekies het, kon baie goed Engels praat. Hy was van Frankfort.[8] Hy het saam met my pa gegaan en vir hom getolk omdat [my pa] nie so goed kon Engels praat nie. My pa het meneer Schabort gevra hy moet tog vir die Engelse offisier vra dat omdat ek

nog so klein was, hy my ook kon saamneem na dieselfde kamp. Meneer Schabort het sy bes gedoen om my en my pa in dieselfde kamp te kry, maar dit was tevergeefs. Die offisier het gesê hy kon dit nie toe verander nie. Die lyste was reeds uit oor wie moes na die een kamp gaan en wie na die ander.

Hulle het begin om ons name af te lees en ons moes afklim soos hulle ons name aflees. Die Engelsman wat die name afgelees het, het drie name afgelees en dit het baie lank geneem. Dit het vir my soos 'n halfuur gelyk voordat die derde man van die skip kon afklim; hy moes sukkel om tussen die mense deur te kom met sy bondeltjie goed. Maar gelukkig het dit te lank geneem na die Engelsman

se sin en hy sê toe: "I can't be bothered, I will count you off like sheep." My pa het my hand gevat en gesê: "Kom, my kind." En so het ons afgeklim, en meneer Schabort, my pa en ek is na dieselfde kamp toe. Ons het van die skip afgeklim en ons was nou bymekaar in die boot saam met nog sowat vyftig ander. Met die boot het ons gery [na die land] en afgeklim. Toe het ons op die trein geklim, en so is ons na dieselfde kamp toe.

Ons het vir 'n paar dae met die trein gery. Die reis was baie interessant. Die eerste nag het ons deur hoë berge en elf tonnels gery. Ek onthou die trein het op een stadium teruggery; ons het almal gedink ons gaan terug Bombaai toe.

Maar toe ons die volgende oggend wakker word toe die dag breek, was ons op die vlaktes van Indië, in die warm klimaat. Ons het vir nog twee dae gereis, dink ek, voordat ons by die kamp aangekom het. Gedurende daardie paar dae het ons oor groot vlaktes gery, wilde bokke gesien wat baie na ons blesbokke lyk, riviere oorgesteek en uiteindelik in Umballa aangekom.

Van hierdie reis meld Geldenhuys dat hulle by Jhansi, die tweede russtasie na Bombaai, in ’n groot markiestent gerus het en skaapvleis-en-ryssop gekry het. Hulle het ook elkeen ’n “troep kantientjie” ontvang, wat welkom was omdat hulle niks gehad het om uit te

drink nie. Hulle het weer drie-uur die middag vertrek en het deur die nag gereis tot die volgende middag, met slegs water om te drink en geen kos nie.

Die groep het op Maandag, 7 April 1902 by Umballa aangekom. Almal was verheug dat die maand lange reis agter die rug was, omdat hulle groot ongerief verduur het.[9]

Du Toit, wat met dieselfde roete na Umballa gereis het, het aantekeninge gemaak van al die stasies waardeur hulle gery het: Manmad, Chalisgaon, Kajgaon, Jalgaon, Bhad, Isaval (die laaste groot aansluiting na Kalkutta – nou Kolkata) en voort tot Khandwa, toe Itarsi, Bhopal, Bina en Agra. Na Agra het hulle 'n groot rivier, die Jumna,

oorgesteek, en die brug is deur Du Toit beskryf as die grootste wat hy nog ooit gesien het. Hulle het verby rysvelde gereis wat besproei is deur middel van groot waterhouers: velle wat deur osse getrek is en ’n outydse soort bakkiespomp waarvan die bakkies gemaak was van kalbasse of erdepotte.[10]

Plaaslike Indiërs het van heinde en verre na die stasies gestroom om die Boere te sien van wie hulle so baie gehoor het, maar die stasies is gesluit totdat die Boeregevangenes deurgery het. Toe die gevangenes uiteindelik by Umballa aankom, het honderde perderuiters en voetsoldate met kanonne ’n kordon om die kamp gevorm.

11

# Umballa en Solon

Volgens dokumentasie in die Oorlogsmuseum in Bloemfontein was Philip en Charles se krygsgevangene-nommers onderskeidelik 30081 en 30082. Hul adres is aangeteken as "Wonderkop, district Winburg". Onder "Where captured" lees dit "Wonderkop" en die datum is aangegee as 29 Januarie 1902.[1]

Die naam van die kamp was Umballa. Dit was seker die kamp waarheen my pa oorspronklik moes gaan. Ek het toe natuurlik met hom saamgegaan. ’n Hele klomp van die mense wat op die skip was, het ook soontoe gegaan.

Ons was net ’n rukkie in die kamp. Dit was op die vlaktes. Die kamp was met doringdrade toegespan, met wagte wat dag en nag langs die drade op en af gestap het. In die kamp was rye tente en ek dink ons was sewe mense in een tent. Hier is ons goed behandel en daar was lekker en genoeg kos. Dit was verskriklik warm, dit was so warm dat as jy ’n stukkie rou vleis buitekant neersit, dan brand die son dit só dat dit gaar word op die klippe. Omdat dit so

warm was, moes almal helms dra om hulle teen sonstraal te beskerm. Ek het ook ’n helm gedra, so klein soos ek was, wat oor my oë geval het. Ek is nie toegelaat om met ’n gewone hoed rond te loop nie. Op die foto van my [in die Oorlogsmuseum] kan ’n mens sien die helm lê langs my, maar dit was te groot vir my. Ek moes papier aan die binnekant inprop sodat dit nie oor my oë val nie! Ons is ook voorsien van kakieklere. Die klere wat hulle vir ons gegee het, was vir soldate, so my klere was hopeloos te groot vir my. My pa moes altyd my klere kleiner maak, en hy het die pype van my broek so halfmas afgesny. Julle kan nou self dink hoe ek moes lyk – ’n helm wat oor my oë hang

en ’n afgesnyde broek.

My pa het die kampoffisier gevra of hy Emil kon gaan sien. Emil is ook saam met ons op die trein weg, maar hy is reguit hospitaal toe. Die hospitaal was ’n hele ent weg van die kamp. My pa wou sien hoe dit met Emil gaan, maar hulle het geweier. Die volgende môre het hulle vir my pa kom sê Emil is dood. Toe het hulle gesê hy kan Emil gaan sien, maar toe sê my pa: “Ja, wat help dit nou om hom te gaan sien, hy’s nou dood. Julle wou nie hê ek moes hom gaan sien terwyl hy nog gelewe het nie.” Later het Emil se ouers en broers wat hier in Suid-Afrika was, geld oorgestuur na Indië en ’n man gehuur om vir hom ’n grafsteen op te rig. Ek het vandag nog

die foto van die grafsteen wat hulle opgerig het, en dit lyk baie mooi. Ons het dit natuurlik nie tóé gesien nie, want dit was eers nadat ons terug is huis toe dat die grafsteen opgerig is.

Umballa (vandag bekend as Ambala) is 275 meter bo seespieël in die hedendaagse provinsie Haryana in die Pandjab-streek geleë, amper vyf kilometer oos van die Ghaggar-rivier. Die somers is baie warm, met die temperatuur wat so hoog styg as 47 °C. In die winter daal die temperatuur tot tussen 5 en 9 °C. Gedurende die droë seisoen droog die Ghaggar – die enigste rivier in die gebied – feitlik heeltemal op.

"Wy werd veel van de hitte in India verteld geworden, en nu hebben wy het zelf onder vonden," het Jan Geldenhuys opgeteken. "Het is de begin van de zomer en nu vindt men dagen hier ruim zoo warm als de warmste dag in de middel van de zomer in Z. Afrika … allen hier in Kamp draag de helmuts kruk hoeden omdat de hitte te erg op het hoofd drukte en somtyds zonestraal het gevolg er van is."[2]

J.A. du Toit, wat ook in Umballa gevange gehou is, het juis op 17 Oktober 1901 geskryf dat Roelf Janse van Vuuren, 'n medegevangene, aan sonsteek oorlede is en met militêre eerbewys begrawe is.[3]

Een van die jong Boere van die

Senekal-omgewing, Manie van Rooyen, is min of meer dieselfde tyd as Charles en Philip na Indië gestuur. Hy het ook gemeld dat hulle voor hul vertrek van Madras na die Trichinopoly-kamp van helms voorsien is en dat verskeie burgers aan sonsteek oorlede is omdat hulle agtelosig was om dit in die bloedige Indiese son te dra. Van Rooyen, ’n lid van die Winburg-Senekal-kommando, is in Desember 1901 deur die Britte op die plaas Kareebank in die Winburg-distrik gevange geneem. Gedurende die voorafgaande dae is hy deur die Britse troepe van Winburg af na Doornkop ten weste van Wonderkop agtervolg. Sy vader en broer is vroeër as krygsgevangenes na Ceylon gestuur,

terwyl sy moeder na die konsentrasiekamp op Winburg gestuur is.[4]

Die Umballa-krygsgevangenekamp was net meer as drie kilometer van die Umballa-stasie geleë en was op die vlakte uitgelê. Die gebied rondom die kamp was so droog en stowwerig dat die gevangenes selde moeite gedoen het om op parool uit te gaan. Op 24 April 1902, byvoorbeeld, skryf Geldenhuys dat die dag baie onplesierig was, "de wind waaide veel en een verschriklyke stof die ons byna versmoorde".[5]

Die eerste bevelvoerder van die kamp was majoor J.S.I. Masterson, later opgevolg deur kaptein L.J. Dobbin. Die kamp was uitgelê as 'n vierkant van

sowat 450 by 450 meter, omsluit deur 'n ondeurdringbare doringdraadheining wat snags verlig is deur elektriese ligte. Die grense van die heining is ook vier-en-twintig uur per dag deur Britse en Indiese wagte gepatrolleer.

Elke tent is deur agt gevangenes bewoon, en hul meubels het bestaan uit gemaklike bamboesbeddens, kiste, twee banke, 'n tafel, eetgerei en blikbekers. Geldenhuys het in sy dagboek geskryf dat die tente waarin hulle gebly het 18 by 22 voet was. Elke gevangene is voorsien van twee lakens, twee komberse, 'n beddeken en 'n kussing gestop met klapperhaar. Volgens Geldenhuys het hulle op 30 April na die barakke gegaan om klere te gaan haal;

elke gevangene het twee onderbroeke, een hemp, twee onderhemde, een handdoek, twee sakdoeke en, "met een geluk", 'n paar skoene ontvang.[6]

Die gevangenes het ook badhuise gehad, met baddens so groot as gewone baddens wat elke man self moes vul met water wat hy moes aandra.[7]

Die kontrolering van die presensielys was om negeuur saans, en al agt man moes voor hul tent stelling inneem. Om halftien het die kanon 'n skoot gevuur en was dit ligte uit. Om halfsewe die oggend is die presensielys weer voor die tente gekontroleer.

Elke oggend is kos uitgedeel. Die inwoners het agt brode, koffie, tee en suiker ontvang. Gedurende die week het

hulle vir middagete beesvleis, rys en aartappels gekry, maar op Sondae skaapvleis, meel, sop en aartappels. Twaalfuur elke middag het die kanon ’n skoot gevuur en dan moes die Boere hul kos gaan haal. In ruil vir ’n sny brood kon ’n Boer ’n Indiër-arbeider kry om sy breekgoed en eetgerei te was.

Die Boere het aandenkings gemaak soos horlosiekettings, kamees en dasringe van been, en mansjetknope, kieries en sigaardose van stukke hout. Geldenhuys het hom besig gehou met die maak van dasse (soms in die Oranje-Vrystaat se kleure) en strikdasse. Volgens die kampregulasies kon gevangenes eers handel dryf nadat toestemming verkry is van die

kampkommandant. Die kommandant het ook hul geld beheer en het besluit watter bedrae hulle by hulle kon hou. Hy het enige geld wat hulle van oorsee ontvang het, vir hulle gebank.[8]

Die gevangenes het voetbal en krieket in die middae gespeel wanneer dit koeler was. Sowat die helfte van die kamp het leeg gestaan, en op hierdie deel is alle soorte sport beoefen.[9] Dominee Daniel Viljoen het gemeld dat krieket, voetbal, tennis en ringgooi daagliks tussen vieruur en sesuur gespeel is wanneer dit effens koeler was, "en aan wedstryde tussen Boere en Engelse, Boere en Indiërs, offisiere en manskappe het dit dan ook nie ontbreek nie".[10]

Sowel Geldenhuys as Viljoen het opgeteken dat godsdiensbyeenkomste gereeld in die kampe gehou is. “In al die hutte kon mens smôrens en saans die gesang van die krygsgevangenes hoor,” skryf Viljoen, en hy noem ook dat bidbyeenkomste gereeld elke middag gehou is.[11] In verskeie gevalle is die ontheiliging van die Sabbat betreur. Dit het die meeste van die Boere ontstel dat op Sondae bakstene gemaak is, huise gebou is, lande geploeg is en treine geloop het.

Dokter J.P. Vogel van Nederland wat die kamp besoek het, het opgemerk dat daar baie ou mans onder die gevangenes was. Geldenhuys maak verskeie kere melding daarvan dat die ouer mans en

seuns, onder wie natuurlik Philip en Charles, na ’n kamp hoër op in die berge gestuur sou word waar die klimaat koeler was. Op 8 April 1902 skryf Geldenhuys: “Vader werd ook georderd om met de oude mensche naar de zoo genoemde koelle bergen te gaan. Vader verzoek toen om liever hier te Umballa te blyven met zyn vrienden, welk hem toegestaan werden. Joh[anne]s Rabie ging daar op en verzocht om ook liever hier te blyven, dit werd hem ook toegestaan, waarop de officier aan hem zyde, ‘you’ll sweat for it’, van daar keerde wy weder terug naar de kamp.”[12]

Op 8 Mei teken Geldenhuys aan: “De ou menschen en kinders werd van middag aangezeg om morgen om 6 uur

by de hek van de kamp te verschyn.” Die volgende dag se inskrywing lees: “De ou menschen en kinders werd van morgen aangezeg om naar de koelle bergen te gaan (klaarblyklik ’n verwysing na die kamp by Solon aan die voet van die Himalaja-gebergte). Ik staakte myn school daar de kinders aangezeg werd om naar de koelle bergen te gaan,” voeg hy by. Vroeër is Geldenhuys deur ene kaptein Boshof aangestel as assistent-onderwyser vir die jong seuns. Op 16 Mei skryf hy: “De ou menschen en kinders krygen van morgen elk een zakje en een lyn met een ticket er aan om over 8 dagen van hier te vertrek naar de bergen.” En die volgende dag: “De ou menschen werd aangezegd om morgen

van hier te vertrekken."[13]

Uiteindelik het die dag aangebreek vir Charles, Philip en die res van die ouer mans en seuns om van Umballa na Solon te vertrek. Dit was 'n treurige geleentheid vir diegene wat moes weggaan sowel as dié wat moes agterbly. Op 18 Mei skryf Geldenhuys: "De bondels van de ou menschen werd van morgen uit genomen, de bondels werd op muilen gepakt en naar de stasie vervoerd. Sommige van de oude wygerde om naar de koelle bergen te gaan, zy werd geneem en in de tronk gezet, waaronder ou Z. Prinsloo [en] M. Routenbach … De ou menschen en kinders gingen van middag om 6 uur van de kamp naar Solon, het was zeer aan

doenlyk om hem te zien afscheid nemen van hun vrienden en bekenden die zy zoo beminden. Ook van onz oude vrienden die met ons van Zuid-Afrika gekomen zyn moeten wy afzien."[14]

Ná omtrent 'n maand of so in Umballa, het die Engelse besluit om die ouer mans en die kinders na 'n ander kamp te stuur hoër op in die berge waar die klimaat nie so warm was nie. Ons moes almal egter 'n eed aflê dat ons nie sou probeer ontsnap nie. Natuurlik was daar diegene wat nie die eed wou onderteken nie, maar my pa het gesê: "Al los hulle my, sal ek nie tussen die klomp Indiërs probeer wegloop nie."

Ons is toe per trein van Umballa na 'n

kamp aan die voet van die Himalaja-berge. Ons het met die trein gery tot ons by 'n hut gekom het waar die treinspoor eindig; die plek se naam was Simla.[15] Daar het ons afgeklim. Ons moes toe met oskarre ry na die kamp toe, maar die Engelse soldate by ons het 'n klomp perde laat kom. Die Indiërs wat daar in die omgewing van Simla gebly het, het almal perde daarheen gebring, en die Engelse het vir ons gesê die oskarre gaan 'n vreeslike ompad ry, maar dié wat wou, kon die perde huur by die Indiërs. Ek onthou dit het 'n anna per perd gekos. 'n Anna was die waarde van 'n pennie, dit was 'n kopermunt. Die perde het kon kortpad vat met die voetpaaie, en dan kon die bagasie met

die oskarre aangery word. Ons kon dit bekostig. Die eienaars van die perde het deur die klowe gehardloop en kortpaaie gevat wat slegs te voet gevolg kon word, om te probeer om dieselfde tyd as ons daar aan te kom. Ons groep het met 'n korter roete deur die klowe gery en ons het die nag by die kamp aangekom. Ek weet nie presies watter tyd nie, maar dit moes naby middernag gewees het. Die oskarre met ons bagasie het eers die volgende dag aangekom.

Die krygsgevangenekamp by Solon was geleë in die Pandjab-streek in die Karolberge in die hedendaagse Himachal Pradesj-provinsie, en tussen die hoofpad tussen Simla en Kalka. Die kamp was

omring deur heuwels, en die grond waarop die hutte vir die gevangenes gebou sou word, moes eers gelyk gemaak word.

Die Solon-kamp het onder dieselfde administrasie geval as die Dagshai-kamp sowat negentien kilometer na die suide. Majoor E.S. Gillman van die South Wales Borderers was in beheer van al twee kampe. Hy is deur een van die gevangenes beskryf as "de grootste buffel die ik nog ooit aangetroffen heb".[16] Hy het die gevangenes selfs belet om kerkdienste te hou en te sing, maar hulle het hierdie bevel omseil deur in klein groepies te vergader. Dominee John Murray wat in Solon aangehou is, is ook deur die majoor verbied om

dienste by die Dagshai-kamp te hou.

Die kamp by Dagshai was bedoel vir mans wat parool geteken het. Dit sou op 27 Maart 1902 open, maar weens die uitbreek van builepes op die dorp Umballa is die opening uitgestel tot 3 April. Die kamp by Solon is op 18 April 1902 geopen, en die volgende dag het die eerste groep van ses-en-sewentig mans wat parool geteken het daar aangekom, gevolg deur nog 138 op 19 Mei. Die Solon-kamp is amptelik gesluit op 13 September 1902.

Die naam van die kamp was Solon Punjab en dit was hoog op in die berge geleë. Daar was pragtige bome in die berge en die landskap was baie groen.

Die kamp was uitgelê op ’n gelyk stuk grond hoog op teen ’n berg. Hoewel ons die sneeu op die bergtoppe in die verte kon sien, was die klimaat omtrent dieselfde as in Pietermaritzburg [in Suid-Afrika]. Die kamp het nie bestaan uit tente nie, maar uit hutte met grasdakke wat lekker koel was. Die hutte was gebou van hout, amper soos die skure vir ons skape op die plaas, maar was toegemaak aan die kante. Ons het in die hutte geëet en geslaap; ons het ’n ruim plek gehad.

Ons was vry, maar ons moes elke oggend in die kamp wees vir “roll call”, wanneer hulle jou naam uitlees en jy moet antwoord dat jy aanwesig is. Andersins was ons vry om rond te loop

waar ons wou. Met die nodige toestemming is ons selfs toegelaat om van die ander kampe te besoek.

Die oskarre was die algemene vervoermiddel in die berge van Indië. Dit is van hout gemaak en die as met wiele sit op die agterkant van die kar, sodat feitlik die hele vrag se gewig op die osse se nekke lê. Die juk het dan twee vaste skeie sonder stroppe, en die gewig van die vrag keer dat die juk oor die osse se skowwe gly. Die drywer klim op die kar en loop met die disselboom langs om op die voorpunt, tussen die twee osse, te gaan sit. Hy het dan 'n skerp ystertjie waarmee hy die osse steek as hy hulle wil aanpor. Al die osse was wit van kleur met blou neuse,

hoewe en horings. Die horings staan regop effe na voor en die osse het baie hoë skowwe. Ons het ook waterbuffels daar gesien waarmee hulle ploeg in die modder om rys te plant. Verder word die buffels gemelk, en hulle is baie lief om in die modder te lê of te rol.

Solon was een van die plekke waar die Britse troepe gestasioneer was; hul huise was naby aan ons kamp. Van hul families het saam met hulle daar gewoon, en daar was ’n skool vir hul kinders. Die tyd van die jaar dat ons daar was, was hul families egter met vakansie omdat dit dan baie warm was. Ons kon toe die skoolgebou gebruik om in skool te gaan. Ek was die jongste in die kamp, maar daar was baie seuns

tussen die ouderdom van twaalf en sestien jaar. Twee seuns van dominee Andrew Murray het vir ons skoolgehou.[17] Hulle was twee lang, skraal kêrels van so ’n paar in die twintig jaar en het die geleerdheid gehad.

Dan was daar ook ’n poloveld waar die soldate kon polo speel, maar terwyl ons daar was, het hulle nie juis gespeel nie. Ek was nogtans gefassineer deur die spel, en ek is seker dat my liefde vir polo sy begin dáár gehad het. Sport is ook in ons kamp beoefen en krieket was die populêrste.

Volgens Du Toit, wat in Umballa gevange gehou was, het ’n olifant met

twee Indiërs op sy rug eendag by die kamp opgedaag. Hy het verbaas toegekyk hoe hulle die krieketkolfblad met ’n staalroller rol.

Ek het ’n baie goeie maat in die kamp gehad, ’n jong kêreltjie van Ficksburg met die naam van Willem Willemse, so ongeveer sestien jaar oud. Hy was baie goed vir my; hy het my altyd in die kamp gehelp. In daardie tyd het ons nog maar min skoolgegaan. Ek kon nie eintlik skryf nie, maar hy het my gehelp om ’n kort briefie vir my ma te skryf. Ek het vir haar ’n paar lyne geskryf van waar ons was en hoe dit met ons gegaan het.

Snags het ons hutte se deure oop gebly omdat dit baie warm was. As daar dan

vleis oop in die hut gestaan het, kom die jakkalse in en steel dit. Ek het eendag gesien dat ’n Indiër sy paar skapies oppas en die jakkals draf al om hom waar hy met sy skape gestaan het. Die jakkals word dan net skrikgemaak, want dis teen hul geloof om diere dood te maak. Van die Boere het die jakkalse te voet gaan jag om hulle te verwilder.

Geldenhuys het ’n soortgelyke gebeurtenis in Umballa in sy dagboek beskryf: “Om trend 11 uur [in die nag] kwam een jakkals in ons tent. Hy klimde op de tafel en aasde er rond, in de tent waar 7 personen slaapte. Vader maakte hem schrik en hy nam de loop.”[18]

Ons het ook baie probleme gehad met aasvoëls wat enigiets probeer aas het. Jy kon nie buitetoe gaan met jou kos nie, dan sak hulle eenvoudig op jou toe en probeer iets van jou gryp.

Oral waar ek gegaan het, het die mense vir my jammer gevoel omdat ek so jonk was. Selfs my pa, wat 'n streng man was, het my daar bederf. Daar in die kamp in Solon het ons 'n Major Dyer ontmoet. Hy was al afgetree en het 'n bierbrouery gehad so 'n paar myl van die kamp. Hy het bier en limonade en sulke goed gemaak. Hy het my in die kamp gesien en hy was ook baie jammer vir my omdat ek nog so klein was. Hy het vir my pa gesê hy moet my en 'n paar van sy vriende saambring om daar by

hom ’n koppie tee te kom drink. Hy het goed bevriend geraak met my pa. Hulle het baie lekker gesels oor die oorlog in Suid-Afrika en oor die land. En so het ’n paar van ons dikwels gegaan en daar by hom ’n middag deurgebring. Die vriendekring was Pieter Schabort, Willem Willemse, Corneels Wessels, Danie de Bruin en ene Van Biljon.[19] Majoor Dyer was ’n baie vriendelike man en was baie goed vir ons.

In sy toespraak by die Du Preez-familiereünie in 1962 het Charles genoem dat hulle “dikwels genooi is om ’n bier saam met [majoor Dyer] te kom drink omdat hy ’n bierbrouery besit het” – wat net so waarskynlik was as om tee

saam met hom te drink!

Die Britse administrateurs en troepe se aanvraag na bier in Indië se warm klimaat was groot, en Solon was – en is steeds – bekend vir sy brouery sowat vyf kilometer van die dorp af. Die eerste moderne brouery in Indië is in die laat-1820's in Kasauli in die Himalaja-gebergte naby Simla deur die Engelsman Edward Dyer opgerig, 'n voorsaat van majoor Dyer. Die brouery is spoedig verskuif na die nabygeleë Solon, waar daar volop vars fonteinwater was.

Om die beurt het 'n paar van die jongkêrels vir ons in die kamp gekook. Oom Danie de Bruin was nie tevrede met hul kos nie en huur toe sy eie kok

teen een roepee per maand. Elke dag word die kos van oom Danie egter dieselfde voorberei as die vorige dag. Die Indiërs kon ewe goed met hulle hande en voete werk. Oom Danie gaan toe om die kok te wys hoe hy sy vleis voorberei wou hê, en vind die kok plat op die vloer met die mes tussen sy tone; hy saag dan die rou vleis met sy hande af en gooi dit in die pot. Oom Danie het toe maar die roepee uit sy sak gehaal, die kok afbetaal en weer saam met ons kom eet.

Naby ons kamp was die Indiërs besig om 'n tonnel deur 'n berg te grawe. Dit was om die treinspoor van Simla af dieper die berge in te bou. Voor die opening van die tonnel was 'n diep

kloof; die grond is dan gebruik om die kloof mee op te vul. Dit het behoorlik soos 'n miernes gelyk; vroue en kinders het met mandjies die grond en klippe vanuit die tonnel gedra na die kloof, terwyl die mans binne-in die tonnel gewerk het. Aan weerskante van die tonnel het honderde mense gewerk.

Vir die Boere was Indië met sy miljoene mense wat omtrent sewentig verskillende tale praat 'n vreemde land. Hulle was verwonderd oor die baie verskillende godsdienste in die land, met Hindoeïsme en Boeddhisme as die grootste.

Op hul beurt was die plaaslike bevolking gefassineer deur die Boere

van wie hulle so baie gehoor en gelees het – ’n volk wat dit durf waag het om die magtige Brittanje aan te vat en wat verskeie roemryke oorwinnings behaal het ten spyte daarvan dat hulle ver in die minderheid was. Du Toit skryf dat die radjas vis na hul kamp gebring het en verbaas was dat die Boere ook Engels kon praat.[20]

Geldenhuys skryf dat die Indiese lokasies almal geleë was op die lae heuwels om Umballa, en dat hulle in hutte gewoon het soortgelyk aan die “Kaffer stroohuis [*sic*] in Z[uid] Afrika … Het ploegen alhier zyn zeer een voudig, 2 osjes werd voor een ploeg gespan … Over al zien mens putten, de Indianen hebben voor hem bakkies

pompen gemaak.” Hy meld ook dat sommige artikels baie goedkoop was, soos sigare teen een sjieling per honderd; ander items was die helfte van die prys in Suid-Afrika en ander weer duurder. Eendag het hy ’n pas gekry om die dorp Umballa te besoek. “Ik betaal een anna [een pennie] en ging een eind ry. De olievant werd door de Koellie geordered om neder te leg toen klom ik op. Het was my een wonder werk om zelf op een olievant te ryden.” Daarvandaan is Geldenhuys na die basaar, waar so te sê enigiets vervaardig is. Uit die klein stalletjies het die Indiërs alle soorte artikels verkoop. Daarna is hy na die St. Paul-kerk, wat baie indrukwekkend was binne.[21]

Geldenhuys beskryf ’n paar interessante waarnemings oor die diere en voëls in die Umballa-omgewing, wat sekerlik ’n plaasseun soos Charles sou fassineer.

> Hier zyn heelparty olievanten in umballa, zy worden gebruikt om te werken zoo als voeder enz., aan te ryden … Het schaap van India zyn meest allen zwart zoo als de zwart mof schaap in Z(uid) A(frika) … Ook de donkies hier zyn en de zelf als ons donkies. Dat arme en onnozele dier word met stenen en zand, enz., enz., op zyn rug geladen dat hy somtyds er onder bezwyn … De varken zyn zoo mager dat de

> wind hem kan om waaide … De valken en roof vogels al hier zyn zeer mak. Zy zyn zoo mak dat, wanneer men met de kost bak van de kook huis komen dat zy uit dat kost bak stukke vleesch uit grypte …[22]

Ten spyte van die opwindende nuwe ervarings en die eksotiese diere- en voëllewe in Indië, het die Boeregevangenes steeds huis toe verlang. Hulle het nie geweet dat die oorlog tussen Brittanje en die twee Boererepublieke byna op ’n end was nie: die gevangenes sou spoedig toegelaat word om na hul geboorteland terug te keer.

# 12

# Vrede en repatriasie

Op 31 Mei 1902 is vrede verklaar tussen Brittanje en die twee Boererepublieke. Die Boere-aanvoerders het uiteindelik oorgegee en die Vrede van Vereeniging onderteken. Van die sestig afgevaardigdes uit die Transvaal en Oranje-Vrystaat het vier-en-vyftig daarvoor gestem dat die vredesvoorwaardes aanvaar word.

Daarvolgens sou die twee republieke

in die Britse Ryk opgeneem word, maar met die belofte van beperkte selfregering in die toekoms. Dié belofte is vergestalt met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910. Die Anglo-Boereoorlog was die langste (twee en 'n driekwart jaar) en die duurste (meer as £200 miljoen) oorlog wat Brittanje tussen 1815 en 1914 gevoer het.

Toe eendag, ons was net besig om middagete te eet, kom daar 'n soldaat en hy sê vir ons dat vrede verklaar is in Suid-Afrika. Die Boere het opgespring en uitgehardloop, een selfs met sy bord vol sop in sy hande. Almal het gejuig van blydskap oor die goeie tyding. Ons het in Februarie in Indië aangekom en dit

was nou Meimaand, so hulle het ons in die laaste jaar van die oorlog gevang.

In sy dagboek meld Jan Geldenhuys dat die Boeregevangenes op 2 Junie 1902 in Umballa deur die Britse offisiere ingelig is dat vrede amptelik gesluit is.[1] Die datum sou dieselfde gewees het vir die kamp by Solon en die ander kampe in Indië, hoewel Charles dit anders onthou.

’n Paar dae later het majoor Dyer laat weet hy wil my pa sien. My pa het weer sy paar vriende saamgevat. Ons is dadelik na hom toe, en toe wys hy vir my pa ’n deklarasie in die koerant dat die Boere wat op hul eie koste wou uitkom, dit dadelik kon doen. Hulle moes net die

skip betaal [hul passaat], want die treine was natuurlik goewerment-treine, dus het ons verniet daarop gery. In Suid-Afrika het ons ook verniet op die treine gery, want die Engelse was toe daar in beheer. Majoor Dyer het gesê ons kan dadelik uitkom. Hy het geweet my pa is ’n boer en hoe gouer hy op die plaas kom, hoe beter. Hy het my pa aangeraai om van die geleentheid gebruik te maak om so gou as moontlik na Suid-Afrika terug te keer, aangesien daar ’n tekort aan skepe was, wat beteken het ons sou dalk lank moes wag voordat ons kon terugkeer. Toe het my pa net gelag en hy sê vir hom: “Ja, baie dankie, maar ek het nie ’n pennie geld nie. Hoe dink jy sal ek op my eie koste gaan? So ek sal dan

maar moet wag."

Toe majoor Dyer vir my pa vra of hy graag vroeër sou wou terugkeer, antwoord my pa: "Ek sal aan my hande aan die skip hang as dit moet!" Majoor Dyer sê toe vir my pa: "Ek sal vir jou die geld leen, vir jou en jou seun." Op dié manier het ons taamlik vroeg teruggekom, en teen Augustus 1902 was ons weer in Suid-Afrika.

So jy kan darem sien daar was baie goeie Engelse wat goeie harte gehad het … Ek onthou nog goed toe my pa die geld by hom gaan haal het, die dag voor ons vertrek. Die geld was in 'n seilsakkie, ongeveer £30 in silwerstukke. Daar was 'n paar mense, onder andere meneer Pieter Schabort, ou

oom Danie de Bruin van Brandfort en oom Corneels Wessels van Bethlehem wat die nodige geld gehad het; dit was mense wat my pa al voor die oorlog in Suid-Afrika geken het. Hulle was ook die mense wat altyd saam met ons daar na majoor Dyer op besoek gegaan het. Hulle het geld laat uitstuur – hulle was lank voor ons in Indië – en dus het hulle toe die geld gehad om saam met ons op dieselfde skip terug te kom.

Dit het ’n paar maande geduur ná die vredesluiting voordat die eerste Boere na Suid-Afrika kon terugkeer. Hoewel Charles meld dat hulle teen Augustus 1902 terug was, was die vroegste wat enige van die gevangenes kon

teruggekeer het Septembermaand, aangesien die moesonreëns enige reise oor land na Bombaai in daardie tyd onmoontlik gemaak het.[2]

Voor hul vertrek het Philip en Charles al twee briewe aan Charlotte geskryf. Op 8 Julie 1902 skryf Philip wat blyk een van verskeie briewe te wees wat sy vrou tot op daardie stadium nie ontvang het nie. Volgens die brief het hy die vorige dag 'n brief van Charlotte ontvang, die eerste sedert hul vertrek uit Suid-Afrika.

Sollon Punjap 8 July 02

> Lieve vrou, Met blydschap kan ik u melden dat ik gister van u een brief en een poskaart ontving en ook een

brief van Bessi. Ik was verruk van blydschap. Het is de eerste briefen di ik van huis kryg. Liefste, ik en Charles is nog byden vris en gezond door de goedheid van onzen Heer. Ik schryf u elken week en ik registreer de briefen. Ik ben verwonderd dat gy het niet kryg. Gy schryf ik moet u schryf hoe het hier lyk. Wy bly hier tussen bergen. Waar de huizen staan wort de grond gelyk gemaak. Rondom ons is oferal Indiansche staten. Wy heef vier daagen met de tryn hier heen gerys. Wy kryg kos genoeg. Onze kos is elken dag vlys en rys en aartappelen. Vrugte en groenten kryg wy niet. Ik hoor van onze

baassen dat het vreeden zijn maar waneer wy zal huistoe gaan weet ik niet. Wy kryg geen brief van africa di ons vertel van de vreeden, hoe het gemaak is. Het is voor my of daar geen vreeden is. Lieve, u moet tog gedurig de Heer vragen om ons te verlos en weer by elkander te brengen. Het is al zo lan[g] vreeden en onze briefen kom niet door. Ik heb hier een portret van ons een heel klomp by malkander. Ik, Charles, C Wessels, J de Bruin. Ik zal u het insluiten. Liefe, jy moet tog een plaan maak om Karoolis te kryg. U moet ver Agus zeg hy moet hem gaan haal in kaferland en moet tog kyk of hy niet van onze goed

krijg. Fraag Tauns [oom Theuns Wessels] om ook te help. Ik vertrouw dat onze God ons zal verlosen zonder om getrouwheid te zweer.

Gy vraag my na Emil. Ik heb u de 16 April geschryf dat Emil dood is. Ach, vrou, het gaat tog bit[t]er. Van Jan en Pieter heb ik lang niet gehoor. Met oude Daniel Wessels, C. Wessels ou De Bruin gaat het nog goed; hule zyn alen jonk en fris. Lieve, nu op oogenblik kryg ik weeder een brief van Jan. Hy schryf my dat ik u brief in zyn comfert [koevert] heeft gestuur. Hy heef het dadelyk aan u gestuur. Ik voel van daag reg verblyd. Ik blyf

onze Heer dankbaar.

Zeg aan Teunis hier wort bufels gemelk. Hule geef meer melk als onze beesten. Zy geef 32 pond melk op een dag. Vaarsen van 2 jaar oud kan ik kryg ver £2 stuk. Hy mag hier heen kom met geld dan kan ik en hy zaamen gaan met een klomp beesten huistoe gaan. Zeg aan Bet zy moet haar tuin saat by malkander maak, als ik kom dat ik zomer kan begind te spit. Nu zal ik maar eindigen. Beste groete aan Bet en Teunis, al hun kinderedn.[3] Liefse groete van my, met harte kusten aan u en nelli, hani, Zoebi en Loude. Myn liefste ik blyf u aller liefste man. Philip.

Besste groete aan oom Wessel en zyn tante Bessi. Zeg hy moet plaan maak om my te kom aflos.

Adres
Solon Punjap
India
de Bergen
POW.

Charles, bygestaan deur die jong Willem Willemse, het op 12 Julie 1902 aan sy moeder geskryf. Dis ’n eenvoudige briefie, geskryf op ’n vierkantige velletjie van skaars tien by tien sentimeter, maar nietemin roerend as die omstandighede in ag geneem word.

Solon

12/7/1902

> liefe mama ik vat mij pen om ver u een korte brief te schruif. het gaan nog goed met mij en pa en al die bekende. m g le roes [M.G. le Roux] is ook hier. ik heb een brief van bessie gekrij dat het nog goed met haar gaan. ons is in die bergen in die huisen. ons is 25 in die huis.

Hierdie oorspronklike brief, sowel as dié van Philip, word bewaar in die Oorlogsmuseum in Bloemfontein.

Dominee Daniel Viljoen het posdag beskryf as gewoonlik ’n dag van hartseer en droefheid. “Die tydinge was weer treurig. Die een het sy vrou verloor, ’n ander sy kinders, ’n derde sy vader, ’n

vierde sy moeder. Al hierdie persone moet vertroos word."[4]

Die dagboek van Stephanus Hugo meld dat die gevangenes se korrespondensie onder streng beheer was. Die briewe wat hulle geskryf het, moes oop aan die sersant aan diens gegee word. Slegs nadat die sensor die briewe deurgegaan het, kon dit na die onderskeie bestemmings gestuur word.[5]

Majoor Dyer het toe vir ons al die dinge gereël en so is ons daar weg; dit was seker binne 'n maand gewees.[6] Ons is terug [na Simla] en het op die trein geklim en andersom gery; ons het toe in die dag gery, waar ons in die nag gery het toe ons kamp toe gegaan het.

Gedurende ons reis na Bombaai het ons deur elf tonnels gereis. Dit was 'n pragtige gesig. Ver onder op die gelyktes kon ons sien hoe die Indiërs besig was om rys te plant in die modder. Ek onthou nog toe ons naby Bombaai kom, waar ons eers nie kon verstaan waarom die trein so teruggeloop het nie, het ons deur die berg deur … tonnels gery. 'n Mens sou deur die tonnel gaan, dan oor 'n brug oor 'n kloof, dan weer deur 'n tonnel en weer oor 'n kloof, en so is ons deur elf tonnels.

Die eerste deel van ons bootreis was op 'n ou klein skippie. Die see was baie rof en ons was maar baie seesiek. Ek onthou my pa het vir 'n paar annas 'n hele hoop piesangs gekoop, die

heerlikste piesangs wat ek nog geëet het. Dit was so goedkoop. Ek het my toe siek geëet aan die piesangs en ek was vreeslik siek toe ek in die boot klim en ons wegvaar. Dieselfde nag het ons oorgeklim op ’n ander skip, sy naam was De Koning II. Dit was ’n Hollandse skip.

Die eerste paar dae op see was die see baie kalm en die skip het lekker gery, so lekker dat een oubaas gesê het: “Die skip ry net so lekker soos ’n trippelaar-perd.”[7] Ná ’n paar dae het die see egter rof geword en party mense het [see]siek geword.

Ons het langs Afrika se ooskus af gevaar en eers by Zanzibar en later by Beira aangedoen. Dit was ’n lang

seereis en die matrose was baie goed vir my. Hulle het my elke middag na die kombuis geroep, want hulle het geweet ek hou van soetgoed. Voor ons by Lourenço Marques aankom, waar ons moes afklim, het die matrose vir my 'n hele roly-poly-poeding met lekker konfyt gegee. Hulle het altyd vir my poeding gegee wat hulle oorgehou het. Dit was 'n groot poeding en was te veel. Ek kon slegs 'n gedeelte daarvan opeet en wat oorgebly het, het ek in ons kajuit gaan bêre.

Ons het verder geseil totdat ons by Lourenço Marques gekom het en daar het ons afgeklim. Toe ons naby die hawe van Delagoabaai kom, het ons na aan die land gevaar, en verby die monding van

’n groot rivier waar die water baie modderig was. Ek onthou hoe ’n mens die rivierstrome kon sien en die modderwater van die rivier wat inloop in die see. Ek onthou ook goed dat een van die matrose voor op die skip gesit het met ’n skietlood met gekleurde bandjies om te meet hoe diep die water is. Dan lig hy die skietlood op, dan laat sak hy hom; dan lig hy hom weer op, dan laat sak hy hom. Agter by die propeller van die skip het die modderwater so rondgemaal. Ek het gedink die skip gaan vergaan, want ek het gehoor wanneer ’n skip op die rotse loop dan slaan hy op die rotse stukkend.

Ek was nou in die nood dat dit met ons gaan gebeur. Dan is ek voor, dan kyk

ek die diepte van die see, dan is ek agter en kyk hoe borrel die modderwater uit, dan kyk ek nou net watter oomblik die skip op die rotse gaan loop. Terwyl ek heen en weer hardloop, blaas daar hard ’n beuel en die matrose begin rondhardloop en die reddingsbote losmaak. Hulle het vir ons gesê dat as die beuel blaas, ons elkeen moet sorg dat ons by ons bootjie is; elke klompie mense het ’n reddingsbootjie gehad. As die skip sink, moet ons by ons bootjies wees. Ons almal moes toe hardloop om by die bootjies te kom, en jy sien toe net die matrose hardloop en almal hardloop en die bootjies gereedkry. Ek dag: “O, dis my laaste dag.” Ek het ook gedink voor die skip vergaan, moet ek darem

eers my poeding opeet. Ek hardloop toe so vinnig ek kon na ons kajuit en eet my poeding voordat die skip kon sink. Dit was eers toe ek weer terugkom op die dek dat ek ontdek dit was al die tyd maar net om te kyk of die matrose op hul plekke is as die skip sou gesink het.

Die skip het ver van die land af geanker en ons het met roeibootjies, wat ’n mens van die Portugese moes huur, aan wal gegaan. Die bootjies was swaar gelaai, want ons was ’n hele klomp in die bootjie. Ek onthou hoe dit water geskep het in die sterk wind. Soos dit skeef gedraai het, slaan die branders oor die bootjie en dan skep hulle weer die water uit, maar ons het veilig geland. Daardie nag het ons in ’n hotel in

Lourenço Marques gebly, en die volgende môre het ons op ’n trein geklim, oom Paul Kruger se trein, en vertrek Pretoria toe. In Pretoria het ons oorgeklim na ’n ander trein en Winburg toe vertrek, die naaste stasie aan ons plaas. Ons het nog gedink ons gaan my ma daar op Winburg kry, want ons het geweet sy was daar op Winburg in die konsentrasiekamp. Maar toe ons op Winburg kom, toe ontmoet ons oom Theuns Wessels daar. Hy het my ma uit die kamp gaan haal en sy het ’n ruk by hulle gebly; hy het daar naby Winburg gewoon. Op Winburg aangekom het ons na ’n winkel gegaan en uitgevind dat my pa se suster Mimmie, wat eers op Senekal gewoon het, nou op Winburg

woon. Sy het ons vertel dat oom Rooi Jan du Preez, my pa se jongste broer, my ma kom haal het en dat sy met die drie kinders, Ruby, Nellie en Lodie, by hom op sy plaas Quaggafontein in die Ficksburg-distrik gebly het. Tant Mimmie weet toe ook dat ons donkiehings, ou Waltman, nog op die plaas was.

Toe hoor my pa daar is perde wat hy by die Engelse kan koop. Hy gaan toe na die repatriasieraad op Winburg en koop sewe merries by hulle om weer te begin teel. Hy het ook gehoor ’n mens kon beeste en skape koop, maar ongelukkig was daar toe nie meer beeste en skape nie, dus het hy toe maar net die merries gekoop. Ons het twee saals gekoop en

twee van die merries wat ons gedink het die makste lyk opgesaal en met hulle die pad gevat huis toe. Ons het die ander vyf merries aangedryf met die pad langs terug na Wonderkop. Twee van die merries se name was Albanie en Beginsel. Winburg was vyftig myl van ons af en die ou hoofpad het taamlik reguit geloop feitlik tot daar by Hibernia op pad na Wonderkop.[8] Die ander perde het los gehardloop. Ons het heeldag gery; dit het maar stadig gegaan, en naby Wonderkop het dit begin donker word, maar gelukkig was dit maanlig.

Dieselfde Flip Koekemoer wat hom by die Engelse geskaar het, se plaas was op die pad na Wonderkop. Ek het maar aangehou vir my pa sê: "Kom ons ry by

oom Flip Koekemoer aan, kom ons gaan slaap daar," want ek was baie moeg. Maar my pa wou nie, want hy het nog 'n sterk gevoel teen oom Flip gehad omdat hy met die Engelse kant gekies het. Maar aan die ander kant het my pa baie probleme gehad, want daar was geen drade nie en hy was bang as hy die perde los as ons gaan slaap, sal hulle wegloop. Uiteindelik het ek hom omgepraat en het ons aangery by oom Flip se plaas.

Toe ons naby sy huis kom, vind ons 'n hek en ons maak dit oop. Ons het dit weer toegemaak met die perde aan die binnekant. Toe gaan klop ons aan die deur; dit was middernag toe ons daar aankom. Die Koekemoers was al in die

bed, maar beide die oom en tannie het opgestaan en hulle was baie vriendelik. Ek onthou sy het vir ons lekker vars brood met biltong en koffie gegee vir aandete. Ons was baie honger, want ons het die oggend laas iets geëet. Ons het toe die aand gaan slaap, dit was ’n Saterdag, en na ’n nag se goeie rus op Rondehoek by die Koekemoers is ons die volgende oggend huis toe.

Die Sondagoggend het oom Flip vir ons ’n arbeider geleen om die perde aan te jaag, en hy het sy kar en perde ingespan en my en my pa met die perdekar weggebring huis toe. Ons was op pad Quaggafontein toe, maar ons het eers by ons plaas aangegaan om te sien hoe dit daar lyk. Ons het voor die

woonhuis stilgehou. Julle kan self dink wat deur ons gedagtes gegaan het: die huis en al die buitegeboue was afgebrand. Om die murasies het die onkruid menshoogte gestaan; alles was verwoes.

Skielik hoor ons 'n lawaai uit die afgebrande huis en hier storm ou Waltman die donkiehings uit die murasie uit met 'n donderende gebalk. So asof hy sê: "Welkom terug, welkom terug!" Hy was die enigste dier wat op die plaas oorgebly het. Ou Waltman was die donkiehings wat my pa gehou het om muile te teel, en die Engelse het hom baie saam met die perde weggejaag toe ons nog op die plaas was. Maar die volgende môre as ons opstaan, is ou

Waltman maar weer terug.

Oom Flip het ons toe weggebring na Quaggafontein. My ma het van niks geweet nie en toe ons daar aankom, was hulle net besig met middagete. Daar was natuurlik groot blydskap om ons geliefdes weer te sien. Die hereniging van ons huisgesin was 'n hartroerende gebeurtenis. Ná baie maande se swaarkry en hartseer was ons weer bymekaar en gelukkig, selfs al was al wat ons na die oorlog oorgehad het 'n donkie.

# 13

# Winburg-konsentrasiekamp

Gedurende die tyd dat Charles en Philip voor hul gevangeneming in die berg op Wonderkop geskuil het, het Charlotte met Ruby Edna, Nellie en Lodie in die Britse konsentrasiekamp by Winburg gebly. Teen September 1901, die maand waarin Charlotte en haar drie kinders gevange geneem is, was daar vier-en-dertig konsentrasiekampe wat die Britte vir blankes gevestig het. Op dié stadium het

die totale inwonertal sowat 110 000 uitgemaak, waarvan die meerderheid kinders was.

Die konsentrasiekampe het hul oorsprong gehad in die verskroeideaardebeleid wat lord Roberts teen die middel van Junie 1900 van stapel gestuur het. Hy het opdrag gegee dat plaashuise in die nabyheid van Boereaanvalle afgebrand moes word, en drie maande later is afgekondig dat alle kosvoorraad binne ’n radius van sestien myl verwyder of verwoes moes word.

Lord Kitchener het Roberts as oorhoofse bevelvoerder op 29 November 1900 opgevolg. Sy groot dryfjag het in Januarie 1901 begin deur duisende vroue en kinders van hul plase

te verwyder en na die konsentrasiekampe te stuur. Sy redenasie was dat as die Boerevroue en -kinders eers in die kampe saamgetrek was, die mans op kommando nie daarin sou kon slaag om voedsel en voorrade te bekom nie. Hy het ook gereken dat die mans te velde hul wapens sou neerlê ten einde met hul gesinne herenig te word.

Die kampe was berug vir hul swak lewensomstandighede en hoë sterftesyfer. Gedurende Oktober 1901 is soveel as 3 205 mense in die kampe dood. ’n Amptelike verslag ’n dekade later deur die Transvaalse argivaris P.L.A. Goldman het bekend gemaak dat 27 927 Boere in die konsentrasiekampe omgekom het. Van hulle was 22 000

jonger as sestien. ’n Gedenksteen by die terrein van die Winburg-kamp ter ere van die vroue en kinders wat daar gesterf het, lui dat 355 kinders jonger as vyftien en 132 mense ouer as vyftien (’n totaal van 487) in die kamp gesterf het.

Hoofsaaklik danksy die filantropiese werk van Emily Hobhouse van die South African Women and Children’s Distress Fund en die British War Office’s Ladies Committee (wat ook die Winburg-kamp besoek het) het omstandighede in die kampe verbeter en het die sterftesyfer merkbaar gedaal. Met haar terugkeer na Brittanje het Hobhouse die nasie geskok met haar verslag oor die toestande waarin die vroue en kinders in die kampe aangehou is. Haar verslag van

vyftien bladsye aan die komitee van die Distress Fund is eers onder parlementslede versprei en toe in laat-Junie 1901 gepubliseer. In antwoord daarop het die regering die Fawcett-kommissie aangestel. Van Augustus tot Desember 1901 het die kommissie sy eie toer van die kampe onderneem, en sy verslag wat in Desember gepubliseer is, het hoofsaaklik Hobhouse se weergawe bevestig.

Die Winburg-konsentrasiekampregister lys Charlotte onder die naam "Mrs Charlotte Aletta A. du Preez". Haar nasionaliteit word aangegee as "Free State" en haar beroep as "farmer". Onder "Notes" word vermeld: "Fled when the British came".

Haar ouderdom by aankoms in die kamp was vier-en-dertig. Die datum van aankoms word gegee as 17 September 1901 en die datum van vertrek as 13 Desember 1901. Haar man, Philippus Anthonie, word aangedui as "aged 58, on farm". Die register vermeld verder sy "is the mother of Miss Ruby Edna du Preez, is the mother of Miss Nelly du Preez, is the mother of Master Jacobus Lodewicus du Preez".

Margaret Marquard se beskrywing van die Winburgkamp toon dat dit tot stand gekom het sonder veel beplanning en dat daar 'n relatief opgevoede en besonder uitgesproke Boeregemeenskap was.[1] Teen Maart 1901 was daar reeds 566 mense in die kamp, van wie die

meeste nie behoorlike kleding en ander noodsaaklikhede gehad het nie. Daar was nie genoeg water vir die mense om hulle behoorlik te was nie. Die kamp is geleë op swart kleigrond en gedurende die reëntyd was dit ’n modderige gemors. Inwoners is nie toegelaat om sonder ’n permit in die dorp inkopies te doen nie, maar die kampwinkels het steeds gesukkel aangesien die dorpsmense self ’n tekort aan goedere gehad het. Skeurbuik en masels het op ’n stadium uitgebreek, en die klein hospitaal kon nie die toenemende aantal maagkoorsgevalle behandel nie. Ten spyte daarvan was die kamp se sterftesyfer relatief laag.

“Hoe verdrietig ek was en hoe swaar

dit was, kan ek nie aan julle beskryf nie," het Charlotte oor hul lewe in die kamp geskryf. "Ons het drie maande in die kamp gebly. Elke liewe dag het ek vir die superintendent gaan vra om my in die dorp Winburg te laat bly. Ek kon 'n huis verniet kry by my familie, maar elke dag het hy nee gesê.

Ek het £15 by my gehad en daarmee moes ek vir ons almal klere koop. Meel en vleis het die Engelse ons gegee; die vleis was egter so maer dat ons dit nie kon gebruik nie. Somtyds het ons ook 'n bietjie koffie en bully beef gekry. Water was baie skaars, dis met vaatjies aangery en elke tent kon net 'n sekere rantsoen kry. Wasgoed moes ons by 'n klein dammetjie gaan was, waar die

Kakiekaffers ook hul wasgoed gewas het."

Charles se boetie Lodie was net twee jaar oud ten tyde van hul verblyf. Eendag hoor hy 'n vrou aan sy moeder sê: "Die vleis is so maer, dit lyk na kaiings." Hy begin toe op die plek huil: hy wil ook 'n kaiing hê. Die volgende dag het hy steeds daaroor geneul. Die vrou het hom jammer gekry en het 'n klein stukkie vleis in die hande gekry wat sy vir hom gebraai het sodat hy kon ophou huil. Sy het dit vir hom geneem, maar hy moes hom 'n kaiing as iets anders voorgestel het, want hy het steeds bly huil!

Die superintendent het uiteindelik ingestem dat Charlotte en haar drie kinders op die dorp kon gaan bly. Maar

die huis waarheen sy sou gaan, was reeds deur ’n offisier en sy vrou bewoon; gevolglik moes sy ’n ander blyplek soek. Terwyl sy op die dorp was, het sy gehoor dat Charles en Philip gevange geneem is en na Indië gestuur sou word. Soos in hoofstuk 9 genoem, het Charlotte naarstig probeer om Charles na haar op Winburg gestuur te kry, maar tevergeefs.

Vaal Jan se vrou Hannie, wat saam met die Du Preezgesin vir die Britte gevlug het en saam met Charlotte en haar kinders gevange geneem is, was ook in die kamp met haar babadogtertjie, Anna. Dié is tragies aan ingewandskoors in die kamp oorlede. Op ’n foto gedateer 25 November 1901 wat in Winburg geneem

is, sit sy langs Lodie.

Die Winburg-kamp is minder as ’n maand vroeër besoek deur die Ladies Committee wat deur die War Office aangestel is om die toestande in die kampe te ondersoek. Hulle het die tekort aan water as die grootste probleem beskou, en het ook bevind dat die kamp slordig was met die tente wat nie eweredig uitgelê was nie.

Toe inspekteur Tonkin Winburg laat in Januarie 1902 besoek het, het hy verklaar: “This camp is just awful. The hospital is a disgrace. The sanitation is vile.”[2] Hy brei daarop uit in ’n latere verslag: “The sanitary arrangements here are bad … There is no practical disinfection. In the show yard they are

awful for in this yard there is no disinfection, no English supervisor (excepting an occasional visit from the Superintendent), and no trained nursing. Here almost every child has a nasal discharge, this is evidently infectious, my own recent English experience leads me to believe this to be diphtheritic. I have isolated the camp."[3]

Op 31 Januarie 1902 het luitenant-kolonel J.E. Dewar van die 2nd Dragoon Guards (Queen's Bays) in sy dagboek geskryf dat die kamp nie meer mense kon akkommodeer nie. "Friday: Column was out and had a long day. "C" Sqn escorted a wagon loaded with collected produce back to Winburg. "B" Sqn went out at 7 am and collected Kaffirs and produce

until mid-day. At 3 pm column marched back to Winburg arriving at 8 pm. Orders are not to bring any more Dutch women into the concentration camp, but to leave them on the farms with sufficient food stuff, and to clear off all other supplies from Kaffir Kraals and to bring in the Kaffirs if they want to come, if not to leave them out."[4]

Winburg het ook die sentrum geword van verskeie afvallige Afrikaners wat die Boeresaak versaak het, en 'n groot aantal het by die Britse vrywilligermagte aangesluit. Onder hulle was meneer O.M. Bergh, wat die groepie vrywilligers gelei het wat Charlotte en haar kinders en twee ander gesinne naby die Sandrivier gevange geneem het. Sy

mag het bestaan uit sowel swartes as blankes, en hy het ’n ongure reputasie gehad weens die geweld waarmee hy Boere aangeval het.

Dan was daar kommandant Stephanus Gerhardus Vilonel, die voormalige kommandant van die Winburg– Senekal-kommando, wat ná ’n geskil met die Boere ook die wapen opgeneem het teen sy eertydse kamerade. Soos reeds gemeld, het sy pad dié van Charlotte gekruis toe sy wou hê dat Charles na haar op Winburg gestuur moes word nadat hy en Philip gevange geneem is. Vilonel is toegelaat om vryelik onder die mans in die Winburgkamp te werf, dermate dat die kampsuperintendent later gekla het dat hy skaars enige mans

in die kamp oorgehad het om te werk.

Ten spyte van die superintendent se besware is ’n aantal van die vroue toegelaat om na hul plase terug te keer voor die einde van die oorlog. Dit het later geblyk dat hulle almal die vroue was van die mans wat by die Britse vrywilligermagte aangesluit het.

Langs die blanke kamp, maar heelwat minder in die openbare oog, was ten minste een kamp vir swartes. In Augustus 1901 is sowat 130 swart vlugtelinge ingeneem, maar daar was slegs basiese voedselvoorraad soos mielies, sorghum en sout vir hulle. Hulle is kort daarna na ander plekke langs die spoorlyn verskuif en hul getalle het waarskynlik daarna stadigaan begin

toeneem.

Ná drie maande op Winburg het Charlotte ’n pas ontvang om haar oom en tante, Theuns en Bettie Wessels, op hul plaas Zoutfontein in die Ficksburg-distrik te besoek. Maar toe dit tyd word vir haar om terug te keer, kon sy nie ’n pas kry nie. Die egpaar het besluit dat sy by hulle kon bly, en hulle het Charlotte en die kinders uiters gasvry gehuisves.

Op ’n dag ná die vredesluiting het Rooi Jan op ’n fiets aangery gekom. Hy het ’n huis op sy plaas Quaggafontein herstel en het hulle genooi om by hom te kom woon totdat Philip en Charles teruggekeer het. Hy moes egter ’n wa huur om hulle te gaan haal omdat hy nie meer een besit het nie. Al wat hy gehad

het, was ’n paar skape en beeste wat nog in Basoetoland was. Sy vrou Frieda en hul seun Pat het nog op Worcester gewoon, omdat Pat nog te jonk was om huis toe te kom te midde van die heersende ontberinge.

“Ons het lekker in die huis gewoon en Jan was baie goed vir ons,” skryf Charlotte. “Een Sondagoggend sit ons in die eetkamer en gesels toe ons ’n perdekar buite hoor ry. Dit was iets besonders, aangesien min mense nog karre besit het. Ek spring op om te gaan kyk wie dit is; wat was my verbasing om te sien dis my liewe ou man en kind. Ek was stom van blydskap.”

Die gesin se hereniging moes in September 1902 plaasgevind het. Teen

dié tyd was die repatriasie van die konsentrasiekampinwoners reeds aan die gang, volgend op die vredesluiting op 31 Mei daardie jaar. 'n Tyd lank het die owerhede dit oorweeg om die Winburg-kamp na 'n nuwe terrein te verskuif, of om 'n afsonderlike kamp vir die lojaliste op te rig, aangesien die ou kamp oorvol en besaai met vullis was. Die nuwe terrein wat hulle in gedagte gehad het, was egter 'n aansienlike afstand van die spoorwegstasie geleë, en die grond dieselfde klewerige klei. Met die vredesluiting het dié planne op niks uitgeloop nie.

Toe die repatriasie begin het, was vervoer om die mense huis toe te neem 'n groot probleem. Burgers wat

oorgegee het en krygsgevangenes het ook na die kamp gekom om met hul gesinne herenig te word voordat hulle huis toe sou gaan. Noodlenigingskampe moes ingerig word om die haweloses te huisves wat geen huise gehad het om na terug te keer nie. Een so ’n kamp was Mushroom Valley, nege-en-twintig kilometer suid van Winburg. Tente, mediese sorg en skole is gratis voorsien, maar daar is van die gesinne verwag om hul eie kos te koop.

Teen middel-November was daar sowat 680 mense oor in die Winburg-kamp, van wie die meeste steeds op vervoer gewag het om hulle na hul bestemmings te neem. Die kamp is op 6 Januarie 1903 finaal gesluit.

# 14

# Heropbou van Wonderkop

Die oorlog was verby en die Du Preez-gesin is ná 'n jaar se skeiding weer herenig, maar hul plaas en die hele Orange River Colony, soos dit geheet het, was verwoes. Hulle het min gehad om mee van voor af te begin. Dit sou baie moed, vasberadenheid en improvisasie verg om weer op die been te kom. Moeilike tye het voorgelê vir die gesin, soos vir duisende ander in die

twee voormalige Boererepublieke.

’n Hele ruk voor die einde van die oorlog, reeds in 1901, het lord Milner besef dat die hervestiging van sowat 200 000 blankes (insluitende sowat 50 000 buitelanders) ’n massiewe taak gaan wees. Boonop was daar sowat 100 000 swartes wie se normale bestaan ontwrig is. Baie van hierdie ontwortelde mense was saamgetrek in krygsgevangene- of konsentrasiekampe, terwyl ander deur die republieke as vlugtelinge en vegters versprei was. Al dié mense, van wie die Du Preez-gesin ’n tipiese voorbeeld was, moes op verwoeste plase of in wonings hervestig word en gehelp word om weer selfonderhoudend te wees.

Milner se grootse plan het begin met

die Britte wat by die Transvaalse myne en ander nywerhede werksaam was. Hul repatriasie het begin ná die anneksasie van Transvaal in 1900, sodat teen vroeg-1902 feitlik almal na die Witwatersrand teruggekeer het. Om die hervestiging van die Republikeinse Boere – nou Britse onderdane – te bespoedig, is spesiale landrade vroeg in 1902 in sowel die Orange River Colony as die Transvaal gevestig.

Om voor te berei vir die repatriasie van die Afrikanerbevolking is die repatriasie-afdelings van dié landrade omskep in onafhanklike departemente. Ingevolge die voorwaardes van die Vrede van Vereeniging, wat op 31 Mei 1902 in Pretoria onderteken is, is van

alle burgers, insluitende die Bittereinders en krygsgevangenes, vereis om Sy Majesteit koning Edward VII as hul regmatige heerser te erken. Die vredesverdrag het ook bepaal dat plaaslike repatriasierade in elke distrik opgerig sou word om noodleniging te voorsien en die hervestiging van die Boere te bespoedig. Verder sou die Britse regering £3 miljoen beskikbaar stel vir heropbouhulp en rentevrye lenings vir twee jaar aanbied, daarna betaalbaar teen 3 persent rente.

Ongelukkig het die term "vrije gift" (soos die monetêre hulp bewoord was) misverstande tot gevolg gehad. Die bepaling dat bewyse van oorlogskade voorgelê kon word aan die sentrale

Judicial Commission, het verkeerdelik die indruk gewek dat dit bedoel was om die Boere vir hul verliese te vergoed. Volgens die Britte was dit egter bedoel as ’n bydrae tot repatriasie, en die hervestigdes is persoonlik aanspreeklik gehou vir alle uitgawes. Dus was die £3 miljoen inderwaarheid deel van die lening van £35 miljoen wat Brittanje in 1903 vir nuwe spoorweë, openbare werke en vestiging in die twee nuwe kolonies toegestaan het.

Twee sentrale repatriasierade het vanuit Pretoria en Bloemfontein gewerk. In die Orange River Colony is drie-en-twintig plaaslike rade opgerig en in die Transvaal agt-en-dertig. Die rade het daarop gefokus om die boere so gou as

moontlik op hul plase terug te kry, hulle dan te voorsien van voldoende rantsoene totdat hulle hul eerste oeste kon inwin, en om saad en implemente te verskaf om hul lande te bewerk.

Die algemene vrylating van gevangenes in Suid-Afrika het in Junie 1902 begin. Baie krygsgevangenes in oorsese kampe, veral dié in Indië, was skepties oor die vredesverdrag en het geweier om die eed van getrouheid af te lê. Sowat 500 van die 900 "onversoenlikes" het tot vroeg-1904 vasgestaan.

Die gevangenes wat selfvoorsienend was, is toegelaat om huis toe te gaan; gesinne wat grond besit het, is eerste gerepatrieer en die bywoners volgende.

Al die Bittereinders wat hul wapens neergelê het, is toegelaat om na hul huise terug te keer.

Teen September 1902 was slegs die verarmde mense in die kampe oor. Noodlenigingswerke soos die bou van spoorlyne en besproeiingskemas is gebruik om hulle van werk te voorsien. By Mushroom Valley, 'n plaas in die Winburg-distrik, het die regering van die Orange River Colony 'n sogenaamde noodlenigingskamp (relief camp) gestig. Sommige van die boere in die omgewing kon daar gaan werk teen vier sjielings en ses pennies per dag, maar dit was steeds moeilik vir groot gesinne om van so 'n karige loon te leef.

Ongelukkig het 'n groot aantal

bywoners weens die oorlog armblankes geword. Baie swartes wou ook nie ná die oorlog weer begin werk nie en het verseg om die vlugtelingkampe te verlaat. Toe hul kosrantsoene egter gestaak is, het hulle spoedig weer begin werk soek.

Daar was baie praktiese probleme om repatriasie te implementeer. Om 300 000 verarmde mense terug te neem na hul verwoeste tuistes was ’n moeilike taak. Voorrade moes duisende kilometer ver met slegte paaie en die spoorweë langs vervoer word. Vir die burgers was die aankoop van voedsel en vee van swak gehalte van onsimpatieke militêre owerhede teen duur pryse frustrerend, en hulle het gevolglik die repatriasieproses

gewantrou. Maar teen die einde van 1902 was die meeste van die oorspronklike bevolking reeds hervestig, en ten spyte van die droogte van 1902 en 1903 was repatriasie teen 1905 min of meer afgehandel.

Soos die res van die Oranje-Vrystaat het Senekal erg gely tydens die oorlog. Die daaglikse lewe en aktiwiteite op die dorp het tot stilstand gekom; plase is afgebrand en vee weggevoer of doodgemaak. Ná die vredesluiting het ’n gees van wanhoop geheers. Met die burgers se terugkeer van kommando of van die krygsgevangenekampe, en die vroue en kinders van die konsentrasiekampe, het die proses van heropbou stadigaan begin.

Rudolph Johannes Raath, een van die Boeregevangenes wat teruggekom het uit Indië, het geskryf:

> Nou het die swaar eers begin. Ek moes hard werk vir een sjieling per dag om te leef. Op Vredefort moes ek na die oorlog die Engelse se perde skoonmaak en die stalle uitvee en dit vir ’n daler per dag. Maar dit kon nie anders nie want ons moes lewe. Vir twee maande lank moes ons hout deur die Vaalrivier dra vir die kamp bokant Parys. Partymaal het die rivier nog sterk afgekom ook. Sommige oggende was die water ondraaglik koud gewees, maar ek het ’n pa,

> ma, vier susters en drie broers wat moes eet en aantrek. Pa het op Vredefort gemessel vir twee sjielings per dag … Ons het die eerste twee jaar met twee ou maer perde geploeg en toe slaan die hael een jaar nog die hele oes weg. Dit was ’n harde tyd maar die Here het ons deurgehelp.[1]

Op Wonderkop moes die Du Preez-gesin dus soos duisende ander regoor die Oranje-Vrystaat en die Transvaal van voor af begin. Die eerste twee weke of so moes hulle op Quaggafontein woon.

So moes ons van voor af begin, sonder huise, vee of implemente. Maar ons het

stadigaan weer op ons voete gekom, en sodra my pa 'n bietjie geld kon verdien, het hy dit vir die vriendelike majoor Dyer gestuur totdat die geleende som geld alles terugbetaal was.

Terwyl ons op Quaggafontein was, het my pa dadelik begin om die plaas weer op te bou. Hy moes heel eerste 'n kar prakseer om die gesin terug te kry op Wonderkop. Met twee ploegwiele en 'n groot kis kon hy toe 'n perdekar aanmekaarsit. Die harnasse het hy uit rieme gesny en hy het twee merries wat hy by die repatriasieraad gekoop het, geleer om die kar te trek. Hy en my ma is eers Wonderkop toe om 'n deel van die huis in te rig om leefbaar te wees. Toe het hulle ons kinders kom haal en

spoedig was ons almal weer terug op die plaas.

My pa het eers vir ons 'n huis gemaak: op een van die buitegeboue het hy 'n dak opgesit van sinkplate wat hy van die ou uitgebrande plaashuis afgehaal het. Toe ons ouers ons kom haal het, het ons vir 'n week of tien dae op Quaggafontein gebly en my pa het elke dag oorgery na Wonderkop. Oom Jan se huis was nie afgebrand nie. Ons was toe baie arm, want al wat ons gehad het, was sewe merries.

Ek dink my pa het geweet hy sou Waltman daar kry [op Wonderkop, ná die oorlog], en hy het dus die merries gekoop. Ons het Waltman by Makwassienek gekoop, waar hy gebore

is. Noudat my pa die merries gehad het, het hy dadelik weer begin teel. Waltman en daardie paar merries was die begin van ’n groot muilstoet wat deur die jare aangegroei het. Waltman was ’n opregte Spaanse donkie wat van Spanje ingevoer is vir die doel om muile te teel. Elke jaar het die boere van die [Kaap]Kolonie gekom om muile van ons te koop. Dan is die trop wilde muile in ’n kamp gejaag en die Kolonianers het dié uitgesoek wat hulle wou koop. Party het net muile met ’n streep op die rug gekoop, ander het weer gekyk vir ligbruines of donkerbruines. Die trop muile is dan met ’n mak perd aangejaag na Gumtree, wat die naaste spoorwegstasie was.[2] Daar is hulle van

mekaar geskei en per spoor na hul bestemmings gestuur. My pa en sy twee broers, Pieter en Rooi Jan, het later nog ’n Spaanse donkie van meneer Tommy Pope van Natal gekoop. Meneer Pope het ’n paar hingste van Spanje ingevoer om hier te verkoop. Dié donkie se naam was Alphonse, genoem na die [destydse] koning van Spanje.

My pa het ook gehoor dat twee van sy merries op Witpoort by oom Andries Greyling was. Dus het hy eers ’n kamp ingerig: drade gespan om die perde binne te hou. Intussen het Kerools teruggekom plaas toe, en hy en ek het met twee van die perde gery om die twee merries by Witpoort te gaan haal. Die twee merries het elkeen vier vullens

gehad – een vier muilvullens en die ander vier perdevullens. Op dié manier het ons darem van die perde teruggekry wat ons in die oorlog verloor het.

En so het my pa weer met perde begin teel. In daardie dae moes ek baie perdry en die jong perde leer. Hulle het baie gespring en ek is baie afgegooi, maar na 'n ruk kon ek baie goed ry, en later het ek begin polo speel.

Voor die oorlog het my pa omtrent 300 beeste, 100 perde en 1 000 skape besit, maar hy het alles verloor. Na die oorlog het hy £400-12 kompensasie van die Britse regering gekry, maar daarmee kon hy net dertien merries en 100 skape koop.

Een van die melkkoeie, Rooiblom, het

eendag op Quaggafontein aangekom. Rooiblom het toe gelukkig melk gegee en sy het gewillig saamgekom Wonderkop toe om melk te voorsien vir ons kinders en vir koffie.

Voor die oorlog het iemand veertien osse van my pa geleen om hulle te leer. Dit was algemene praktyk om osse te leen as jy nie jou eie gehad het nie. Jy kon hulle leer en met hulle werk vir 'n paar jaar en hulle dan weer teruggee – op dié manier het almal daarby gebaat. Nou het my pa van die veertien osse wat hy uitgeleen het, vyf teruggekry ná die oorlog.

Een van die Boere wat tot die einde van die oorlog rondgevlug het, het 'n muil vir my pa teruggebring wat hy

gedurende die oorlog geleen het. Op die buurman se plaas het my pa ook twee van sy merries gevind. Hulle was deel van die trop wat berguit gevlug het wanneer die Engelse hulle probeer vang het. Die een merrie het drie vullens by haar gehad: 'n klein vulletjie, 'n een jaar oue vul en 'n twee jaar oue vul; al drie was nasate van Waltman. Die ander merrie het twee perdevullens by haar gehad.

Dit het só gebeur. Een oggend toe my pa buite kom, loop daar 'n merrie op die werf met haar twee vullens. Dit was 'n merrie wat hy goed geken het, want sy het baie goed geteel. My pa was baie bly en het haar in die kamp gejaag. Laat die middag kom 'n swartman om te sê hy

soek sy baas se perde wat weg is. My pa vra hom toe presies wie sy baas is en stuur hom terug. Die volgende oggend ry my pa na die buurman se plaas en daar kry hy die ander merrie met haar drie vullens. Toe vat hy hulle terug Wonderkop toe. Gedurende die oorlog was daar hensoppers wat van plaas tot plaas gery en goed vir hulleself gevat het van die Boere wat weg was van hul plase.

Mielies is op die dorp gekoop vir £2-10 per sak. Dis met groot moeite met die tuisgemaakte perdekar van die dorp af aangery plaas toe. My pa het ’n eenskaarploeg van afvalyster geprakseer en die mielies gesaai. Dit het goed op die land gegroei, maar die swartes, en

selfs die blankes, was so honger dat hulle die oeste gesteel het.

Een van die Boere wat Basoetoland in gevlug het en nie al sy besittings verloor het nie, het vir ons ’n geslagte skaap gebring. Dit was natuurlik baie welkom en ons het dit in ’n boom voor die huis opgehang. Maar die volgende oggend ontdek ons dat honde die skaap hoog uit die boom gegryp en opgevreet het. Die honde was nasate van ’n huishond wat ’n werpsel in ’n gat gehad het en so het die kleintjies wild grootgeword.

My pa se eerste inkomste het gekom van die verkoop van ’n jong perd. My pa het daardie geld na majoor Dyer in Indië gestuur om hom terug te betaal vir die geld wat hy ons geleen het om na Suid-

Afrika terug te keer.

Later het my pa nog 'n perdekar van wilgerhout en die uitgebrande wiele van die spaaider gebou. Dit was 'n netjiese kar wat vir baie jare diens gedoen het. Hy het die tuie, saals en tooms van die Britse leër gekoop.

Kort na die oorlog het ek weer skoolgegaan op Rooipoort, die plaas van ons buurvrou, tant Alie von Maltitz, waar ek voor en gedurende die oorlog skoolgegaan het. Hulle wou eintlik maar net help met my opleiding, maar dit het nie uitgewerk nie. Daar was toe baie dinge om op die plaas te doen, dus moes ek my pa terselfdertyd help om die plaas aan die gang te hou.

'n Broer van my ouma aan my ma se

kant, Willy Hopkins, het aan haar geskryf en voorgestel dat hulle my na Stellenbosch stuur, sodat hulle my daar in ’n plaasskool kon sit. So het ek twee jaar by die plaasskool op Stellenbosch deurgebring, maar ek was baie ongelukkig daar. Ek het gevoel hulle het my meer as ’n kneg gebruik as enigiets anders; ek moes die koeie melk en is aangesê doen dit, doen dat. So op die ou einde het dít ook nie vir my gewerk nie.

My susters Ruby, Nellie en Lottie het ook deel van hul skoolopleiding op Stellenbosch gedoen, en Lodie is later na die Hoër Jongenskool in die Paarl gestuur. Maar toe die [Maritz] Rebellie in 1914 uitbreek, het hy weggeloop van die skool om by die rebelle aan te sluit,

en my ouers het toe besluit dat hy eerder by die huis moes bly.

Na die oorlog het die Britse teenwoordigheid in verskeie vorms agtergebly. Sommige van die voormalige Britse soldate het hulle in Suid-Afrika gevestig, en party van hulle is as polisiemanne by Hammonia, Hibernia en ander plekke in die Oos-Vrystaat aangestel. Hulle was ook daarvoor verantwoordelik dat die spel polo na die Wonderkop-gebied gekom het, 'n sport wat Charles reeds as jong man ywerig beoefen het. Sy belangstelling in die spel het begin toe hy die Britse soldate in Indië sien polo speel het.

Teen 1910 is daar al polo by Damplaats naby Wonderkop gespeel. Die spelers was almal voormalige soldate uit die Anglo-Boereoorlog; soms is daar na hulle verwys as “Britse Setlaars”.

Een van hulle, ’n meneer Wrench, het op Dwarskloof naby Ficksburg gewoon, en op Vrydagaande sou hy so ver kom as Dunoon, waar ’n meneer Hill en ’n meneer Smith was. Vroeg Saterdagoggend het hulle dan te perd vertrek na Damplaats waar die poloveld was. Wanneer hulle om die punt van Wonderkop kom, was hulle te haastig om met die pad langs te ry en het sommer kortpad deur ons plaas gevat. My pa het nie sulke eiegeregtigheid van voormalige Tommies geduld nie. Eendag

was hy weer op pad met sy kar en twee muile en betrap die drie op heterdaad toe hulle kortpad oor sy plaas vat. Hy jaag hulle toe met die kar en probeer hulle voorkeer, maar hy was te stadig en moes toesien hoe hulle teen die bank afjaag waar die kar nie kon ry nie. Hy wou darem sy misnoeë te kenne gee, maar het goed geweet hulle sou nie sy Afrikaans verstaan nie. Hy dink toe maar aan die enigste Engelse vloekwoord wat hy ken en skree vir hulle: “You bitches!”

Die Barrett-broers het op Damplaats gewoon en ’n sersant Hogie by Hibernia. Hierdie ses en nog twee oudsoldate wie se name ek nie kan onthou nie, was die agt polospelers by Damplaats. Elkeen van hulle het net een perd gehad, so

hulle kon net vir tien minute speel voordat hulle gerus het. Gedurende die rustyd het hulle gesels en ’n sopie gemaak, met die gevolg dat die polo nie altyd op standaard was nie.

Soos reeds genoem, het Charles begin polo speel op ’n jong ouderdom, en hy het steeds gespeel as middeljarige man. Sy broerskind Helgard het op ses-en-sestig steeds polo gespeel.

# Slot

Die lewe in die Wonderkop-gebied het stadig na normaal teruggekeer. Teen 1910 was polo al ’n paar jaar lank ’n gewilde sport. Daar was jagverenigings, en ’n debatsvereniging is in 1910 gestig.

In 1912 het die eerste motor sy verskyning by Wonderkop gemaak. Die sesjarige Helgard en sy swart speelmaats het in die poele in die berg

geswem toe hulle ’n vreemde gedreun hoor. Hulle het hul klere gegryp en na die ou wapad gehardloop, waar hulle ’n vreemde ding in die sanderige pad sien voortdreun het. Hulle het dit van ’n afstand beskou, en toe hulle ’n mens in die kontrepsie sien sit, het hulle besef dit kan seker nie te gevaarlik wees nie. Hulle het dit lank gevolg voordat hulle omgedraai en die gesin op die plaas van die vreemde gevaarte gaan vertel het. Op 9 Maart 1926 is die eerste telefoonoproep op Wonderkop gemaak.

Philip is op 22 Mei 1918 aan brongitis oorlede in die ouderdom van vier-en-sewentig. Voor sy dood het hy versoek dat Lodie na Charlotte moes omsien, waarvoor hy die familieplaas

sou erf. Ná sy pa se dood het Charles as die oudste seun die boerdery op Wonderkop oorgeneem. Hy was toe ses-en-twintig jaar oud, en die boerdery was bekend as C.A. du Preez en Seuns.

In 1924 het Charlotte die plaas The Willows gekoop. Die volgende jaar is Charles getroud met Alida von Maltitz, dogter van Charles en Hester von Maltitz van die plaas Wittekrantz, ook in die omgewing. Die paartjie het hulle op The Willows gevestig. Alida se vader was die Boerekommandant Charles C. von Maltitz, wie se dagboek oor sy lewe as krygsgevangene in die Oorlogsmuseum in Bloemfontein bewaar word. Hy het later 'n kolonel geword in die ou Unie-weermag. Hy is op 25 April

1929 oorlede. Alida was ’n niggie van Emil, Charles se vriend van die Wonderkop-omgewing wat in die Umballa-krygsgevangenekamp in Indië oorlede is.

Toe Charles weg is na The Willows, het Lodie die boerdery op Wonderkop oorgeneem. Helgard, die jongste broer, het in 1924 gematrikuleer en het op Wonderkop vir Lodie gaan werk vir ’n salaris. Charlotte se testament het bepaal dat Charles The Willows sou erf, terwyl Lodie Wonderkop – amptelik Suid-Wonderkop – sou erf en Helgard die plaas Charlotte. Laasgenoemde was deel van die oorspronklike Suid-Wonderkop.

Lodie is in 1925 getroud met Henrietta Radley van Clocolan, en die

volgende jaar is hy weg om as vennoot van sy skoonpa op die plaas Boomplaats naby Clocolan te gaan boer. Helgard het na hul moeder omgesien tot haar dood op 18 Augustus 1949. Charlotte het uiteindelik haar testament verander sodat Helgard Suid-Wonderkop sou erf en Lodie Charlotte. Voor haar dood het haar seuns egter al hul erfgrond van haar gekoop om geld beskikbaar te maak vir die dogters om te erf.

Ruby Edna was die eerste wat getrou het. In 1918 trou sy met Jan Abraham van der Merwe van die Rosendaldistrik, en hulle het in 1925 na Harrismith verhuis. Nellie is in 1924 getroud met Dawid Botha, 'n boer van Tweeling aan die Wilgerivier. Voor haar huwelik was

sy ’n onderwyseres en sy het skoolgehou vir die kinders in die Wonderkop-gebied. Onder hulle was haar jongste boetie, Helgard. Nellie is oorlede toe sy geboorte geskenk het aan haar eerste kind, ook genoem Nellie, in 1925. Op haar sterfbed het sy die sorg van haar baba toevertrou aan haar goeie vriendin en buurvrou, Aletta van Reenen. Die Van Reenen-gesin het toe die jong Nellie aangeneem en grootgemaak.

Lottie is in 1925 getroud met Andries Radley van die plaas Tweekamp in die Senekal-distrik. Ná Andries se dood is Lottie weer getroud, met Danie de Waal. Helgard het getrou met Jeanette Catharina van Dyk van die plaas Sameloop in die Senekal-distrik.

Charlotte het by hulle in die huis gewoon tot haar dood in 1949.

Volgens alle berigte was Charles ’n goeie boer wat noukeurig boekgehou het van elke aspek van sy boerdery. Uit sy diprekord van 1916/17, byvoorbeeld, blyk dit dat daar 230 beeste was, waarvan 65 melkkoeie was, 87 osse wat gebruik is om die lande te ploeg, en die res was jong beeste en kalwers. Die melkeryrekord van 1916 toon dat die koeie in groepe ingedeel was ooreenkomstig hul produksie: eerstegraad-koeie het 3 500 lb. melk jaarliks gelewer, tweedegraad tussen 3 000 en 3 500 lb., en so aan. Gedurende die 1920’s het die plaas verskeie kere die Senekal Romery se trofee gewen vir

die hoogste jaarlikse melkproduksie.

Van lank voor die Anglo-Boereoorlog was graanboerdery die vernaamste aktiwiteit in die gebied. Charles se rekords toon dat in 1916 tien sakke mielies op Wonderkop geplant is en dat van daardie saad 750 sakke geoes is. Die dorskoste vir 1916 was £10 10s.

Die rekords toon ook dat hulle teen 1916 met sowat vyftig merries geteel het. Van die merries is sowel perde (Boerperde) as muile geteel, laasgenoemde vir plaaswerk.

Hul skaapboerdery was oorspronklik bedoel vir slagdoeleindes, maar Charles het 'n groot belangstelling in wolproduksie ontwikkel en het met merino's begin boer. Teen die tyd dat hy

Wonderkop verlaat en op The Willows begin boer het, het hy sy stoet ontwikkel tot een van die bekendstes in die land. 'n Ruk lank het hy ook met sybokke geboer, maar teen 1925 is dit laat vaar.

Op The Willows het Charles voortgegaan met die verbouing van koring en mielies. Hy het 'n melkery bedryf en met 'n aantal Afrikanerbeeste geboer, maar teen dié tyd was sy vernaamste aktiwiteit die merinoboerdery. In die Ficksburg-distrik het hy 'n leidende rol gespeel in die plaaslike boerevereniging sowel as die grondbewaringskomitee. Ficksburg is verklaar tot die eerste grondbewaringsdistrik in Suid-Afrika.

Die gebied is deur twee natuurrampe

getref, in 1925 en 1933. In 1925 het ’n “tornado” (sikloon) die Wonderkopgebied getref, wat deur Charlotte en Helgard beleef is. Twee groot doringbome agter die huis is soos vuurhoutjies uit die grond geruk, en sinkplate van die dakke van die buitegeboue het deur die lug gevlieg. Agterna het hulle besef dat twee osse wat op die werf was weg is; hulle is deur die windstorm meegesleur. Ná ’n soektog is die osse in ’n sloot sowat drie kilometer van die plaashuis gevind, een dood en die ander half begrawe in ’n wal.

Die ander groot natuurramp in die gebied was die kwaai droogte van 1933, toe party boere al hul vee verloor het. ’n

Volle jaar lank het hulle geen reën gehad nie, en die stof wat deur die Augustuswinde veroorsaak is, was sommige dae so erg dat die mense kerse in hul huise moes aansteek om te kon sien. Tolbosse en ander droë plantegroei het teen die drade saamgepak en op sommige plekke het die sand so hoog opgestapel dat ’n mens nie meer die drade kon sien nie. Op Wonderkop het slegs sestig melkkoeie oorleef, wat aan die lewe gehou is met turksvyblaaie. Gelukkig het dit in Oktober 1933 weer begin reën, en 1934 was een van die natste jare in die gebied se geskiedenis.

Charles het sy liefde vir polo regdeur sy lewe behou, en hy het tot in sy sestigerjare nog gespeel; hy het ook

steeds tennis gespeel. Diegene wat hom geken het, het hom beskryf as 'n ware heer, 'n onderhoudende storieverteller wat lief was vir gesels. Sy broerskind Helgard wat nou op Groenvley boer, was baie lief vir sy oom en het graag na sy stories geluister.

Charles en Alida het twee dogters gehad, Estelle Cecile (gebore 26 Desember 1930) en Charlotte-Anne (gebore 25 Januarie 1934), en 'n seun, Philip Anthonie (gebore 24 Oktober 1936). Estelle is in 1954 getroud met dominee Johan Lombaard van Bothaville en woon nou in Bloemfontein. Charlotte-Anne is in 1955 getroud met Andries van Niekerk van die plaas Lootsberg in die Ficksburg-distrik, en woon nou op

Ficksburg. Philip is getroud met Natalie de Jager en het die boerdery op The Willows ná Charles se dood oorgeneem. Philip het ongeveer 1998 uit die boerdery getree en het hom in Bloemfontein gevestig.

Charles du Preez is op 13 Mei 1970 oorlede. Ten tyde van sy dood het hy steeds op The Willows gewoon, maar hy moes na ’n hospitaal in Vereeniging gaan vir ’n heupoperasie. Ná die operasie het sy toestand versleg, en hy is drie dae later in die hospitaal oorlede. Hy was vier-ensewentig jaar oud. Sy vrou Alida het later na ’n tehuis vir bejaardes op Ladybrand getrek, waar sy in 1986 oorlede is.

# Notas

INLEIDING

1 Gebore 1882, oorlede 1944; die seun van Francis William Reitz, staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek ten tyde van die Anglo-Boereoorlog en die eerste president van die senaat van die Unie van Suid-Afrika. Terwyl Deneys Reitz in

ballingskap in Madagaskar was, het hy oor sy ondervindinge gedurende die oorlog geskryf. Sy geskrifte is later geredigeer en in 1929 gepubliseer as *Commando: A Boer Journal of the Boer War*.

2 Vertaal uit die oorspronklike Hollands.

3 Gebore op Stellenbosch in 1862. Margaret Marquard was die vrou van dominee Jacobus Johannes Tier Marquard van die NG Kerk op Winburg wat ook moderator van die NG Kerk in die Oranje-Vrystaat was. Hulle is in 1885 getroud.

Vier dae na die uitbreek van die oorlog het sy begin om die daaglikse gebeure by Winburg op te teken in die vorm van briewe aan haar moeder op Stellenbosch en haar man op kommando. Haar man is in Julie 1900 in die Brandwaterkom saam met generaal Prinsloo se magte gevange geneem. Hy sou na een van die krygsgevangenekampe oorsee gestuur word, maar is op parool vrygelaat en toegelaat om saam met sy gesin in Kalkbaai in Kaapstad te woon. Na haar man se dood in

1904 het Margaret weer op Winburg gewoon. Sy het in 1918 na Bloemfontein verhuis.

4 Leo Marquard (red.), *Letters from a Boer Parsonage: Letters of Margaret Marquard during the Boer War* (Kaapstad: Purnell, 1967).

5 John Daniel Kestell, *Through Shot and Flame – The Adventures and Experiences of J.D. Kestell, Chaplain to President Steyn and General Christiaan de Wet* (Londen: Methuen, 1903).

HOOFSTUK 1: DIE DU PREEZ-FAMILIE

1 De Zoete Inval is oorspronklik

deur Simon van der Stel aan Hercules des Pres in 1688 toegeken. Die oorspronklike plaaskelder was in gebruik toe die familie van Robert Frater in 1878 na De Zoete Inval gekom het. Die Frater-familie is afstammelinge van Hercules des Pres. Vir baie jare is port hier gemaak deur die Koöperatiewe Wynmakersvereniging van Suid-Afrika (nou bloot bekend as KWV), en vandag huisves dit ’n gewilde wynproesentrum.

HOOFSTUK 2: VROEË LEWE BY WONDERKOP

1 So genoem na kommandant-

generaal Frederik Petrus Senekal, wat die Oranje-Vrystaatse magte teen die Basotho gelei en in die eerste en tweede Basotho-oorloë geveg het.

2 Een morg is gelyk aan sowat 0.8 hektaar of 2 akker.

3 Deneys Reitz, *Commando: A Boer Journal of the Boer War* (Londen: Faber & Faber, 1929), p. 182.

4 Wittebergen verwys na die sneeubedekte pieke wat van ver gesien kan word.

5 Hierdie klein sinkbadkamer bestaan nie meer nie.

BOEREOORLOG

1 Gail Nattrass en S.B. Spies (reds.), *Jan Smuts: Memoirs of the Boer War* (Johannesburg: Jonathan Ball, 1999), p. 131.

2 Thomas Pakenham, *The Boer War* (New York: Avon Books, 1979).

HOOFSTUK 4: WONDERKOP EN DIE WITTEBERGEN

1 Die eerste dorp wat in die Vrystaat deur die Voortrekkers gestig is; dit lê tussen die Vet- en Vaalrivier. In 1835 het Andries Hendrik Potgieter die regte gekoop van die gebied se plaaslike stamhoof en na ’n

geskil is 'n perseel uitgekies en Winburg genoem omdat die eienaar die stryd gewen het om die ander oor te haal om die plek te kies wat hy voorgestel het.

2 Philippolis is in 1823 gestig nadat die Toverberg-sendingstasie in 1818 gesluit het. Doktor John Philip, superintendent van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika, het sy naam gegee aan die nuwe sendingpos, wat dit die Vrystaat se eerste dorp gemaak het. Die Griekwaleier Adam Kok het hom in 1826

hier met sy mense gevestig en is aangestel as 'n beskermer van die sendingstasie. Toe die Vrystaatse regering ingestem het om die grond vir £400 aan Brittanje te verkoop, het Kok en sy mense getrek en 500 kilometer na Griekwaland-Oos gemigreer.

3 Geleë aan die Klipspruit, 66 kilometer oos-noordoos van Winburg. Senekal is in 1875 op die plaas De Put uitgelê. Dit is genoem na Frederik Petrus Senekal (1815–1866). Sien hoofstuk 2, nota 1.

4 Geleë 67 kilometer suidoos van Senekal. Ficksburg is in 1867

gestig en is op die westelike oewer van die Caledonrivier geleë. Dit is genoem na kommandant-generaal Johan Izak Jacobus Fick, wat ’n prominente rol in die Basotho-oorloë gespeel het. Ficksburg is ’n deurgangspunt na Lesotho en is nou die grootste kersieproduserende streek in Suid-Afrika.

5 Op 13 Junie 1867 het die Volksraad geproklameer dat ’n dorp met die naam Lady Brand (genoem na die moeder van president Jan Brand, Catherina Frederica Brand) gestig sou word en dat 200 erwe

onderverdeel sou word vir onmiddellike bewoning. Ladybrand is op Mauershoek uitgelê, ’n plaas wat aan Jacob Mauer behoort het.

6 Die nedersetting is oorspronklik in 1907 op die plaas Smaldeel gestig en genoem na kolonel Helgard Theunissen, ’n kommandant van die plaaslike kommando en stigter van die dorp, asook sy eerste burgemeester.

7 In 1916 het Charles byvoorbeeld tien sakke saad geplant en 750 sakke mielies daaruit geoes. Die dorskoste vir 1916 het £10 10s beloop.

Sien ook Slot.

8 Christiaan Rudolf de Wet, *Three Years' War* (Johannesburg: Galago, 1986), p. 83.

9 Ibid.

10 Marthinus Theunis Steyn (1857–1916) was die sesde en laaste president van die onafhanklike Oranje-Vrystaat vanaf 1896 tot 1902. Steyn is op Winburg gebore, en ná sy studie aan Grey Kollege is hy na Nederland, waar hy regte gestudeer het aan die Leiden Universiteit. Hy is later na Engeland, waar hy aan die Inner Temple gestudeer het.

Hy is in November 1882 tot die Engelse balie toegelaat. Ná sy terugkeer na Suid-Afrika het hy 'n regspraktyk in Bloemfontein geopen, en in 1889 is hy as staatsekretaris van die Oranje-Vrystaat aangestel. In 1895 met die bedanking van staatspresident van die Oranje-Vrystaat F.W. Reitz was Steyn die kandidaat van die pan-Hollandse party, en die verkiesing het op 'n beslissende oorwinning uitgeloop.

11 Gebore in Graaff-Reinet in 1838; Stephanus Gerhardus Vilonel het in die Basotho-

oorloë geveg. Hy het in 1867 kommandant van die Winburg-kommando geword, en 'n Volksraadslid in 1876.

12 Generaal De Wet met 2 000 man het kaptein McWhinnie met 591 troepe in die heuwels by Mostertshoek wes van Wepener op 3 April 1900 aangeval. Die geveg het tot middernag geduur en die Boere was genoodsaak om hul aanval eers die volgende dag voort te sit. Teen 9.30 vm. het die Britte die wit vlag gehys.

13 Jammersberg is noordwes van Wepener geleë. Ná generaal De Wet se suksesse by

Sannaspos en Mostertshoek het hy die Oos-Vrystaat amper leeg aan Britse troepe gevind. Die enigste garnisoen was dié van luitenant-kolonel Dalgety by Wepener. Met sowat 5 500 man het De Wet op 9 April aangeval, maar kon nie daarin slaag om deur hul verdediging te breek nie. Dus het hy besluit om die Britse posisies te beleër. Nadat hulp vir die Britte opgedaag het, kon die beleg nie volgehou word nie.

14 Gestig in 1873; Thaba Nchu is sowat vier-en-sestig kilometer oos van Bloemfontein geleë. Dit staan in Sesotho as Thaba

Ntsho ("Swart Berg") bekend en was die vesting van die Rolong-stam wie se hoof, Moroka, 'n bondgenoot van die Voortrekkers was.

15 Gebore op Hopetown in 1862; Paul Roux is aan die Paarl Gimnasium en die Teologiese Seminarium op Stellenbosch opgelei. Hy is in 1889 as 'n Nederduitse Gereformeerde predikant toegelaat en het eers in Braamfontein in Johannesburg gedien en daarna op Vredefort in die Oranje-Vrystaat. Hy het in 1897 na Senekal verhuis, en het met die uitbreek van die

oorlog by die plaaslike kommando as veldprediker aangesluit. Hy is verkies as kommandant van die Senekal-kommando in April 1900 en as veggeneraal in Junie 1900. Op 19 Julie 1900 was hy genoodsaak om saam met generaal Prinsloo oor te gee. Omdat Roux op daardie stadium voorsitter van die krygsraad was, is hy vir Prinsloo se oorgawe geblameer. Hy is verban na Diyatalawa op Ceylon. Ná die oorlog het hy na Senekal teruggekeer, maar is in 1905 na die NG Kerk op Beaufort-

Wes beroep. Gedurende ’n sendingveldtog na Njassaland het hy slaapsiekte opgedoen. Hy het te siek geword om na Beaufort-Wes verskuif te word en is ná tien maande op 8 Junie 1911 in Njassaland oorlede. Hy is op Beaufort-Wes begrawe en ’n gedenkteken ter ere van hom is voor die saal van die NG Moederkerk opgerig.

HOOFSTUK 5: OPROEP TOT KOMMANDODIENS

1 Mosten Cleaver, ’n Engelsman, is op die plaas Zuuringkrans gebore. Sy ouers het ’n klein winkeltjie en ’n poskantoortjie

besit, waar perde vir die poskoets omgeruil is. Die winkel en poskantoor was die enigste plekke waar die mense hul wol en graan kon verkoop. Cleaver is na Engeland om hom as advokaat te bekwaam. Toe hy later na Suid-Afrika teruggekeer het, het hy aan Boerekant in die Anglo-Boereoorlog geveg. Hy is deur die Britte gevange geneem, maar het geweier om die eed van lojaliteit teenoor die Britse koningin af te lê. Hy is as krygsgevangene gedeporteer, en het as gevangene aan koors gesterf.

Die Cleaver-familie het ’n klein kerkie in Senekal tot sy gedagtenis opgerig, wes van waar die pastorie van die NG Kerk vandag staan.

2 Oorspronklik bekend as Rexford. In 1911 was die gemeenskap verdeeld oor die naam van die nuutgestigte dorp: een groep wou dit Du Plessisville doop na ’n gerespekteerde inwoner, terwyl ’n ander groep dit wou noem na dominee Paul Roux van die NG Kerk op Senekal (sien hoofstuk 4, nota 15). Omdat die gemeenskap geen kerk gehad het nie, het die

mense na die kerk op Senekal gegaan om te aanbid. Uiteindelik het "Paul Roux" die stryd gewen.

3 Die Magersfontein-slagveld is sowat dertig kilometer suid van Kimberley. Hier, tussen 9 en 12 Desember 1899, het een van die belangrikste veldslae van die Anglo-Boereoorlog plaasgevind. Die Boeremagte onder generaals Cronjé en De la Rey het 'n groot oorwinning behaal oor die Britse magte onder Lord Methuen. Methuen het van Oranjerivierstasie vertrek om Kimberley te probeer ontset. Ná gevegte by

Belmont en Graspan op die westelike spoorlyn het die Boeremagte die koppies aan die voet van die Magersfonteinheuwels beset, terwyl die Britte oor die vlakte suid van Magersfontein aangeval het.

4 Marquard, *Letters from a Boer Parsonage*, p. 53.

5 ’n Dorpie 35 kilometer suidoos van Philippolis.

6 Op 11 Februarie 1900 het generaal French se berede infanterie die Rietrivier oorgesteek en op 15 Februarie Kimberley ingeneem. Hierna het French ook Koedoesrand-

drif verower, en deelgeneem aan die nederlaag van die Boere in die Slag van Paardeberg (15–17 Februarie), wat op die oorgawe van die Boeremagte onder bevel van generaal Cronjé uitgeloop het.

7 Die vrou van die Oranje-Vrystaatse president Steyn.

8 Marquard, *Letters from a Boer Parsonage*, p. 58.

HOOFSTUK 6: NA DIE FRONT EN TERUG

1 Ná die Slag van Magersfontein op 10 en 11 Desember 1899 het president Steyn generaal De la Rey versoek om na die Modderrivier op te ruk om

generaal Cronjé by te staan. De la Rey het tevergeefs by Abrahamskraal probeer om lord Roberts se opmars na Bloemfontein te stuit.

2 De Wet, *Three Years' War*, p. 78–79.

3 Sowat halfpad tussen Winburg en Bloemfontein.

4 Die sogenaamde Nagmaalhuise wat die boere op die dorp gehad het vir verblyf wanneer hulle die Nagmaal bygewoon het.

5 Marquard, *Letters from a Boer Parsonage*, p. 73–79.

6 Gedurende die Anglo-Boereoorlog het die Britse

troepe bekend geword as die Kakies as gevolg van die kleur van hul uniforms.

7 Op hierdie stadium was Clocolan nog nie ’n geproklameerde dorp nie. Dit is wes van Prynn’s Berg geleë en in 1906 uitgelê op die plase Harold en Rienzi, en het in 1910 ’n munisipaliteit geword. Die naam is aan Sotho ontleen, en beteken “stamp en veg”. Murray Cosby Jackson, wat ’n lid was van een van die twee afdelings wat Boereplase in die omgewing gestroop het, meld in *A Soldier’s Diary: South*

*Africa 1899–1901* (Londen: Max Goschen, 1913), p. 193, "there was a store and a blacksmith's shop".

## HOOFSTUK 7: DIE ONTBERINGE VAN OORLOG

1 Geleë sowat twaalf kilometer noord van Wonderkop. Op Hammonia was 'n polisiestasie, 'n winkel en 'n poskantoortjie.

2 Van die woord "handsupper", wat gebruik is vir Boere wat óf oorgegee het óf by die Britte aangesluit het. Letterlik beteken dit iemand wat aan die vyand oorgee met sy hande in die lug.

3 Geleë suidoos van Senekal.

4 Marquard, *Letters from a Boer Parsonage*, p. 106–107.

5 John Daniel Kestell (1854–1941) was ’n predikant van die NG Kerk, ’n Bybelvertaler en ’n Afrikaner-kultuurleier. Hy is in Bloemfontein gebore, en het gestudeer aan die universiteite van Stellenbosch in Suid-Afrika en Utrecht in Nederland. Hy is in 1881 toegelaat as predikant van die NG Kerk. Die volgende jaar is hy na Kimberley beroep, en in 1894 na Harrismith in die Oranje-Vrystaat. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het hy die

Harrismith-kommando as veldprediker vir president Steyn en generaal Christiaan de Wet vergesel. Hy het tot die bitter einde in 1902 in die veld gebly. Kestell het sy oorlogservarings opgeteken in *Met de Boeren-commando's: Mijne Ervaringen als Veldprediker*, wat in 1903 in Amsterdam gepubliseer is. Die Engelse weergawe is *Through Shot and Flame – The Adventures and Experiences of J.D. Kestell, Chaplain to President Steyn and General Christiaan de Wet* (sien Inleiding, nota 5).

6 Geleë wes van Clocolan. Die berg het sy naam ontleen aan die Korannas (ook bekend as die Abatule) wat hulle in die vroeë 1800's op die plato gevestig het.

7 Geleë wes van Wonderkop.

8 Geleë sowat tien kilometer noord van Wonderkop in die rigting van Senekal.

9 Kestell, *Through Shot and Flame*, p. 164–168.

10 Ibid., p. 185–186.

HOOFSTUK 8: VLUG VOOR DIE BRITTE

1 Kestell, *Through Shot and Flame*, p. 177–178.

2 Reitz, *Commando*, p. 183.

3 Sien hoofstuk 13: Winburg-

konsentrasiekamp.

4 Albertus Daniel Keet is op 14 Oktober 1888 op Alice gebore en is op 12 Februarie 1972 op Senekal oorlede. Hy het met Neeltje Nulda Cornelia van der Poll in Nederland getrou.

5 Geleë twee kilometer noord van Wonderkop.

6 Ná haar dood is Truitjie Badenhorst in die kerkhoffie op Moria begrawe, wat een van die oorspronklike plase in die Wonderkop-gebied was.

7 Dierebene gebruik as osse in kinderspele; die naam is ontleen aan "dollen os", soos die Voortrekkerkinders die

enkelbeentjies van skape en bokke genoem het.

8 Die eerste man wat aan Boerekant tereggestel is vir die dra van ’n Britse uniform was ’n Hollander, Piet de Ruyt, wat in die Kaapkolonie tereggestel is. Vroeër het lord Kitchener opdrag gegee dat enige Boer wat kakie dra, deur ’n militêre hof verhoor moes word en indien skuldig bevind, op die plek geskiet moes word. De Ruyt was ’n voormalige lid van Danie Theron se Verkennerskorps wat in die Kaapkolonie saam met kommandant Ben Bouwer

se kommando onder generaal Jan Smuts geveg het. Hy is laat in September 1901 in Britse uniform gevang in 'n herberg op die plaas Chancery Hall, suid van Adelaide.

HOOFSTUK 9: GEVANGENE

1 Volgens die Britse krygsgevangene-rekords is Charles en sy vader op 29 Januarie 1902 by Wonderkop gevange geneem.

2 Ten tyde van die Anglo-Boereoorlog was Marquard nog net 'n plaas. Die dorp lê aan die Laaispruit, vyf-en-veertig kilometer suidwes van Senekal. Dis in 1905 uitgelê

op die plaas Varschfontein, en genoem na dominee J.J.T. Marquard, die NG predikant van Winburg.

3 Die plaas lê wes van Wonderkop.

4 Meneer Hauman het later sy arm verloor as gevolg van die wond.

5 “Tommy” was ’n algemene term vir ’n Britse soldaat.

6 Geleë suidwes van Ladybrand.

7 Captain Stratford St Leger, *Boer War Sketches: Mounted Infantry at War* (Alberton: Galago, 1986), p. 107, 110–112.

8 Gustav Schoeman Preller

(1875–1943) was ’n joernalis, historikus, skrywer en literêre kritikus wat vir die erkenning van Afrikaans geveg het. Hy het grootliks bygedra tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing deur sy navorsing en literatuur, en om Suid-Afrikaners bewus te maak van die erfenis van die Voortrekkers.

9 Gustav Preller, *Ons Parool: Dae Uit die Dagboek van ’n Krygsgevangene* (Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1938), p. 70.

10 Die SS *Aurania* is in Glasgow gebou deur die firma J & G

Thomson & Co. vir die Cunard Steam Ships Company en is in Desember 1882 te water gelaat. Die driemas-seilskip met ’n tonnemaat van 7 269 is aangedryf deur ’n enjin van 1 500 perdekrag, met ’n spoed van sestien knope. *Aurania* se nooiensvaart het op 23 Junie 1883 begin, na New York via Liverpool en Queenstown. Dit het gereeld tussen Liverpool en New York geseil, maar is tussen 1900 en 1902 vir Boereoorlog-vervoer gebruik. Die skip het sy laaste vaart in September 1904 voltooi en is

in 1905 in Genua, Italië, geskrap.

11 Volgens die skeepvaartnuus van die *London Times* van 4 April 1902 was daar 803 prisoniers aan boord.

12 J.A. du Toit, *Ter Gedachtenis Myner Gevangeneschap te Umballa Indië: Aantekeningen in Myn Dagboek*, 'n manuskrip in die Kaapse Argief, Kaapstad (aanwins 388C).

13 Ibid.

14 http://norwayheritage.com "Norway Heritage – Hands across the Sea", skeepsinskrywings vir SS

*Aurania*, Cunard Line.

15 Preller, *Ons Parool*, p. 88–89.

16 Die Hollandse onderwyser Simon Mantel.

17 Preller, *Ons Parool*, p. 101.

18 Daniel Jozua Viljoen (1863–1934) is in Februarie 1901 by Harrismith gevange geneem. Sy memoires is gepubliseer as "Die Kampbeskrywings van ds. D.J. Viljoen" in die *Christiaan de Wet Annale*, No. 9. (Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1997).

19 Viljoen, "Die Kampbeskrywings van ds. D.J. Viljoen", p. 101.

20 Jan Geldenhuys, uit *Oorlogsherrinneringe: Jan Geldenhuys*, 'n manuskrip in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein (aanwins 4502/2), p. 23.

21 Ibid.

22 Ibid.

HOOFSTUK 10: INDIË

1 Dietlof Siegfried van Warmelo, *Mijn commando en guerilla commando-leven* (Amsterdam: W. Versluys, 1901), p. 216.

2 Vyf bannelinge – Lourens Steytler, George Steytler, Willie Steyn, Piet Botha en 'n

Duitser genaamd Hausner – het daarin geslaag om uit te swem na 'n Russiese skip in die hawe van Colombo (Ceylon). Hulle het deur Rusland, Duitsland, Nederland en weer Duitsland gereis, en het uiteindelik in Walvisbaai geland. Van die gevangenes op die Bermuda-eilande het twee daarin geslaag om Europa te bereik aan boord van skepe wat hawens van Bermuda besoek het. Onder die bannelinge op Ceylon het twee Van Zyl-broers en 'n Duitser nie na Suid-Afrika teruggekeer nie, maar na Java gegaan.

3 *London Times*, 4 April 1902.

4 Viljoen, “Die Kampbeskrywings van ds. D.J. Viljoen”, p. 102.

5 Stephanus Francois Hugo is in September 1901 in die Klein-Maricorivier gevange geneem.

6 C. Venter (red.), *Die Dagboek van Krygsgevangene Stephanus Francois Hugo* (Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 2001), p. 112–113.

7 Du Toit, *Ter Gedachtenis Myner Gevangeneschap te Umballa Indië*.

8 ’n Dorp in die Noord-Vrystaat

aan die Wilgerivier, noordoos van Kroonstad.

9 eldenhuys, *Oorlogsherrinneringe*, p. 24.

10 Du Toit, Ter Gedachtenis Myner Gevangeneschap te Umballa Indië.

HOOFSTUK 11: UMBALLA EN SOLON

1 Uit ’n dokument in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.

2 eldenhuys, *Oorlogsherrinneringe*, p. 26.

3 u Toit, *Ter Gedachtenis Myner Gevangeneschap te Umballa Indië*.

4 .L. van Rooyen, *Ek was ’n*

*krygsgevangene in Indië in 1902* (Senekal: Model Drukkers, 1962), p. 19.

5 eldenhuys, *Oorlogsherrinneringe*, p. 29.

6 bid., p. 30.

7 bid., p. 25.

8 bid., p. 27. Ook vermeld in Venter (red.), *Die Dagboek van Krygsgevangene Stephanus Francois Hugo*, p. 31.

9 eldenhuys, *Oorlogsherrinneringe*, p. 26.

10 Viljoen, "Die Kampbeskrywings van ds. D.J. Viljoen", p. 118.

11 Ibid.

12 Geldenhuys, *Oorlogsherrinneringe*, p. 26.

13 Ibid., p. 35.

14 Ibid., p. 36.

15 Shimla (voorheen Simla) is die hoofstad van Himachal Pradesj, wat na sy ontdekking deur die Britte in 1819 bekend geword het. Tot op daardie tydstip was dit deel van die Nepalese koninkryk. In 1864 is Shimla tot die somerhoofstad van Indië verklaar. Ná onafhanklikheid het Shimla die hoofstad van die Pandjab geword, en dis later benoem as die hoofstad van Himachal Pradesj. In

1903 is ’n spoorlyn tussen Kalka en Shimla gebou.

16 Elria Wessels, “Die Boere-krygsgevangenekampe” (Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein).

17 Die twee was John Neethling Murray (1868–1931) en Charles Hugo Murray (1873–1953), seuns van die bekende dominee Andrew Murray (1828–1917) wat in 1860 predikant van die NG Kerk op Worcester geword het. Hy het as predikant van die NG Kerk op Wellington gedien van 1871 tot 1906. John Murray is

in Oktober 1901 op Elandsfontein gearresteer en op parool vrygelaat na sy ouers se huis op Wellington, maar hy is weer gearresteer weens 'n anti-Britse opmerking wat hy op 'n poskaart geskryf het. Hy is skuldig bevind en ter dood veroordeel, maar ná pleidooie van invloedryke mense is sy vonnis ter syde gestel en is hy na Indië verban.

18 Geldenhuys, *Oorlogsherrinneringe*, p. 34.

19 Cornelis Wessels was afkomstig van Bethlehem en Pieter Schabort en Danie de

Bruin van Brandfort, maar Van Biljon se woonplek in Suid-Afrika is onbekend.

20 Du Toit, *Ter Gedachtenis Myner Gevangeneschap te Umballa Indië*.

21 Geldenhuys, *Oorlogsherrinneringe*, p. 33–34

22 Ibid., p. 24, 26.

HOOFSTUK 12: VREDE EN REPATRIASIE

1 Geldenhuys, *Oorlogsherrinneringe*, p. 39.

2 olgens navorsing deur Elria Wessels van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein.

3 heuns en Bettie Wessels, by wie Charlotte en haar kinders gewoon het op die plaas Zoutfontein in die Ficksburg-distrik.

4 iljoen, “Die Kampbeskrywings van ds. D.J. Viljoen”, p. 110.

5 enter (red.), *Die Dagboek van Krygsgevangene Stephanus Francois Hugo*, p. 31.

6 it was eintlik heelwat langer, ongeveer September 1902.

7 ’n “Trippelaar-perd” is ’n “[h]orse that can trot with its fore legs while it canters with its hind”. William Charles Francis Molyneux, *Campaigning in South Africa*

*and Egypt* (Londen: Macmillan and Co. 1896), p. 44.

8 Ná die oorlog is van die Britse soldate wat agtergebly het aangestel as polisiemanne op Hibernia. Daar was ook 'n winkeltjie.

HOOFSTUK 13: WINBURG-KONSENTRASIEKAMP

1 Marquard, *Letters from a Boer Parsonage*, p. 118–124.

2 Uit http://www.lib.uct.ac.za, "British Concentration Camps of the South African War – Winburg", p. 4.

3 Ibid.

4 Uit http://www.qdg.org.uk, "Lt

Colonel J E Dewar – The Queen's Bays (2nd Dragoon Guards) South Africa 6th December 1901 to 31st May 1902".

HOOFSTUK 14: HEROPBOU VAN WONDERKOP

1 Rudolph Johannes Raath, "Die oorlogsherinneringe van Rudolph Johannes Raath" in *Christiaan de Wet Annale*, No. 9 (Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1997), p. 54.

2 Sowat twintig kilometer wes van Ficksburg.

# Gekeurde bibliografie


## PRIMÊRE BRONNE

### *Manuskripte*

Oorlogsherinneringe van Charles du Preez. Private eiendom van Charles du Preez (junior), Bloemfontein

Oorlogsherinneringe van Charlotte du Preez. Private eiendom van Helgard du Preez, Groenvley, Vrystaat

*Die Geskiedenis van Wonderkop*, saamgestel deur Helgard du Preez. Private eiendom van Helgard du Preez, Groenvley, Vrystaat

***Kaapstadse Argiefbewaarplek***

388C *Ter Gedachtenis Myner Gevangeneschap te Umballa Indië. Aantekeningen in myn Dagboek* deur J.A. du Toit

***Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein***

4789/11 Brief van Charles du Preez aan sy moeder uit Solon, Indië, 12 Julie 1902

4789/12 Brief van Philip du Preez

aan sy vrou uit Solon, Indië, 8 Julie 1902

4502/2 Oorlogsherinneringe van Jan Geldenhuys

4789/3 Dagboek van C.C. von Maltitz

***Opname***

Mondelingse bandopname met mnr. Charles du Preez, *circa* 1965. Die oorspronklike in privaat besit van me. Estelle Lombaard, Bloemfontein

**SEKONDÊRE BRONNE**

***Boeke***

Bosch, J.A. *Ladybrand 1867–1967*. Ladybrand: Ladybrandse Stadsraad, 1967

Breytenbach, J.H. *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899–1902*. Pretoria: Staatsdrukkers, 1996

Coetzer, Owen. *Fire in the Sky: the Destruction of the Orange Free State 1899–1902*. Weltevredenpark, Suid-Afrika: Covos-Day Books, 2000

De Wet, Christiaan Rudolf. *Three Years' War*. Johannesburg: Galago, 1986

Du Preez, J.W. *Du Preez Gedenkboek*. Johannesburg: J.W. du Preez, 1962

Grobler, M.J. *Met die Vrystaters onder die Wapen: Generaal Prinsloo en die Bethlehem-*

*Kommando*. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1937

Groenewald, Coen. *Bannelinge oor die Oseaan: Boerekrygsgevangenes 1899–1902*. Pretoria: J.P. van der Walt, 1992

Hammonia Boerevereniging. *Hammonia Boerevereniging 50 Jaar*. Hammonia, 1998

Hopkins, Henry Charles. *Maar Één Soos Hy: Die Lewe van Kommandant C.A. van Niekerk*. Kaapstad: Tafelberg, 1963

Jackson, Murray Cosby. *A Soldier's Diary: South Africa, 1899–1901*. Londen: Max Goschen Ltd, 1913

Kestell, John Daniel. *Met de Boeren-commando's: Mijne Ervaringen als Veldprediker*. Amsterdam: Höveker & Wormser, 1902

——. *Through Shot and Flame: The Adventures and Experiences of J.D. Kestell, Chaplain to President Steyn and General Christiaan de Wet*. Londen: Methuen, 1903

Kritzinger, Pieter Hendrik. Vert. J.A.J. McDonald en R.D. McDonald. *In die Skaduwee van die Dood*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1939

Ladybrand Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Jubelfees*

*van die Gemeente Ladybrand, 1920–1970*. Ladybrand, 1970

Le Riche, P.J. *Memoirs of General Ben Bouwer*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1980

Marais, Pets. *Penkoppe van die Tweede Vryheidsoorlog 1899–1902*. Pretoria: J.P. van der Walt, 1993

Marquard, Leo (red.). *Letters from a Boer Parsonage: Letters of Margaret Marquard during the Boer War*. Kaapstad: Purnell, 1967

Molyneux, William Charles Francis. *Campaigning in South Africa and Egypt*. Londen:

Macmillan and Co. Ltd, 1896

Nattrass, G., en S.B. Spies (reds.). *Jan Smuts: Memoirs of the Boer War*. Johannesburg: Jonathan Ball, 1999

Oberholster, J.J., en J. Stemmet. *Senekal se Eerste Honderd Jaar*. Senekal: Stadsraad, 1977

Pakenham, Thomas. *The Boer War*. New York: Avon Books, 1979

"Paula". *Donkere Wolken*. Potchefstroom: Het Westen, 1912

Preller, Gustav Schoeman. *Ons Parool: Dae Uit die Dagboek van 'n Krygsgevangene*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1938

Raath, A.W.G. (red.).

"Ahmednagarfort, Indië: Herinneringe en Dagboeke". *Christiaan de Wet Annale*, No. 9. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1997

Raath, Rudolph Johannes. "Die oorlogsherinneringe van Rudolph Johannes Raath". *Christiaan de Wet Annale*, No. 9. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1997

Reitz, Deneys. *Commando: A Boer Journal of the Boer War*. Londen: Faber & Faber Limited, 1929

Schikkerling, Roland William. *Commando Courageous: A*

*Boer's Diary*. Johannesburg: Keartland, 1964
St Leger, kapt. Stratford. *Boer War Sketches: Mounted Infantry at War*. Alberton: Galago, 1986
Steyn, J.C. *Veg en Vlug: Manne en Vroue Vertel Hul Ware Verhale Uit die Anglo-Boereoorlog*. Kaapstad: Tafelberg, 1999
Van Rooyen, H.L. *Ek was 'n Krygsgevangene in Indië in 1902*. Senekal: Model Drukkers, 1962
Van Warmelo, Dietlof. *Mijn commando en guerrilla commando-leven*. Amsterdam: W. Versluys, 1901
Venter, C. (red.). *Die Dagboek van*

*Krygsgevangene Stephanus Francois Hugo*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 2001

Wessels, Elria. "The Boer Prisoner of War Camps" (manuskrip). Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke

Viljoen, Daniel Jozua. "Die Kampbeskrywings van ds. D.J. Viljoen". *Christiaan de Wet Annale*, No. 9. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1997

***Webwerwe***

http://ancestry24.com ("Ancestry", "Family Tree" en "Genealogy

Records in South Africa")
http://angloboerwar.com ("Anglo Boer War")
http://www.histarmar.com.ar/ (Historia y Arqueologia Marítima)
http://www.lib.act.ac.za.mss ("British Concentration Camps of the South African War – Winburg")
http://norwayheritage.com (Norway Heritage – "Hands across the Sea")
http://www.qdg.org.uk/diaries.php?dy=33 ("Lt Colonel J E Dewar - The Queen's Bays (2nd Dragoon Guards) South Africa 6th December 1901 to 31st May

1902")

*Nuusblaaie en tydskrifte*

"From our correspondent", *Cape Times*. Suid-Afrika, 1888

"Shipping Lists", *London Times*. Verenigde Koninkryk, 4 April 1902

*Foto's*

Met vergunning van:

Oorlogsmuseum van die Boererepublieke

Skrywer se persoonlike versameling

Private versameling van mnr. Helgard du Preez

Historia y Arqueologia Marítima-

webwerf: http://www.histarmar.com.ar

Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria



Charles Kingsley Hopkins (1823–1889), Charles du Preez se oupa aan moederskant, wat in 1842 van Dulwich, Engeland, na Suid-Afrika geëmigreer het



Johanna "Hannie" Gertruida Margaretha Elizabeth Hopkins (1829–1883), vrou van Charles Hopkins, en oorspronklik van Heidelberg in die Wes-Kaap afkomstig



Philippus Anthonie du Preez (1814–1900) en sy vrou, Salomina Magdalena Christoffelina (1823–1886), Charles se grootouers aan vaderskant



Charles se moeder, Charlotte Aletta Ann Hopkins (regs), en haar jonger suster, Emileen, *circa* 1885



Philippus Anthonie du Preez (1844–1918) en sy tweede vrou, Charlotte, in hul troudrag, 1888. Die paartjie moes 'n paar maande na hul troue na Johannesburg reis om hierdie foto te laat neem, aangesien daar geen fotograwe naby Heidelberg was nie



Die titelakte van die plaas Wonderkop, gedateer 1875



Uit Oberholster en Stemmet, *Senekal, 1877–1977* (1977)

Senekal in 1891, die dorp waar die Du Preez-gesin die meeste van hul aankope gedoen het. Op die voorgrond is die ou pastorie met die Engelse kerkie reg daarvoor

Uit Oberholster en Stemmet, *Senekal, 1877–1977* (1977)





Die Senekal Hotel, laat-negentiende eeu

Uit Oberholster en Stemmet, *Senekal, 1877–1977* (1977)




G. Sennett se ou winkel op die hoek van Van Riebeeck- en Bergstraat, Senekal



Uit Leo Marquard (red.), *Letters from a Boer Parsonage* (1967)

Die aankoms van die eerste trein op Winburg-stasie, 1898. Baie Boere, insluitende Philip du Preez, het hiervandaan na die oorlogsfront vertrek



Met vergunning van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria


Die Winburg-kommando *circa* 1899, met wie Philip du Preez en sy twee broers gedurende die Anglo-Boereoorlog gedien het



Hierdie foto is geneem by die huis van 'n familievriend in Winburg ten tyde van Charlotte en haar drie kinders se verblyf in die konsentrasiekamp. Hulle moes spesiaal toestemming van die kampowerhede kry vir die besoek. Aan tafel sit Hannie (heel links), vrou van Charles se oom 'Vaal Jan' du Preez; Charlotte (heel regs), en Charles se broer Lodie (op die stoel). Sy susters Nellie en Ruby Edna sit voor op die grond. Die name van die ander persone is onbekend

Lodie du Preez en Anna, dogter van Hannie en Vaal Jan, afgeneem in 1901. Albei is in September 1901 saam met hul moeders deur die Britte gevange geneem en na die Winburg konsentrasiekamp gestuur, waar Anna tragies aan maagkoors oorlede is – toe nog nie eens twee jaar oud nie





Uit Historia y Arqueologia Maritima, http://www.histarmar.com.ar/

Die SS *Aurania*, die skip wat Charles en Philip du Preez na Indië vervoer het



Met vergunning van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein

'n Boerehut in die Umballa-krygsgevangenekamp. Agter sit Jan Geldenhuys, met Ernst van Biljon (links) en Jan se skoonvader, Abraham Preller, op die beddens



Die groep vriende van die Solon-krygsgevangenekamp wat majoor Dyer, die man wat aan Philip en Charles die geld geleen het om terug te keer huis toe, gereeld besoek het. In die agterste ry, van links na regs: Willem Willemse (van Ficksburg), Van Biljon, Hattingh, Cornelis Wessels (van Bethlehem), Danie de Bruin (van Brandfort) en Philip du Preez (Charles se vader). Voorste ry: Onbekend, Pieter Schabort (van Brandfort) en die tienjarige Charles du Preez



Uit "Padie", *Donkere Wolken* (1912)

Boerseuns as krygsgevangenes in 'n kamp in Indië, *circa* 1901/1902




Solon
12/7/1902
liefe mama ik neem mij pen om zag u een korte brief te schrijf het gaat nog goed met mij en pa en al die bekende mij ... is ook hier ik het een brief van ... gekrij dat het nog goed met haar gaan het nog niet ... in die ... en die ...
ons is ... in die ...

Charles se briefie aan sy moeder uit Solon, 12 Julie 1902



Philip du Preez se brief aan sy vrou uit Solon, 8 Julie 1902



Die dagboek wat Charlotte du Preez gedurende die oorlog gehou het



Die plaas Suid-Wonderkop gesien vanaf die Wonderkopberg.
Op die horison is die nek waar 'n groep Boere die Kakies wat Charles en Philip as gevangenes na Marquard begelei het, in 'n hinderlaag gelei het.



Die berg gesien van agter die plaashuis (in 'n suidelike rigting), met die kloof wat lei na die grot waar Charles en sy vader, Philip, vir die Britte weggekruip het. Die grot lê links agter die linkerkantse kop, in lyn met die klipband



Die grot waarin Charles en Philip geskuil het, soos dit vandag lyk. Die klipmuur was reeds gedurende die oorlog daar, met 'n onbelemmerde uitsig in die kloof af



Die oorblyfsels van die "kombuis" aan die agterkant van die grot, waar hulle hul kos gekook het. Die gat het deur die jare opgevul



Die lae klipmuur van waar mnr. Siebert, wat saam met Charles en sy vader geskuil het, op die Kakies gevuur het en waar hy gevange geneem is



Die ou plaasdam, waarin die gesin gedurende die oorlog hul breekware weggesteek en hul vuurwapens gegooi het



Die blikkantien wat Philip in die krygsgevangenekampe in Indië gebruik het



Die bandelier wat Pieter du Preez, Philip se jonger broer, gedurende die oorlog gedra het



Die botterkarring en -spane wat die Du Preez-gesin gedurende en ná die oorlog gebruik het



Die ou sandsteen-buitegebou (bekend as die "Waenhuis"), waar Charles se oupa, Philippus Anthonie, sy laaste jare in sy kamer aan die agterkant deurgebring het. Die gesin se koring en wol is ook hier geberg. Na die oorlog het Nellie vir haar jonger broer Helgard en die bywoners se kinders in die gebou skoolgehou



Die Du Preez-gesin in 1912. Voor in die middel sit Philip en Charlotte du Preez, met Sidney Puth (links), 'n kleinseun uit Philip se eerste huwelik. Agter staan (van links na regs) Charles, Nellie, Lottie, Ruby Edna en Lodie, met Helgard voor



Nellie op haar een-en-twintigste verjaardag in 1917



Ruby Edna in haar vroeë twintigerjare



Charles in sy twintigerjare



Charles en Alida du Preez
(née Von Maltitz) op hul troudag in 1925



Die ou plaashuis op Wonderkop, *circa* 1930.
Die klein kamertjie aan die linkerkant van die huis is gedurende die 1920's aangebou



*Hammonia Boerevereniging 50 Jaar (1998)*

Die Hammonia Poloklub met die trofeë wat hulle gedurende die Vrystaatse streekstoernooie van 1937/1938 gewen het. Charles du Preez, wie se belangstelling in die sport in koloniale Indië begin het, sit derde van regs in die middelste ry, en sy jonger broer Helgard staan agter in die middel



Die ou plaashuis van The Willows in 1949, waar Charles van 1925 tot met sy dood in 1970 geboer het

Uitgegee deur Zebra Press,
’n drukkersmerk van Random House Struik
Maatskappy reg.nr. 1966/003153/07
McKenziestraat 80, Kaapstad, 8001
Posbus 1144, Kaapstad, 8000, Suid-Afrika

www.zebrapress.co.za

Eerste druk 2010

Publikasie © Zebra Press 2010

Teks © Chris Schoeman 2010

Cover photograph © Du Preez-familie

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer, in ’n ontsluitingstelsel

bewaar of weergegee word in enige vorm of op enige manier, hetsy elektronies, meganies, deur fotokopiëring, die maak van opnames of andersins, sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

UITGEWER: Marlene Fryer
BESTURENDE REDAKTEUR: Robert Plummer
REDAKTEUR: Suzette Kotze-Myburgh
PROEFLESER: Annelene van der Merwe
OMSLAGONTWERP: Monique Oberholzer

ISBN 978 1 77022 143 7 (PRINT)
ISBN 978 1 77022 118 5 (EPUB)
ISBN 978 1 77022 119 2 (PDF)

Meer as 50 000 oorspronklike Afrika-foto's te koop
by ons beeldbank op www.imagesofafrica.co.za

# BOER-SEUN

Memoires van 'n Anglo-Boereoorlogseun



CHRIS SCHOEMAN